# KULTUURSKATTE UIT DIE VOORTREKKER TYDPERK



G. H. VAN ROOIJEN.

DEEL II.

Die bladsy is skoon.

# Voorskrif

Die boek was in ’n baie slegte toestand toe ek dit gekry het.
Ek is nie seker in watter jaar die boek verskyn het nie ook nie wie die uitgewers was nie.
Ek glo dat dit elke Afrikaner se reg is om die werke, wat te doen het met sy herkoms en sy geskiedenis, vrylik te kan bekom en dat dit nie vir eie gewin gebruik moet word nie.
Daarom dan het ek besluit om die boek op die Internet te versprei vir diegene wat daarin belangstel.

Skandeerder en verwerker: C. Du Plessis

Die bladsy is skoon.

# KULTUURSKATTE UIT DIE VOORTREKKER TYDPERK



G.H. VAN ROOIJEN

**DEEL II**

Die bladsy is skoon.

## HOOFSTUK I

## KOMBUISGEREEDSKAP


'n Baie interessante versameling in die Voortrekker - museum, hoewel onvolledig, is die kombuisgereedskap soos deur die Voortrekkers gebruik. Bygaande foto met, die beskrywings wat hier volg, gee 'n duidelike begrip van die kombuisgereedskap van daardie dae.

Heel links op die foto is daar 'n stampblok met stamper te sien. Hierdie stuk gereedskap het 'n mens aangetref in byna elke Voortrekkerhuis. In die stampblokke is mielies, hawer, gars, ens. gestamp vir kookdoeleindes. Gestampte mielies was 'n baie gewilde kos van die Voortrekkers en die kinders veral, het saans koue gestampte mielies met karringmelk besonder geniet.

'n Stampblok is as volgemaak: Eers is 'n boom in een of ander bos afgekap en dan die gewenste lengte vir 'n stampblok afgesaag. Soos opgemerk sal word, het die blok onder 'n voet en 'n weinig hoër op vorm dit 'n dun nek. Om dit hier dunner te maak, is dit so gekap en afgewerk met 'n handbyl. Om die gat bo te maak, is eers met 'n passer 'n sirkel beskryf en al in die binnekant van die sirkel is gate met 'n lipboor skuins na binnekant geboor tot op die vereiste diepte. Die binneste stuk hout is dan met 'n beitel verwyder en die gat mooi uitgehol en gelyk gemaak met behulp van 'n skraapmes - 'n ronde mes van 'n stuk yster gemaak en van twee handvatsels voorsien (kyk tekening). Met hierdie skraapmes is die gat pragtig uitgehol. Stampblokke is meestal vervaardig van kiepersol of van wildevyebos. Altwee hierdie houtsoorte is sag en is

maklik om te bewerk. Om te verhoed dat die stampblokke oopbars, is bo-om en gewoonlik ook om die middel hoepelbande netjies vasgeklink. Die stamper is met behulp van 'n handbyl gemaak en mooi afgewerk met 'n snymes.

In verband met die stampblok is dit ook van belang om te weet dat stampblokke reeds in Kaapland en wel in die Westelike en Oostelike Provinsie bekend was nog voor die Groot Trek.[1]



*Kombuisgereedskap.*
[Voortrekkermuseum, P.M. Burg.]

[1] *Voortrekker argiefstukke 1829-1849 ad R7/34.*

Heel voor links is 'n silindriese voorwerp wat op vier pote staan en voorsien is van 'n besonder lang handvatsel. Dit is 'n tipies outydse koffiebrander wat van yster gemaak is. Stowe, soos ons hulle vandag ken, was in die dae onbekend en 'n plan moes gemaak word om die pitte van die boer se drank te brand.

Aan die silinder is 'n klein skuifdeur. Die word oopgeskuif, die pitte binne-in gegooi en dan weer toegeskuif. 'n Vuur word nou onder die koffiebrander aangesteek en met behulp van die lang handvatsel, wat vêr van die vuur weg is, word die silinder stadig gedraai totdat die pitte mooi gebrand is. Die ou mense beweer dat koffie wat in 'n koffiebrander gebrand is, baie lekkerder is as ons hedendaagse koffie.

Nadat die koffiepitte gebrand was, is hulle op 'n plat klip met behulp van 'n langwerpige ronde klip gemaal - presies net soos die Zoeloes hulle mielies en kafferkoring vandag nog maal. Hierdie manier van maal was jare lank onder sommige Trekkers die enigste erkende en goedkoopste metode. Die maalklip of stampblok is gebruik vir die maal van koffie, koring of mieliekoffie.


Om uit te drink, het die ou mense gebruik gemaak van ronde erdekommetjies van verskeie groottes. By gebrek aan erdekommetjies het die Trigardt- geselskap gedurende hul verblyf in die Soutpansberge horingbekers gemaak en daarmee goed oor die weg gekom. Koppies en pierings soos ons hulle vandag ken, was in die dae baie skaars en Trekkers wat dit saamgeneem het, het dit gebêre tot hulle eendag weer 'n woonhuis had. Terwyl ons vandag die uitdrukking " 'n koppie koffie" besig, het hulle gepraat van 'n "dronkie" koffie.

Die koffie is gemaak in outydse koper koffiekanne. Hieroor later meer.

Net bokant die koffiebrander en regs van die stampblok is 'n baie seldsame voorwerp te sien, naamlik 'n outydse botterbak met 'n klein spaantjie daarnaas. In hierdie botterbakke is die botter gewas, nadat dit gekarring was. Botterbakke was meestal gemaak van wildevye hout.

Eers is die houtstomp in die gewenste breedte en lengte gesaag en daarna buitekant afgerond met behulp van 'n dissel. Die hol kant is geboor en die houtstukke met 'n beitel verwyder. Deur middel van die skraapmes is die bak verder aan die binnekant pragtig afgewerk. Die bak is so uitgekap dat dit voorsien is van 'n handvatsel om dit mee op te lig en 'n tuit om die water makliker te laat uitloop. Al die botterbakke was nie ewe  root nie. Sommige was min of meer rond en ander weer meer langwerpig.

Voordat die botter in die botterkuip gewas word, word die spaan en die kuip oornag in die water geplaas.



*Skraapmes*

Word hierdie voorsorg maatreël nie geneem nie, het die botter gepla om vas te kleef aan die hout en dit was besonder lastig vir 'n presiese boerevrou.

Regs van die strykyster in die middelste ry is 'n ronde driebeen. In die geval van hierdie driebeen is 'n gedeelte van elke been na binne toe afgebuig of omgeklink vir die kastrol of pot om op te rus. Onder die driebeen is vuur

gemaak en die kos heerlik daarop gekook. 'n Ander vorm van driebeen, wat algemeen in gebruik was, is die bekende driehoekige driebeen, wat ons nou nog dikwels sien. Die potte wat die meeste deur die Voortrekkers gebruik is, was die ronde driebeen ysterpotte.

Op trek het die kokery buite plaasgevind en om die kos op te kook, het hulle gebruik gemaak van drie bene of selfs klippe waarop die ketel of pot maklik kon staan. Om die kos in of op gaar te maak, het hulle gebruik gemaak van driebeenpanne, ysterpotte en ook roosters. Die ketel, gewoonlik van koper gemaak, is gebruik om water in te kook. Van die tog oor die Drakensberge vertel 'n ou Voortrekker as volg: "Hier en daar word op geskikte skaduryke plekke, waar water te vinde is, gerus en geeet, 'n ketel gekook en 'n stukkie vleis gebraai of 'n roosterkoekie gebak."

Vleis was natuurlik volop. Retief skryf o.a. as volg: "Die laer is omring deur duisende van alle soorte wild en ongedierte, soos leeus, wolwe, blesbokke, springbokke, ens." Wanneer hulle vleis nodig had, het hulle eenvoudig die veld ingery en 'n paar bokke geskiet. Mielies, kafferkoring, pampoene, aartappels, boontjies, ens. was volop toe die Voortrekkers eers 'n meer bestendige lewe op hul plase gevoer het.

Toe die Voortrekkers eers gevestig was en in huise gewoon het, het hulle groot vuurherde in hulle kombuise gebou. 'n Vuurherd is 'n langwerpige verhoog met 'n baie groot skoorsteen om al die rook op te vang. Die verhoog is onder die skoorsteen gemessel. Op die verhoog is vuur gemaak en die potte het op 'n vierbeen met skuifbare yster ribbetjies gestaan. Die vierbeen het bo twee lang, ewewydige ysters gehad en die punte was weer vasgeklink met twee korter ysters. In die dwarste van die twee lang, plat ysters, is plat skuifbare ysters vasgeheg en hierdie ysters, waarop die potte gestaan het, het die ou mense "ribbetjies" genoem. Op die vuurherd is die vuur gemaak en hier kon kos maklik gekook word.

In die meeste vuurherde was bokant 'n sterk balk ingemessel. Voor in die foto sien ons ook 'n lang yster met 'n ketting en 'n haak daaraan. Die haak wat aan hierdie ketting is, het mooi oor die balk gepas en aan die haak van die langwerpige yster is die hingsel van die driebeenpot gehang. Wanneer die ou mense kos gekook het, het hulle altyd gepraat van "kos oorhang", en daarmee het hulle bedoel dat hulle die potte aan die ysters ophang, sodat hulle oor die vuur is.

## HOOFSTUK II

## KOMBUISGEREEDSKAP

(Vervolg.)

Heeltemal regs voor op die foto wat by die vorige hoofstuk verskyn het, is 'n outydse driebeenpan (en ook 'n drievoet pan genoem met deksel. In hierdie panne het die ou mense vleis en wors gaargemaak. Eers is 'n vuur gemaak, en sodra daar genoeg kole was, is die pan met die vleis daar oor geplaas en met die deksel toegemaak. Om die pan maklik op te tel, is daar aan weerskante 'n ysterhandvatsel. Op die foto is die handvatsel baie duidelik te sien.

Om brood in die veld of op trek te bak, het die Voortrekkers gebruik gemaak van 'n broodpot. Net soos die driebeenpan was dit ook voorsien van drie bene en die boom van die pot was plat. Bo-oor was 'n plat deksel en verder was die pot voorsien van twee handvatsels.


Om die brood te bak, is as volg te werk gegaan: Eers is 'n groot vuur gemaak en sodra daar genoeg kole was, is die nog brandende houtstompe verwyder en die kole mooi gelyk gekrap. Die broodpot met die deeg word op die kole geplaas en op die deksel word ook brandende miskoeke of kole geplaas.

Gedurig is vars kole onder die pot ingekrap. Die broodpot is van onder en van bo verhit en na 'n bepaalde tyd was die brood gaar gebak. Daar is mense wat met alle vrymoedigheid beweer dat die sg. potbrood lekkerder en geuriger is as die wat in oonde gebak word.

Behalwe potbrode het die Voortrekkervrou ook oondbrode gebak. In die streke waar daar baie miershope

aangetref word, is 'n groot miershoop uitgehol en binne-in 'n groot vuur gemaak. Wanneer die grond "wit" word, is die oond warm genoeg om te bak. Die kole word uitgekrap, en die broodpanne word ingesteek en na 'n tyd is die brode gebak.

In later jare toe die Voortrekkers gevestig was het hulle weer bakoonde gebou soos voorheen in die Kolonie. Die steen bakoonde het hulle op die werf gebou of langs die vuurherd in die kombuis. In laasgenoemde geval was die opening of bek van die oond in die kombuis. Van buite beskou, vertoon die bakoond half silindervormig.



*Bakoond van klip of steen gemaak en met modder oorgepleister.*

Behalwe die bek had elke bakoond agter 'n klein opening om die lugstroom te laat deurtrek. In die middel van die bakoond word 'n groot vuur gemaak en die lugstroom laat die vuur maklik brand. Sodra die oond warm is, word

die kole en as deur middel van 'n yster skraper uitgekrap, en in die opening agter in die oond word 'n steen van buite ingestoot en met kraalmis toe gepleister. Om vas te stel of die oond warm genoeg is, word die hand daarin gehou. Kan die hand ingehou word tot tien (stadig) getel is, is die oond warm genoeg. Is dit te warm, word groen bossies in die oond geplaas om dit af te koel. Enige groen bossie was goed vir die doel, maar in my jeugland (Natal) het hulle meestal gebruik gemaak van 'n bossie bekend as Van Rooyens bossie.

Is die oond warm genoeg, word die plate met brode ingesteek, die bek met 'n ysterplaat toegemaak en met, kraalmis toegepleister. Na twee uur word die plaat verwyder en is die brode uitgehaal. (Die ysterplaat van die bakoond is later vervang deur ysterdeure met skarniere aan).

Vir beskuit bak moes die oond nie so warm wees nie, omdat beskuit kleiner is as brode. Sodra die beskuit gebak is, word dit in twee stukke gebreek en weer dadelik in dieselfde verhitte oond geplaas om dit te droog. Dit bly in die oond tot die volgende more, wanneer dit dan goed uitgedroog is.

Insake die bou van die bakoond is die volgende wetenswaardig. Om die boogvormige dak te bou, word die kante en sye van die bakoond tot op 'n sekere hoogte loodreg gebou en dan word die ruimte met sand gevul. Bo word die sand gelyk en boogvormig gekrap en dan word die stene daaroor gemessel. Die sand is stewig en sak nie in nie. Sodra die messelwerk droog is, word die sand by die bek van die bakoond uitgekrap en die oond is gereed vir gebruik.

Baie interessant in verband met die knie van deeg vir die bak van brode is die gebruik van die bakvel. Skottels soos ons hulle vandag ken, was in daardie dae onbekend en die deeg moes êrens in geknie word. Vir hierdie doel het hulle gebruik gemaak van 'n bakvel. Die vel van 'n jong kalf word oopgespan en sodra dit droog is, word die vleiskant pragtig skoongemaak en al die

vliesies verwyder. Dit word ovaalvormig gesny en is dan gereed vir gebruik. Die deeg vir die baksel word eers in 'n kommetjie of balie aangemaak en dan word dit op die bakvel geplaas en goed deurgeknie. In plaas van 'n bakvel het baie Trekkers ook gebruik gemaak van 'n eiegemaakte bakkie van planke gemaak.

Heeltemal regs bo in die foto is 'n tipiese hout water vaatjie, soos deur die Voortrekkers gebruik. Emmers, soos die van vandag, was onbekend en gevolglik het ons voorouers hul toevlug geneem tot hout vaatjies. Die rande van die vaatjies is versterk deur middel van hoepelbande en aan die hoepelbande is twee krammetjies vasgeklink vir die handvatsel. Reg onder die handvatsel is 'n gat gemaak om die water in te gooi. Wanneer die water van die skepplek na die huis vervoer word, is die gat toegemaak met 'n houtprop.

Op trek het die hout watervaatjie aan 'n haak aan die onder leerboom gehang. Omdat die opening van 'n prop voorsien was, kon water altyd met veiligheid saamgeneem word, en was daar geen gevaar dat die water verlore sou gaan nie. In die vaatjie het die water ook koud gebly, al was die reis vermoeiend en die weer warm.

'n Ander soort vaatjie, wat egter op sy boom gestaan het en bo oop was, is deur die ou mense gebruik om saans hul voete in te was. Dit was bekend as 'n balie. Om saans voete te was, was 'n algemene gebruik. Na ete word die balie met water in die eetkamer gebring en, dan beginnende by die oudste, word almal se voete gewas. Om graan mee af te meet, is by gebrek aan skale, ook gebruik gemaak van 'n balie. Gelyk vol het so 'n balie 'n skepel bevat en vier skepels is 'n mud. Die Voortrekker museum besit een wat van die Uys trek afkomstig is.

Die volgende voorwerp waaroor ons 'n paar woordjies wil sê en waarvan 'n afsonderlike illustrasie verskyn, is

'n vleiskapper. Dis eintlik 'n wors/vleiskapper. In die dae was vleismeulens, soos ons hulle vandag ken, onbekend. Met behulp van 'n vleiskapper is die vleis in klein stukkies op 'n houtblok gekap. Dat dit baie tyd in beslag geneem het om 'n stuk vleis op te kap, spreek vanself.



*Vleiskapper.*
[ Voortrekkermuseum, P.M. Burg.]

Die vleiskapper bestaan uit twee ewewydige, boog vormige, plat ysters wat aanmekaar verbind is met twee boutjies. Tussen die twee boë en vasgeheg aan die twee boutjies, is twee regopstaande hout handvatsels. Onder is die boë skerp. Wanneer 'n stuk vleis gekap moes word, is in elke hand 'n handvatsel geneem en die vleis in stukkies gekap.

Nadat die wors/vleis in klein stukkies gekap was, het die groot werk gekom om die derms met behulp van 'n worsstopper vol te stop. Die worsstopper het bestaan uit die dun gedeelte van 'n bees horingdop van ongeveer vier tot vyf duim lank. Die derm word oor die worsstopper getrek, die stopper met die fyn stukkies vleis gevul en dan met die duim in die derm ingedruk. Om wors te maak, was 'n tydsame werk. maar die ou mense het altyd gesê


dat hierdie wors baie lekkerder is as die wors gemaak van gemaalde vleis.



*Worsstopper soos deur Voortrekkers gebruik.*

Op die groot foto is daar nog een voorwerp waaroor 'n paar woordjies gesê moet word, nl. die ouderwetse strykyster wat regs langs die botterbak te sien is. Hierdie ou strykyster is 'n groot, lomp affêre. Bo is die handvatsel wat vas is aan 'n plat deksel en onder is die plat yster waarmee gestryk is. Tussen die deksel en die plat yster onder is 'n bak met gaatjies of openings. In hierdie bak is 'n klomp brandende houtkole gegooi en na 'n kort tydjie was die strykyster warm en is daarmee gestryk. Sodra die kole dood was en die yster te koud om mee te stryk, is die dooie kole uitgegooi en weer vars kole ingegooi. Weens gebrek aan stowe en selfs sinkplate kon die ou mense nie anders nie en met hierdie ou strykysters het hulle goed oor die weg gekom.


'n Ander stuk kombuisgereedskap wat deur die Voortrekkers self gemaak is en waaroor 'n paar besonderhede meegedeel moet word, is die ou botterkarring of stamp vaatjie. Bygaande tekening sal ons in staat stel om die karring maklik te begryp. Die karring, soos ek hom geken het, was bo smal en onder wyd en twee duie wat langer was as die ander, het bo elkeen 'n gat gehad, om die karring aan te kan optel. Die duie is stewig aanmekaar gehou deur middel van hoepelbande. Die ronde deksel, wat presies bo inpas, het in die middel van 'n klamp wat




*Karring met karringstok en deksel.*

effens langer gemaak is as die deursnee van die deksel. Hierdie klamp het op die duie van die karring gerus, met die gevolg dat die deksel nie kon inval nie.

In die middel van die klamp en die deksel is 'n gat geboor en hierdeur is die karringstok gesteek. Omdat die deksel so netjies in die karring gepas het, kon die room nie uitspat nie. Onder aan die karringstok was 'n kruishout vas en elke houtjie is in die vorm van 'n swaelstert gesny (kyk tekening). Deur die karringstok op en af te beweeg, is die botter nou afgekarring, in die botter



*Houtemmer, erdewynvat en botterbalie soos deur Voortrekkers gebruik.*

bak uitgegooi en verder met die spaan bewerk, nadat die karringmelk eers in 'n afsonderlike balie uitgegooi was. Soms is om die karringstok 'n lap vasgebind om te verhoed dat die room by die gat in die deksel uitspat. Vir die een wat die kuns verstaan het om die karringstok te hanteer, was die lap onnodig.


Op trek en daarna het die Voortrekkers die botter in bottervaatjies of balies gebêre. Hierdie vaatjies het verskil in grootte. Sommige was baie klein en ander weer baie, groot. Regs op bygaande foto is 'n baie klein, ronde botter vaatjie, nege duim in deursnee en ses duim hoog.

Die hout duie word aanmekaar gehou deur twee yster hoepels. Twee van die duie is langer as die ander en dien as die handvatsels. Die deksel is rond en dit pas baie netjies bo-op. Bo-oor die deksel is twee dwarsplanke. Hulle is presies die wydte van die handvatsels van mekaar af. Om die deksel mooi te laat pas, moet die handvatsels tussen die dwarsplanke pas.

Links op die foto is 'n tipiese houtemmer van duie gemaak en aanmekaar gehou deur koperbande. Die handvatsel is ook van koper gemaak. Die emmer is 'n stukkie werk wat dadelik ons aandag trek en ons ook laat besef dat die maker 'n baie fyn estetiese gevoel besit het.

Die voorwerp in die middel is 'n outydse erde wyn vaatjie. Oorspronklik het dit saam met die Hugenote in 1688 uitgekom en in 1837 is dit saamgeneem op trek. Dit kan ongeveer 'n gelling wyn bevat. In die gat wat ook duidelik op die foto te sien is, was daar oorspronklik 'n houtkraan om die wyn mee uit te tap. Net bokant die tap gat is 'n klein luggaatjie. Hierdie interessante erde wynvaatjie is sekerlik die enigste wat daar nog in die Unie is.

Die bygaande tekening is die van 'n outydse balie om koppies, pierings, vurke, ens. in te was. Ons noem dit 'n skottelgoedbalie. Terwyl die ander balies rond is, is die een heeltemal ovaal of eiervormig. Twee van die duie is ook langer as die ander en het gedien as handvatsels.



*Skottelgoedbalie.*

Elke handvatsel het bo 'n gat om dit makliker te kan dra. Die duie word aaneen gehou deur twee hoepelbande, gewoonlik van koper.

Besonder mooi is die eie gemaakte koperband watervaatjie wat gewoonlik op 'n tafel in die voorhuis gepryk het. Bo is die vaatjie nouer as onder. Die hoepels is van koper gemaak (vandaar die naam) en elke vaatjie had gewoonlik drie of vier sulke hoepels.

Onderaan is 'n kraan en bo-oor is die deksel. Hierdie vaatjies is in die huis gebruik vir die bewaring van drink water.

Ander kombuisgereedskap waarvan ons kennis dra, sluit o.a. die volgende in: seeppot, waterpot, koffiemeul, sopkom, erdekanne, meelsif, emmers (hout), tinskottels, ens.[1]

Hierdie vaardigheid van die Voortrekkers om hul eie kombuis en plaasgereedskap ens. te vervaardig met baie weinig gereedskap tot hulle beskikking, moet ons ook bewonder. Onder hulle was daar ervare beroepsmanne wat op een of ander terrein uitgeblink het. Interessant is die volgende aanhaling uit Stuart[2]

"Zij (die Voortrekkers) hebben veel gezond verstand, een helder oordeel, vlug begrip en zijn kunstig in handwerken. Bijna zonder uitzondering zijn zij te gelijk, behalve

uitmuntende scherpschutters te paard, veefokkers, landbouwers, metselaars, steenbakkers, timmerlieden, rietdekkers, schrijnwerkers, smeden, wagenmakers, leer looijers en schoenmakers en de vrouwen kleedermaaksters. Zij werken wel voor elkander, maar verhuren zich nimmer."

---

[1] *Voortrekker argiefstukke R7/34 en ad R7/34.*
[2] *Stuart: De Hollandscne Afrikaner.*

## HOOFSTUK III

## KERSE MAAK IN DIE OU DAE

Links bo op die foto van kombuisgereedskap is 'n vierkantige raam met 'n aantal langwerpige metaalpype daarin. Dit is wat genoem word kersvorms om kerse mee te maak.

Voor die dae van die kersvorms moes die Voortrekkers ander middels gebruik om kerse mee te maak. Die ou vetkerse waarvan ek baie gesien en self ook gebruik het, was die enigste soort ligmiddels wat die ou mense saans gebruik het. Lampolie was in die dae totaal onbekend. Sommige Trekkers het kloutjies olie gebruik vir lig maar dit was besonder onbevredigend omdat die lig baie swak was en daarby het die olie 'n aaklige reuk afgegee. Met die vetkerse egter het ons oupas en oumas goed oor die weg gekom en hulle het hul aangepas by die lewens omstandighede.

Die meeste van die besonderhede wat hier volg in verband met die maak van waterkerse (die naam sal later duidelik word), het ek dikwels waargeneem as kind. Hier en daar moes ek egter bejaardes raadpleeg om my geheue te verfris.

Vetkerse is altyd in die winter gemaak en dan ook genoeg daarvan om tot die volgende winter te hou. Vyfhonderd tot duisend kerse was niks besonders om op een slag te maak nie. Die kerse is as volg gemaak.

Eers word die pitte vervaardig van die linne wat nie meer gebruik kan word nie. Die linne word dan geskeur in repies van ongeveer 'n kwart duim breed is. Baie Voortrekkers het die repies in pekelwater gedoop, uit gehaal

en dit droog laat word. Linne wat eers in 'n pekelwater gedoop is, het 'n helderder vlam gegee ten minste so het die ou mense beweer.

Saans word die repies linne een vir een op die tafel gedraai. Die een punt van die repie word met die palm van die linkerhand vasgedruk en met die regterhand word die bandjie gedraai of gerol. Die twee punte van hierdie gerolde bandjie word dan teen mekaar gehou en die bandjie draai dubbel aan mekaar. Die vorm dan 'n dubbele pit en lyk baie soos 'n koordjie. Honderde van die pitte is so gedraai en dit was nogal 'n kuns om hierdie draai werk goed te doen.

'n Ander manier om kerspitte te draai, is as volg:
Die moeder of die dogter trek haar voorskoot glad en gelyk oor die regterbeen en met 'n vernuftige slag word die voorskoot in die waai van die been vasgeknyp. Die bene word natuurlik oormekaar gesit.

Met die linkerhand word een punt van die geskeurde band vasgehou, en die ander punt word dan op 'n afstand van ses tot agt duim bokant die knie met die vingers se punte na die knie toe gerol. As die regterhand se palm op die knie is, is die gerolde band presies ook daar, en dit is dan ook gewoonlik styf genoeg gerol. Die gerolde band se regterpunt word dan met die regterhand se vingers vasgehou sodat die band nie los rol nie. Styf tussen die twee hande vasgehou word die band na die mond gebring en in die middel met die lippe vasgebyt. Die twee punte word voor die gesig bymekaar gebring en met die linkerhand vasgehou. Om die band (of pit) te laat draai; word die deel in die mond eenvoudig gelos.

Gebeur dit dat die pit 'n weinig los is, word dit weer met die regterhand van die knie af en met die palm van die hand op die been teruggerol tot by die punte van die vingers. Die pit is dan styf genoeg gedraai.

Die pitte het natuurlik gelol om inmekaar te draai, maar hiervoor was daar ook 'n plan. Die pit word heen en weer gerol in gesmelte vet en dan is en bly dit reguit.

Deur middel van die lussies is vyf tot ses pitte in kweperlatte of dun bamboesstokke ingeryg en so geskuiwe dat hulle ongeveer twee duim van mekaar is. Met die vingers is hulle ook ondertoe getrek, sodat hulle loodreg afhang.

In die kamer waar die werkstalligheid van die kerse maak moes plaasvind, is 'n stellasie van houtblokke en pale gemaak vir die latte met kerse om op te rus.

Sodra hulle gereed is, word 'n daar groot driebeenpot, gedeeltelik met water gevul, aan die kook gemaak. Die pot met kookwater word dan in die kamer gebring en die vet waarvan die kerse gemaak word, by die warm water gegooi. Die vet dryf natuurlik bo op die water.

Die vetlaag is 'n weinig dikker as die lengte van die pitte aan die lat. Sorg moet ook gedra word dat die pot so vol is dat die pitte aan die latte tot onderkant die latte in die vet gesteek kan word. Die warm water is natuurlik bedoel om die vet sag te laat bly. As die vet te hard word, word meer warm water bygevoeg.

Die lat met die pitte daaraan word in die pot met die vet gedoop en omdat die pitte koud is, kleef 'n weinig vet aan hulle. Die pitte word net 'n oomblikkie in die vet gehou en dan uitgehaal en op die stellasie geplaas. Al die latte word een na die ander so behandel en wanneer almal klaar is, begin die storie weer van vooraf. Hierdie in dopery hou dan so aan totdat die kerse die gewenste dikte het.

Sodra hierdie werk afgehandel is, hang die kerse in die kamer tot die volgende dag. Hulle word dan van die latte afgeryg, die lussies deurgeknip, agter mooi gelyk gesny, in 'n kis gepak en gebêre.

Waterkerse het hul naam te danke aan die feit dat daar gedurig warm water in die pot moes wees om die vet, wat bo dryf, warm te hou. Sodra die vet minder word, word daar water bygegooi, nie alleen om die vet warm te hou nie, maar ook dat die pit heeltemal in die vet gedoop kan word. Word hierdie voorsorg maatreël nie geneem nie, is die kers naderhand bo te dun en onder te dik.

In later jare, hoewel die gebruik nie algemeen was nie, het die Voortrekkers gebruik gemaak van kersvorms, en dit was baie makliker en het minder tyd in beslag geneem om kerse met kersvorms te maak.

Die gedraaide pitte word in die kersvorm gesteek en onder is 'n klein gaatjie waardeur die pit getrek word. Buitekant die gaatjie word die pit geknoop om te verhinder dat dit inglip en die vet onder baie uitloop. Die pit word dan styf getrek bo en gelyk met die kersvorm word 'n stokkie of doring deur die pit gesteek om dit mooi in die middel te hou.

Wanneer die pitte gereed is, word die vet gesmelt en in die vorms gegiet. Die kerse word in die vorms gelaat totdat hulle hard is. Wanneer hulle hard is, word die raamwerk met al hierdie kersvorms 'n rukkie in warm water gehou en dan word die kerse uit die vorms uit getrek, nadat die knoop onder eers afgeknip is. Die draadjies onder die voet van die aan die kers word ook netjies afgeknip. In 'n kis word die kerse dan weggepak vir later gebruik. In sekere dele van ons land word kersvorms nog algemeen gebruik. Met uitsondering van enkele plekke, soos bv. Namakwaland, het die maak van waterkerse egter totaal uitgesterf en die laaste waterkerse wat ek gesien het, was ongeveer in 1904 — 1905.

Hierdie ou kerse het baie nukke gehad wat ons nie by ons moderne kerse vind nie. Wanneer die kerse brand, het die pitte nie weggebrand soos by ons kerse nie. Die pit het a1 hoe langer en langer geword en die vlam al hoe groter, met die gevolg dat die vet vinnig weggesmelt het. As die pit begin langer word, het die kers dan ook begin rook en walm. Om dit te voorkom, het die ou mense gebruik gemaak van 'n klein instrumentjie bekend as 'n snuiter om die pit af te knip. Die snuiter lyk net soos 'n skêr, maar aan die een lem is daar 'n bakkie, waarin die afgeknipte pit val. Die lemme van die snuiter word oop gemaak, die pit afgeknip en die afgeknipte pitjie val in die bakkie wat heeltemal toeskuif en voorkom dat die af geknipte pit rook en walm.

Behalwe bostaande moeilikheid met die vetkerse het die pitte gegloei en gerook nadat die lig doodgeblaas was. Hierdie rook en walm is baie onaangenaam. Om dit te voorkom, is die kerslig doodgemaak deur middel van 'n "demper" of "domper", soos sommige dit genoem het. Die demper, wat baie soos 'n spits tuitjie lyk, is van 'n handvatseltjie voorsien. Dit word oor die brandende kerspunt geplaas en daar gelaat totdat die kers weer opgesteek word.

Vetkerse het ons taal met die volgende uitdrukkinge verryk: Kers vashou: bv. hy kan nie vir daardie een kers vashou nie, d.i. kom nie in sy skaduwee nie; lang kerse maak, d.i. laat opbly in die nag (sinspeel op twee wat vry); kers reguit, d.i. baie reguit; kers opsteek tyd, d.i. tyd in die aand om kerse op te steek.

## HOOFSTUK IV

## VOORTREKKERLIEDERE

Besonderhede in verband met die Voortrekkerliedere is skaars. Voor die Tweede Vryheidsoorlog was daar baie afskrifte van liedere deur die Voortrekkers gesing, maar as gevolg van die afbrand van woonhuise het baie kosbaarhede die prooi van die vlamme geword.

In Voortrekkermense Deel I (bladsy 309) is 'n afdruk van die bekende Voortrekkerlied of, soos wat dit algemeen bekend is: "Afskeid van die Voortrekkers". In "De Volksstem" van 22 Sept. 1909 skryf dr. F. D. Kan as volg: "Bijna 50 jaar geleden hoorde ik dit lied reeds. Niemand kon het uitzingen; de woorden zelfs en de muziek waren zwak, en toch nog hoor ik ze, ze deden mij zo aan.

"Toevallig ontmoette ik aan het strand iemand die de woorden hun grootmoeder had horen zingen. Na veel moeite vond ze de woorden en zond ze mij. Maar nu de wijze. Ook het lied moest omgewerkt om op muziek gebracht te worden; hier en daar ontbraken enige voeten aan de versbouw. Wat ik van de wijze nog herinnerde zong ik voor Ten Brink zoals ik ze van mijn oude vriendin gehoord had en uit de bouwstoffen komponeerde Ten Brink zijn 'Lied van de Voortrekkers'."

Die musiek van hierdie lied het in "Die Boerevrou" (Desember 1919) verskyn. Volgens Kan se mededeling het die woorde baie moeite gegee, omdat hier en daar enige voete in die versbou ontbreek het. Hierdie leemte is verstaanbaar as in aanmerking geneem word dat baie van die juiste woorde verlore gegaan het of onder die invloed van Afrikaans wysiginge ondergaan het.

In 'n ou boek "De Geopende Genade-Throon", gepubliseer in 1730, het ek onlangs 'n paar waardevolle velletjies papier gevind met liedere daarop. Hierdie boek het oorspronklik aan sekere Van Heerden behoort wat die Groot Trek vanaf Graaff-Reinet meegemaak het. Die handskrif (nl. die van Van Heerden) wat in die boek voorkom, is ook dieselfde as die op die los velle papier. Die los velletjies is minstens 70 na 80 jaar oud. Op een van die velletjies is die Voortrekkerlied afgeskryf. Alleen die eerste en derde vers is volledig, terwyl 'n gedeelte van die tweede vers verlore gegaan het.

As ons hierdie verse met die van dr. Kan vergelyk, sal dadelik opgemerk word dat daar 'n verskil is met betrekking tot sekere woorde en die lied is ook in Nederlands geskryf. In plaas van "elkander", om 'n enkele voorbeeld te noem, word die woord "malkander" gebesig, wat 'n baie ouer vorm is as "elkander".

"VOORTREKKERSLIED"

1. Siet wij schijden van malkander
   Hier op dese aardsche dal,
   en wi(e) weet of wij malkander
   weer op aard ontmoeten zal,
   want de doot hij komt zo ras
   vraagt niet of hij komt te pas.

3. Siet wij schijden van malkander,
   hier op dese aardsche dal,
   maar wij hoopte togt malkander
   eens te sien in het hemels saal,
   eeuwig voor het Lam te zijn,
   eeuwig vrij van smart en pijn.

Op 'n ander velletjie papier is ook nog 'n onbekende afskeidslied geskrywe waarvan alleen die eerste, tweede en sesde vers volledig is die ander is gedeeltelik verlore en dus waardeloos. Volgens hierdie lied (vers 4) is dit duide-

lik dat dit betrekking het op die Trekkers wat in die omgewing van Sneeuberg, Graaff-Reinet, gewoon het. Hier volg die eerste en die tweede vers.

1.

Moeten wij dan nu ook schijden
Verre van elkander gaan,
God ons God sal ons gelijden
op wien wij onse oogen slaan.
Vertrouw op Hem Hij is de Heer,
Sijn goedhijd wankel nimmer meer,
Sijn goedhijd help ons uit den nood,
Sijn goedhijd sterk ons in den dood.

2.

Sullen wij niet meer te samen,
God aanbidden als ons Heer,
en nie meer met luidenen psalmen
singen tot Sijn lof en eer,
Niet meer hier te saarn vergaderen
om tot sijn troon te naderen
niet meer om Sijn woord te hooren
en te diene als te voren.

Vers vier, waarvan 'n paar woorde van die laaste gedeelte van elke reël ontbreek, lui as volg. 'n Poging is aangewend om die ontbrekende woorde (tussen hakies) aan te vul.

Sneeuwberg ik sal u (nooit vergeten)
Sneeuwberg waar mijn hart (na smagt)
Sneeuwberg waar ik soo (veel weken)
Met vermaak heb door ge (bragt)
Ag, laat dan mij harte vr (agen)
Sneeuwberg, kan ik u ooit (vergeten)
Vergeten neen! tot den dood
Mij ontvangen in sijn (schoot).

Wat ons dadelik tref in verband met bostaande twee liedere, is hul somberheid en terneergedruktheid. Dit is maklik om dit te begryp as in aanmerking geneem word dat die Trekkers na 'n vreemde, onbekende land moes trek en alles wat hulle dierbaar was, moes agterlaat.

Dwarsdeur die liedere straal egter die hoop en vertroue op die Hoër Hand en nederige onderwerping aan Sy wil. In die liedere is die sterk godsdienssin van die Trekkers ook duidelik waarneembaar.

'n Ander afskeidslied, wat ons in staat stel om 'n duidelike geestesbeeld te kan vorm van die gemoedere van die Trekkers wat afskeid neem van die agterblywendes, is die volgende:

"De tijd is aangebroken
dat wij op reis sal gaan,
naar vreemd en woeste landen
verwijder ver van hier.

Adieu, dus, goede vrienden,
want morgen gaan wij weg.
Adieu, mijn dierb're vrienden,—
adieu, mijn Vaderland!

Adieu, dus, dierb're vrienden,
gegroet voor de laatste maal,
Wij moeten van u scheiden,
om nooit u weer te zien."

In Voortrekkermense Deel 1 (bls. 308—309) word 'n gedig of lied[1] aangegee waarmee die Trekkers ook bekend was. Hierdie lied het nie ontstaan gedurende die Groot Trek nie, maar is deur die burgers in 1819 op kommando by Grahamstad gesing (De Express, 5 Mei 1881).

---

[1] *Hierdie lied bekend as "Het Lot van Zuid-Afrika" het oorspronklik verskyn in "The Meditator" van 2 Januarie 1838.*

Dat die Voortrekkers vanuit die Oostelike Provinsie afkomstig kennis gedra het van hierdie lied, is gewis, maar dit is lank voor die Groot Trek gedig. Die lied bestaan uit 12 verse en het geen poëtiese verdienste hoegenaamd nie. Vandag is dit vir ons alleen van geskiedkundige waarde.

Die eerste ses verse lui as volg:

1. Afrika, gij moogt wel weenen
   Want een vreugd is haast verdwenen —
   Uwe bloemen die heeft haar fleur,
   nu verloren met getreur!

2. Afrika, hoe verheugd was gij voor deezen?
   Nu toont gij een treurig weezen,
   Gij vertoont een droevig staat,
   Daar uw hoop en wensch vergaat.

3. Afrika, uw predikanten
   Onderwijsen u in alle kanten
   Dat daar is een Opperheer
   Daarom, treur en ween niet meer.

4. Hebt gij lang van Hem gezongen
   God lest geen onrecht gedoogen,
   Hij die in de Rechters macht,
   Staat alleen in Godes kracht.

5. Alle booze staatspersoonen
   Zal de Schepper namaals loonen
   Met de straft hun toegezegd
   Die hier werken met onrecht.

6. Keizers, Koningen en hunne machten
   Breekt de Schepper door zijn krachten,
   Hemel, aard en alle machten,
   Staat alleen in Godes Kracht.

'n Ander lied[1] deur die Voortrekkers gesing lui as volg:

> Ziet mijn hart door min gedreven
> zoekt vergeefs mijn oude vrienden,
> en nu ga ikzelf hen zoeken
> in het diepste der woestijn.
> Vind ik van hen ook niet meer
> dan het graf waarin zij rusten
> of hun beenderen op de aarde
> toch ga ik naar hen zoeken
> in het diepste der woestijn.

Om die Trekkers se liefde vir sang verder te bevredig, was daar, behalwe die psalms en gesange, ook nog hul ander geestelike liedere. Van die geestelike liedere was Sluyter se lied "Buiten-Eemsaemhuys, somer en winter Leven stigtelike liederen" seker die bekendste. Uit hierdie boek het die Trekkers baie gesing en volgens vinger afdrukke in 'n ou eksemplaar is dit duidelik dat sommige liedere baie meer gewild was as andere. Een van hierdie liedere wat seker die meeste uit hierdie bepaalde boek gesing is, is: "Morgen gezang in droevige tijden" (Stem: Als de hooge nood bij tijden).

> 1. Heer, mijn God, voor alle dingen
> Zal ik Uwe sterkte zingen,
> En des morgens fris van geest.
> Vroolijk roemen Uwe goedheid
> Die mij tegen 's volks verwoedheid
> Zijt een hoog vertrek geweest.

Baie gewild was die moregesange, waarvan daar verskillende voorbeelde in die boek voorkom. Die volgende is 'n paar voorbeelde:

---

[1] *Voortrekkermense I, Preller.*

Stem: Ps. 15 of Wilhelmus van Nassouwen.

1. Hoe vrolijk en hoe heuglik
Is 't schoone morgenlicht !
Wat is zijn glans geneuglik
Voor 't menschelijk gezicht!
De bergen, dalen, boomen,
De weyden al to zaem,
De koele waterstroomen,
Staen nu zeer aangenaem.

Stem: Ps. 128 of Wilhelmus van Nassouwen.

1. O ! Heere Goed genadig
Barmhartig zonder maet,
Lankmoedig en weldadig
Vergevend alle kwaet!
'T is goed u Naem to psalmen
Dus in den morgenstond,
En 's nagts met heil'ge galmen
Uw goedheid maken kond.

Ander bekende liederboeke ook deur die Trekkers gebruik, is J. van Lodenstein's se Uytspanningen (1780) en Van Groenewegen se Lofzangen Israels (1802).

Daarop dien gewys te word dat sang 'n baie vername rol gespeel het in die lewe van die Trekkers.

Psalms, gesange, gewyde liedere en volksliedjies is ook baie deur hulle gesing. Die volksliedjies is meestal vir die kleinere kinders gesing en het o.a. ingesluit : Klaasvakie, Trippe-trappe-trone, Hurte-hurte perdjie, ens.

Oor die algemeen het die Trekkers uitstekende stemme gehad en moeilike wysies gou geleer. Sang, omdat dit so nou verbonde was aan die geestelike lewe van Trekkers, het 'n belangrike deel uitgemaak van die opvoeding en onderwys van die kinders. Met voor en na sing het die ouers die kinders "Ut, Re, Mi" leer sing en dien benewens,

om hulle te oefen, moes die kinders ook by huisgodsdiens gereeld saamsing. Familiesang, soos in die dae van die Trekkers, het feitlik uitgesterf in ons land en pogings behoort aangewend te word om dit in ere te herstel.

Van baie van die psalms het die Trekkers die liedere wysie geken, maar omdat dit nie in druk verkrybaar was nie, het dit met die verloop van tyd verlore gegaan.

In die Voortrekker museum is daar 'n manuskrip met liederberyming deur Dorothea Magdalena Goosen van bekende psalms en gesange. Die volgende vers is 'n tipiese voorbeeld uit die liederberymings:

Stem: Psalm 42.

O mijn God, wilt uitkomst geven,
Geeft mij nuwe kracht en leven,
Gij, O Heer, kent mijn ellenden,
Wilt mij hulp en bijstand zenden
Dat mijn beenderen zich verblijd
Geene dat nu smarte lijd
Om mijn vijands harde woorden
Daar zij mijn hard mee doen booren.

Dorothea Magdalena Goosen se liedereberyming van "Prijs den Heer met blijde galmen" lui as volg:

"Op, mijn ziel, wil God beminnen,
Want Hij heeft U eerst bemind,
Hij heeft U uit diep ellende
Opgetrokken tot Zijn eer,
Prijs, mijn ziel, die Groote God,
Loof Zijn Naam te aller stond."

Van groot historiese waarde is die Gelofte psalm wat deur die Voortrekkerkommando gesing is toe die Gelofte te Danskraal gedoen is. By hierdie gebeurtenis is verse 12, 16 en 21 van Psalm 38 gesing. Die drie verse lui as volg:

12. Zij; die mijnen dood bejagen
Leggen lagen,
Dreigen mij den laatsten slag,
Spreken, hoe mij best te krenken,
En bedenken
Mijn verderf, den ganschen dag.

16. 'k Zei, laat nooit mijn bitter lijden
Hen verblijden
in hunn' trotschen euvelmoed,
Wijl de boozen juichen zouden,
Als z' aanschouwden
't Wankelen van mijn zwakke voet.

21. Zie mij, Heer! Wien elk moet duchten,
Tot U vlugten,
O mijn God! verlaat mij niet,
Blijf niet, wegens mijn gebreken,
Ver geweken,
Toon, dat Gij mijn rampen ziet.

Aan die slot van hierdie verrigtinge is ook 'n vers uit psalm 134 gesing.

Die volgende besonderhede, ontleen aan ,"Die Volksblad" van 28 Oktober 1938, is ook van geskiedkundige waarde, omdat dit waarskynlik die enigste afskrif is wat nog bestaan van bygaande lied.

Hierdie lied kom voor in die ou familiebybel van die Voortrekkerpatriarg Philip Naudé, een van die stigters van Bethlehem. Sy vrou, Anna Naudé, was teenwoordig toe die laaste diens in die Voortrekker kerkie op Pietermaritzburg in 1861 gehou is. Agter in die ou Bybel het sy die lied geskryf wat die koor en die gemeente daardie gedenkwaardige aand gesing het.

Dit volg hier onveranderd soos sy dit neergeskrywe het:

Afscheidslied aan de oude Kerk van Pietermaritzburg op den 7de April 1861.

Vers 1

Met een diep gevoelig Harte
Voor Gods goedheid, voor Gods trouw,
Wel verheugd en toch met smarte
Scheiden wij van 't Kerk gebouw.
't Was een nederige woning
Maar toch de eerst in deze staad
Is door U O, Christus Koning,
Naar wij hoopen niet versmaad.

Vers 2

Welk een tal herinneringen
Sweeft voor onzen harten niet
In dit Avonduur bij 't zingen
Van 't aandoenlik afscheidslied,
Was 't niet bier dat wij tezamen
Stooreloze Zondaarsschaar,
Op het woord des vredes kwamen
Week na week en jaar na jaar.

Vers 3

Menigeen in vroegen dagen
Met ons in het huis vergaard
En door ons naar 't graf gedragen
Sluimert nu in 't stof der aard.
Menig hart werd hier bewoogen
Menig een in 't stil gebed
Vond hier vrede in 's Heeren oogen
Meen'ge ziel werd hier gered

Koor en Gemeente

Ja, vaartwel geliefde tempel,
Die bij 't prediken van 't kruis
Voor zoo meen'ge ziel de drempel
werd van 's Hemels Vaderhuis.
En aan U, barmhartig Heere,
Voor Uw goedheid voor Uw trouw,
Zij nog eenmaal dank en eere
Uit het oude Kerkgebouw. Eind.[1]

Die aangehaalde voorbeelde van liedere wat deur die Voortrekkers gesing is, is voldoende om ons te oortuig dat die Trekkers kultureel baie hoog gestaan het en dat hulle 'n singende volk was. Die meeste van die liedere het 'n geestelike strekking en dit is maklik om dit te verstaan as ons onthou dat hul opleiding streng Calvinisties was.

---

[1] *Hierdie afskeidslied is gedig deur ds. D. P. M. Huet, jare lank predikant van die Ned. Geref, Kerk, Pietermaritzburg. As sewejarige knapie het prof. dr. J. D. Kestell hierdie diens bygewoon en die besonderhede staan hom nog duidelik voor die gees. Toe ek die lied aan hom voorlees, het hy my dadelik meegedeel dat ds. Huet die opsteller daarvan was. Dr. Kestell is die laaste oorblywende persoon wat die diens bygewoon het.*

## HOOFSTUK V

## MERKWAARDIGE KINDERBOEKE


Onder al die menigte boeke wat in die Voortrekkermuseum te sien is, is daar twee wat veral die aandag trek omdat hulle 'n afwyking is van die stigtelike boeke aldaar aanwesig. Hierdie boekies het nie die Groot Trek meegemaak nie, maar is deur die Voortrekkermuseum aangewerf as voorbeelde van die aard van die lektuur in Kaapland gebruik voor en tydens die trekperiode.

Die eerste boek is *Kleine Gedichten voor Kinderen* deur Hieronymus van Alphen, die bekende digter uit die begin van die vorige eeu. Een bewonderaar sê van hom: "Zulk een man, Menschenvriend, Kindervriend, Kinderdichter was van Alphen".

Die boekie is in 1821 gedruk en bevat 65 gediggies. Teenoor elke gedig is daar 'n prent of illustrasie om een of ander opvoedkundige beginsel te beklemtoon. Die gedigte is tipies van daardie tyd en handel onder andere oor gehoorsaamheid, luiheid, eerlikheid, werksaamheid ens., almal deugde en ondeugde wat die kinders beter moes begryp deur middel van gedigte. Of die gedigte in hul doel geslaag het, is 'n ander saak. Die gedigte staan in skrille teenstelling met moderne kindergedigte.

Om die opvoedkundige strekking van die sedegedigte aan te toon, kan ons volstaan met 'n paar voorbeelde. Die volgende gediggie spoor die kinders aan om te leer:

Mijn spelen is leeren, mijn leeren is spelen,
En waarom zou mij dan het leeren vervelen?
Het lezen en schrijven verschaft mij vermaak,
Mijn hoepel, mijn priktol verruil ik voor boeken.
Ik wil in mijn prenten mijn tijdverdrijf zoeken
't Is wijsheid, 't zijn deugden naar welken ik haak.



*Kleine Gedichten voor Kinderen.*
[H. van Alphen]     [Voortrekkermuseum, P.M. Burg.]

Volgens bostaande word die kind aangemoedig om sy speelgoed te verruil vir boeke sonder om in ag te neem dat speel 'n noodsaaklike deel uitmaak van 'n kind se lewe.

Vir laatslapers is daar die volgende juweeltjie:

Des morgens lang te slapen
Te geeuwen en te gapen,
Staat leelijk voor een kind.
Die altoos veel moet snappen
En zotte taal wil klappen,
Ziet zelden zich bemind.

Kinders wat lief is om gedurig na hulself in 'n spieël te kyk, word as volg berispe:

Die telkens in den spiegel ziet,
En zich met schoonheid vleit,
Beseft de ware schoonheid niet
Maar jaagt naar ijdelheid.

Vir lui en trae kinders het Van Alphen die volgende gedig:

Nimmer moet ik ledig wezen,
Alles doen met lust en vlijt,
Bidden, leeren, schrijven, lezen,
spelen, werken heeft zijn tijd.

Sowat twintig jaar gelede was daar in een van hierdie "Hollandse Leerboeken voor Zuid-Afrika" 'n Nederlandse gedig, wat as volg begin het: "Jantje zag eens pruimen hangen". Baie van die oumense het hierdie gediggie van, Van Alphen onder die hoof "De Pruimenboom" geken. Net soos die ander gedigte van, Van Alphen is dit ook 'n tipiese sedepreek waarin die kind vermaan word om altyd eerlik en gehoorsaam te wees.

Die gedig begin as volg:

Jantje zag eens pruimen hangen,
O ! als eieren zoo groot,
't Scheen dat Jantje wou gaan plukken,
Schoon zijn vader 't hem verbood.

Met begeerlike oë kyk Jantjie na die pruime en hardop sê hy by homself dat niemand hom sal sien as hy van die pruime afpluk nie. Vyf of ses pruime minder aan 'n boom sal niemand eens raaksien nie. Sy gewete pla hom darem en hy stap weg van die boom. Ongesien het sy pa hom afgeluister en hy was so hoogmoedig op sy gehoorsame en eerlike seun sodat hy hom met die volgende woorde na die boom geneem het:

Kom mijn Jantje ! zeide vader,
Kom mijn kleine hartedief,
Nu zal ik u pruimen plukken
Nu heeft vader Jantje lief.
Daarna gaan Papa aan het schudden,
Jantje raapte schielijk op;
Jantje kreeg zijn hoed vol pruimen
En liep heen op een galop.

En die tweede boek, *Onderhoudend Geschenk voor Kinderen*, is net so interessant en is in 1823 in Leiden gedruk. Die boek is pragtig geïllustreer en het tien gekleurde plate met 56 afbeeldinge daarop.

Hierdie boek was waarskynlik bekend onder sommige van die Voortrekkers en bevat eenvoudige beskrywings van onderwerpe uit die natuur. Met uitsondering van een of twee, is al die onderwerpe wat behandel word uitheems. In die eerste gedeelte word ekonomiese plante behandel, bv. die sagoboom, koffieboom, perskeboom, rysplant ens. Besonder interessant is die beskrywing van die tabakplant.

Hier word o.a. vertel van die "behandeling, bereiding, kerven, koken van tabaksous, aanmekaar spin en op de haspel (winden) van rol tabak, afwinden der rollen van de spinmolen, maken van snuif," ens.





*Twee bladsye uit "Onderhoudend Geschenk voor Kinderen."*
[ Voortrekker museum, P.M. Burg.]

Na die plantebeskrywings kry ons 'n hele paar baie interessante hoofstukke oor heuningbye en van hulle produkte. Besonder interessant is die beskrywing van die nut van byewas, wat hier onveranderd weergegee word:

"Het was dient, met andere zaken vermengd tot het maken van onderscheidene zalven tot verzachting en heelkundig gebruik. Voorts wordt het was gebruikt om u Kerk- en andere kaarsen en ook fakkels en ander waslicht van te vervaardigen. De Kastemakers gebruiken gele wat tot het vrijven van gladhoute meubelen. Van gebleikte witte was worden paarlen gemaakt, wier oppervlakten met een zeker soort van fijn glanzige vischlijm overdekt worden om er enigermate overtrekken van tafels en om goederen den glans der echte paarlen aan te geven. Van was worden ook door de boetseerders allerlei portretten, bloemen en andere figuren en kunst voorwerpen gemaakt, hetzij die geboetseerd, hetzij die in vormen gegoten worden. Voorts wordt het was ook gebruikt tot het bereiden van de gewaste tas die voor regen en stof ondoordringbaar is; en tot het bereiden van het gewast linnen. hetwelk tot het ter verzenden in te pakken, gebruikt wordt."

Die boek eindig met hoofstukke oor die wilde voëls en wilde diere. Onder andere word die volgende beskryf, nl. die arend, toucan, tier en luiperd. Dat hierdie beskrywings uit die natuur baie vermaak aan die lesertjies verskaf het, is vanselfsprekend. Dit het hul kennis bepaald verruim. In vergelyking met ons tyd was kinderboeke soos die twee hierbo aangehaal, baie skaars en dit was moeilik om te bekom.

'n Ander kinderboek wat ook deur Voortrekker ouers gebruik was, is "De Kleine Print Bijbel", waarin deur verskeie afbeeldinge 'n menigte Bybelse spreuke verklaar word "tot vermaak der Jeugd en om te leeren elke zaak



*Die Print Bybel.*
[Voortrekkermuseum, P.M. Burg.]

nauwkeurig af te schetzen en bij haaren regten naam te noemen; ook de Spreuken der H. Schrift bijna zonder moeite in het geheugen te brengen." Hierdie boekie laat ons dadelik dink aan die leesboekies met afbeeldinge wat in die sub-standerds in ons skole gebruik word.

Bygaande portret toon aan hoe Spreuke van Salomo 30 vers 17 verduidelik word: "de (dan volg 'n oog) die den vader bespot ofte de gehoorsaamheid der moeder veracht, die sullen de (tekening van drie rawe) der beke uitpikken- ende des, (tekening van'n arend) jongen sullen se eeten."

Onder op die bladsy word die volledige teks weer aan gegee sonder tekeninge en lui dan as volg:

"Het oog dat ouders durft verachten en bespotten
Is raafs en arendts spijs en sal in d'aard niet rotten."

## HOOFSTUK VI

## ONDERWYS IN DIE VOORTREKKERDAE

Vir die aanvangstadium van die kind se onderwys is gebruik gemaak van 'n klein boekie bekend as die A.B.C. boek met die "Haan" en prente van Adam en Eva. Voor in die boek het die volgende rympie voorgekom:

> De Haan verkondigt 's Heeren dag,
> heeft bij zijn huisgezin ontzag,
> roept ieder vroeg aan het werk,
> en 's Zondags naarstig naar de Kerk.

In verband met die Haneboek is die volgende besonderhede wetenswaardig. In Holland is hierdie boek bekend vanaf die begin van die 17e eeu. Die omslag van die eerste druk was van perkament gewees terwyl die bladsye bestaan het uit 'n dik papier bekend as bord papier. Dit word beweer dat geen skoolboek meer vermaardheid verwerf het as die Haneboek nie. Sy eintlike titel was "Groot A B C Boek". Haneboek is die bynaam wat ontstaan het as gevolg van die groot haan, wat op die keersy van die titelblad gepronk het — soms alleen soms in geselskap van nog twee haantjies. Op die agtergrond is 'n tekening te sien van die opkomende son.

Oor die oorsprong en betekenis van die haan kan 'n geleerde verhandeling geskryf word. Sommige meen dat die haan op die boek 'n kristelike simbool is (bv. haan op die kerk se toring). Ander is van mening dat die haan die uithangteken was van 'n boekdrukker, wat so vaardig was in sy werk, dat die boekie eeue lank sy stempel gedra het. Die derde en mees waarskynlike betekenis van die haan op die keerbladsy van die boek is dat dit bloot opvoed-

kundig is. As 'n studie gemaak word van die eerste uitgawes kom hierdie sienswyse duidelik op die voorgrond.

Bokant die haan kom die volgende woorde voor:

"Kin'ders leert u lesse wel"

Onder die haan kom die volgende twee betekenisvolle reëls voor:

" 's Morgens den Haan zijn ijver bewijst,
Leert, jonge jeugt, dat men u ook so prijst."

Volgens bostaande is die haan dus niks anders as 'n sprekende opwekking tot vlyt en wakkerheid nie, wat die "jonge jeugt" ten alle tye nodig het. In kindertaal (volgens 'n Nederlandse idioom) beteken die reëls:

"Maak dat je in 't leeren haantje de voorste bent."

Gedurende die 18e eeu is die reëls onder die haan verander tot:

"De Haan verkondigt 's Heeren dag,
Heeft bij sijn Huysgesin gesag,
Hij roept een yeder vroeg aan 't werk
En Sondags naarstig in de Kerk."

'n Loflied op die haan, sonder om van toepassing te wees op die jeug, is nou ontdaan van sy oorspronklike betekenis.

Die uitgawe van die Haneboek wat in 1819 verskyn het, beslaan sestien bladsye. Titel en haan neem die eerste twee in beslag en op die derde bladsy begin die taak van die "jonge jeugt" nl. die A B C — die groot begin van alle wetenskap! Op die vierde bladsy begin die spel oefeninge nl.

a-b ab, e-b eb, i-b ib, o-b ob, u-b ub; b-a ba, b-e be, b-i bi, b-o bo, b-u bu.

Die leesoefeninge vul die volgende 12 bladsye en begin met "het Vader Onse," dan "de Geloofsartikelen,", "de

Tien Geboden onses Heeren", "van den Heiligen Doop", "van het Hoogwaardige Nachtmaal Christi", "van de Christelijke straffe", en daarna een vyftal gebede nl. "morgen en avondgebed, gebed voor en na den eten, en voor de predicatie". Aan die einde van die boekie is daar weer 'n ABC maar een van hoër betekenis nl. 'n kristelike ABC wat bestaan uit spreuke wat aanvang met die letters van die alfabet. Arme kinders!

Die Haneboek wat deur die Voortrekkers gebruik was, was 'n gemoderniseerde uitgawe wel met die haan, maar sonder die formuliere en gebede. In die plek hiervan is daar eenvoudige spel  en leeslessies. Dit het natuurlik beter aan sy doel beantwoord as die onmoontlike en die onverstaanbare inhoud van sy voorgangers.

Met die A.B.C. het die kind se boekgeleerdheid begin en omdat die seuns heeldag buite en die dogters binnenshuis werksaam was, het hulle net saans die geleentheid gekry om te leer. Die A B C is nie in een dag onder die knie gebring nie. Saans by 'n vetkers het die vader, maar meestal die moeder, met groot gesukkel maar baie geduld vir die beginners die A B C geleer. Dit het soms maande geduur voordat die kind die A B C geken het en aleer hy dit ken, was daar geen sprake van bevordering nie. Hy moes die alfabet van A tot Z uit sy hoof kon opsê en soms ook nog van Z tot A.

Sodra die kind die A B C magtig was, is oorgegaan tot die volgende leesboekie, naamlik die "A B-jab", waarin daar woorde voorgekom het van twee lettergrepe. Op hierdie boekie het dan gevolg die "Trap-der-Jeugd". 'n Maklike of interessante leerboek is dit glad nie en die kinders het baie gesweet om die inhoud te leer. Dit het nie alleen inspanning en harde woorde gekos om vertroud te raak met die inhoud nie, maar meestal ook 'n paar harde houe van die ouer en die onderwyser (as daar een was).

Baie ouers het eersgenoemde twee boeke uitgeskakel en dadelik begin met die "Trap-der-Jeugd".

Die "Trap-der-Jeugd" is vandag vir ons alleen van geskiedkundige waarde, maar juis omdat dit so 'n baie belangrike rol gespeel het in die dae van die Voortrekkers en daarna, is dit noodsaaklik om vertroud te raak met die inhoud daarvan.

Heel voorin vind ons eers die alfabet in Romeinse hoofletters en ook in gewone Romeinse skrif, asook die syfers van 1 tot 10. Sodra die kind sy A B C ken, gaan hy oor tot die "Eerste Trap" in die boek, wat uit nege en twintig lesse bestaan, met woorde van een lettergreep.

Hierdie woorde is geleer volgens die uitgang. Daar is woorde met uitgang op -ad en -at, bv. bad, blad, had, pad, mat, kat, zat. Behalwe hierdie uitgange kry ons ook -ag (dag), -acht (macht), -ak (bak), -al (mal), -am (dam), -ap (grap), -aak (maak), -eef (leef), -een (been) ens. ens. ens. Sodra die kind al die woorde van een lettergreep kon spel, is oorgegaan tot woorde met twee lettergrepe, en die is ook alfabeties geleer.

Om die woorde te leer, is elke lettergreep eers afsonderlik gespel en uitgespreek en dan weer is die woord as 'n geheel, bv. a-a-r-d - aard, r-i-j-k - rijk, a-a-r-d-r-i-j-k -- aardrijk. Sodra die kind die tweelettergrepige woorde geken het, is oorgegaan tot die met drie lettergrepe, ens. ens. tot by woorde met sewe lettergrepe, soos je-ne-ver-boom -bla-de-ren. Het die woorde eenmaal ingeslaan, dan was die volgende leesboek die Bybel. Dit is dan ook die waarskynlike verklaring waarom die ou mense so mooi uit die Bybel kon voorlees.

Wanneer die leerling een en dertig bladsye van ongeveer sowat 120 woorde elk geken het, is hy beskou as 'n skrander kind, en om dit so ver te bring, was glad geen geringe prestasie nie.

Die "Vierde Trap" bestaan uit twee leeslesse van vyf bladsye. Die eerste les beslaan twee bladsye en dit behandel die aardrykskunde van die wêreld, nl. die name van al die wêrelddele, al die oseane en al die hoofstede van die vernaamste lande van Europa.

Voortrekkerkinders in Natal woonagtig kan vandag nog

die name van die hoofstede opsê en die woord "jeneverboom-bladeren" ken almal.

Op die aardrykskunde volg daar vier bladsye van drie kolomme elk met eiename uit die Bybel. Die meeste van hierdie name moes hulle ken voordat hulle die Bybel kon lees. Onder andere maak ons kennis met die volgende name:

ACHITOPHEL, ADONIABEZEK, ALMON-DIBLATHAIM, BENHADAD, BARTHOLOMEUS, CUSCHAN RESCHA-RATAIM, HERODOTUS, MIGDAL-EZER, MORIACH, PTOLEMAEUS, SANNABALLAT SANHERIB, TEUDAS, ZEPHANJA ens.

Dertig bladsye van die boekie word in beslag geneem deur grammatika maar hieraan het die Voortrekkers hulle nie gesteur nie, omdat dit vir hul doel voldoende was as die kind kon lees en spel.

Die enigste rekenkunde waarmee die kinders vertroud moes wees, beslaan net een bladsy. Die enigste somme wat hulle geleer het, was optel en aftreksomme, en dan ook die tafels tot 12 x 12. Hierdie tafels was ongetwyfeld 'n nagmerrie vir menige kind, want onderaan die bladsy lees ons die volgende:

"Laat u het leeren van deez' tafel niet verdrieten,
Gij zult voor uwe vlijt het zoetste loon genieten".

Die meeste Voortrekkers was baie vaardiger in hoof-rekene as hul nasate was met rekene op papier, waar dit gewone optel en aftreksomme geld.

Om die getal dae van elke maand te ken, het die jong-span die volgende versie geleer:

Dertig dagen heeft November,
Juni, April en September;
Februari vier maal zeven,
't Schrikkeljaar nog een daarneven;
Voorts de andere een-en-dertig geven.

Die laaste paar bladsye van die leerboek bestaan uit gedigte en spreuke wat die kinders moes leer en wat vir hulle moes dien as rigsnoer op hul lewensweg. Hier volg 'n paar:

Wie zijn ouders houdt voor oogen
En hun ontzag toont naar vermogen,
Klimt voorzeker, vroeg of laat
Tot een hoog verheven staat.

Die in zijn jeugd heeft willen leeren,
Zien zich in zijn grijsheid eeren.

Die boekie eindig met 'n paar gebedjies waarvan een voorbeeld aangehaal word:

Zegen mijne jeug d, O Heere!
Dat ik daaglijks toch mijn tijd
Waarneem, en met lust en vlijt,
Vroeg en vlug mijn lessen leere.

Laat mij ook in huis zoowel
Als in school, oplettend blijven
en mijn leeren, lezen, schrijven,
Achten boven kinderspel.

Die laaste versie is vir ons 'n duidelike bewys dat die kinders in die ou dae beskou is as grootmense, maar alleen nog klein en lief om te speel. Dat kinders so lief was om te speel, was vir die oumense 'n raaisel; hulle het dit as tydverkwisting beskou en altyd deur middel van sede prekies probeer om die kleinspan in 'n ander rigting te lei. Hoe dit ook mag wees, die kinders het bepaald een goeie karaktertrek geleer, nl. om hul ouers te eerbiedig en gehoorsaam te wees.

Die Trap-der-Jeugd het ons taal met een uitdrukking verryk, nl. Hy lyk soos 'n verskeurde Trap-der-Jeugd, d.w.s. verflenterd.

Met al die gesukkel het die kinders dit naderhand ook sover gebring dat hulle die Bybel in Hooghollands kon lees, al het dit met stampe en stote gegaan. Al hierdie onderwys was gemunt op die aanneming en in die opsig was die kerk 'n magtige faktor om ons voorgeslagte van verstandelike agteruitgang te red.

In verband met die huisgodsdiens wat die oumense so getrou en gereeld elke aand gehou het, was daar een besondere gewoonte wat as gevolg van die veranderde omstandighede in onbruik raak. Nadat die vader saans 'n hoofstuk uit die Bybel voorgelees het, moes elke kind, van die jongste tot die oudste, iets vertel van wat gelees is. As die jongste net 'n paar woorde onthou, was dit voldoende. Nadat die kinders almal 'n beurt gehad het, het die vader die inhoud probeer verduidelik en daarna 'n gebed gedoen.

Oor die huisgodsdiens (1851) skryf Stuart[1] as volg:

> "Elke avond wordt door vader uit den Bijbel gelezen, en door allen, gezamenlijk, een of meer psalmen gezongen. Des Zondags komen de naburen bij elkander, dan leest de oudste in jaren eene predicatie voor en doet een gebed. Niets stoort den aandacht.
>
> In de kerken wordt des Zondags geregeld 's morgens. en 's namiddags godsdienstoefening gehouden. Geen anderen dan de zieken worden daar gemist. Een der ouderlingen treedt als leeraar op. Gewoonlijk leest hij een preek voor. Bidt altijd uit eigen brein. Soms geeft hij Bijbelverklaring tof houdt eene eenvoudige toespraak."

In verband met die huisgodsdiens is die sang glad nie verwaarloos nie. Met voor en nasing het die ouers ook die kinders leer sing en wel so dat hulle 'n psalm of 'n gesang alleen kon sing (Kyk onder Voortrekkerliedere).

---

[1] De Hollandsche Afrikanen.

Namate die kinders ouer geword het, het hulle ook begin met die Katkisasieboek, beter bekend as die "Kort Begrip", bestaande uit 74 vrae. Elke vraag word gevolg deur sy antwoord en die moes die kind sonder enige fout kon opsê. Die volgende voorbeeld uit die "Kort Begrip" toon hoe moeilik die Bybelse taal van hierdie dae vir die kinders van die veld was:

Vrage : Hoe werden de tien geboden gedeelt?

Antw.: In twee tafelen.

Vrage : Welck is de somma van 't gene u Godt gebiedt in de vier geboden der eerste tafel?

Antw.: Dat ick den Heren mijnen Godt zal liefhebben van gantscher herten, van gantscher zielen, van gantschen gemoede en van alle krachten, dat is het eerste ende het groot gebodt.

Die vernaamste "Vraeboek" wat deur die katkisante gebruik was, was die Borstius vraeboek. Smorens word die boek saam veld toe geneem om elke dag 'n "pandjie", d.w.s. 'n halwe of 'n hele bladsy daaruit, te leer.

'n Ander vraeboek wat ook somtyds gebruik is, is die kleiner "Hellenbroek". As 'n katkisant hierdie boek kon memoriseer, is hy (sy) as besonder intelligent beskou.

Behalwe die Kort Begrip moes die katkisante ook die belangrikste feite in die Bybel ken, soos onder andere die skeppingsverhaal, die tien plae (in volgorde), die seuns van Jakob, goeie konings en regters en hulle name, die name van die belangrikste profete, die name van die twaalf apostels, die wonderwerke, die gelykenisse, die Boeke van die Bybel ens. As gevolg van hierdie deeglike Bybelonderrig kon die kinders maklik hul vrae beantwoord en die skranderheid van 'n kind is ook meestal vasgestel volgens sy Bybelkennis.

Die kinders moes ook leer skryf, hoewel skryf nooit 'n uitstaande kenmerk van die Voortrekkers en hul kinders was nie. Baie Trekkers kon glad nie eers skryf nie,

behalwe om hul naam teken; ander kon weer te pragtig skrywe. Omdat die Trekkers in die reël so min geskryf het, was skryfpapier en skryfgereedskap ook besonder skaars. Hulle het gansveerpenne gebruik. Voor word die gansveer eers aan weerskante weggesny om 'n spits punt te vorm en dan word die punt gesplits soos die van 'n gewone skoolpen.

Met hierdie gansveerpenne, wat algemeen in gebruik was tot 1860, kon hulle nie alleen goed nie, maar ook baie netjies skrywe. Die skryf onderrig het feitlik uit niks meer bestaan as net die na skryf van letters volgens voorbeelde nie. Hoe die verskillende letters in 'n woord aan mekaar verbind word is nie aan die kind geleer nie. Uit baie van die handtekeninge, waarin die letters duidelik en los van mekaar geskrywe is, kan ons nog die ou metode herken. Al kon baie van die Trekkers glad nie skryf nie, almal kon lees.

By gebrek aan ink het die Trekkers hul eie ink gemaak. Soms het hulle kruit en asyn gebruik en soms is die sap van nastergal bessies gebruik. In ander streke het hulle weer ander plantaardige sappe gebruik. Die ink was ook natuurlik soms baie dof, maar dit het goed aan sy doel beantwoord. Ink was al vir eeue bekend (vgl. Jan Van Riebeeck se inkgeskrifte), maar op trek was dit moeilik om dit te bekom.

Toe die Trekkers eers gevestig was, het daar dikwels 'n onderwyser (?) vir die kinders skoolgehou. Goeie onderwysers — daar was 'n paar — was baie skaars. Baie wat hulle voorgedoen het as onderwysers, het dit bloot gedoen omdat hulle te lui was vir ander werk. Baie van hierdie kamma onderwysers het 'n goeie gebruik gemaak van die platriem en dit het dikwels baie meer beteken vir die bevordering van die kind as die onderwyser self!

In verband met hierdie sy van die onderwys skryf ds. Paul Nel, 'n oud Moderator van die Ned. Geref. Kerk in die Transvaal, as volg in Die Volkstem, 12 April 1938:

"Een van die beste onderwysers wat daar ooit was, was die bekende Van der Lingen, wat in 1855 op Greytown ge-

staan het, toe dit nog die naam Rooyensburg gehad het, voordat dit verdoop is tot Greytown en so genoem is na sir George Grey, wat seker die beste Goewerneur was wat Suid-Afrika ooit geken het. Die ou mense wat Van der Lingen tot onderwyser gehad het, kon nie genoeg tot sy lof spreek nie, en het verklaar dat hy bo al die andere wat hulle geken het, gestaan het.

"As 'n mens dink aan al die ontberinge van die Voortrekkers, selfs nog in die dae van die ou Kolonie, dan is dit 'n wonder dat hulle so 'n hoë peil van godsdiens en beskawing gehou het.

"Net 'n staaltjie omtrent een van die *sogenoemde* skool meesters: My grootvader het een van die pedagoge vir sy kinders gehuur. Ongelukkig was dit een van die wat tydig en ontydig die rottang gebruik het. Ek sê ongelukkig, omdat dit vir homself die ongeluk op die lyf gehaal het. Een dag het hy een van die seuns op die aller wreedste wyse geslaan.

Die nag kon die seun nie slaap nie en hy het gelê en kreun omdat sy liggaam nie alleen bloubont nie, maar stukkend geslaan was. Die ou vader hoor die gekreun, gaan na hom en vra: "Wat makeer jou?"

"Die antwoord was: 'Meester het my geslaan'. Hy lig die kombers op en sien die bloed en die liggaam wat so stukkend geslaan is. Hy gaan haal 'n paar stroppe, en gaan na die meester se kamer en waar hy heerlik aan die slaap is, vat hy hom aan sy voet, gooi die lakens af en gee hom van sy medisyne terwyl die Meester uitroep: 'Vader Nel, wat is dit?' Die ou vader sê: 'Ek sal jou more sê'.

"Die volgende more was die meester maar styf en baie seer en die ou vader sê vir hom: 'Waarom het jy die kind so wreed behandel, asof hy 'n misdadiger is? Jy het jou soos 'n bees gedra en daarom moes ek jou soos 'n bees behandel'."

Daar die Trekkers bewus daarvan was dat skurke hulle dikwels aangebied het as onderwysers, het die ouers in die meeste gevalle self die godsdiensonderrig behartig.

By die Trekkers was die hoofgedagte in die onderwys dat die kinders moes kan spel en lees om die Bybel te lees en te kan volg. Lidmaatskap van die kerk was die een groot ideaal wat elke ouer voor oë had. Lees was meestal ook net beperk tot die Bybel, psalms en gesange, asook enige stigtelike boeke. By baie het die lees met stampe en stote gegaan en vir die kinders was die Hooghollands nie alleen baie moeilik nie, maar meestal ook onverstaanbaar.

Woorde soos ende, gij, somma, herte ens. was vir meer as een kind skrikwekkend. Die oumense, as gevolg van hul eie gebrekkige opleiding, het baie van die woorde op 'n eienaardige, en onverstaanbare manier uitgespreek, veral woorde wat met 'n "g" begin het. Hierdie letter is so hard uitgespreek dat die duidelikheid en betekenis van die woord heeltemal verlore gegaan het.

Dat die kinders dit nog so ver kon bring, is verbasend as in aanmerking geneem word dat die lewe van hierdie Trekkers alles behalwe rustig was. Gedurig moes hulle waak teen onverwagte aanvalle van Kaffers en hierdie onrus het veel daartoe bygedra dat die nodige aandag nie aan die onderwys kon bestee word nie. Selfs met hierdie moeilikhede was dit elke ouer se begeerte dat sy kinders moes kon lees. Die meeste van die kinders het nie meer as ses maande skoolonderrig ontvang nie.

By die aanneming het die meeste katkisante dit ook besonder moeilik gehad. Die volgende gee min of meer die heersende toestande tussen die jare 1860—1875 weer. In 1859 is die gemeente Greytown gestig, maar in daardie dae kon die kinders nie twee weke op die dorpie tuisgaan nie, omdat dit net uit 'n paar huise bestaan het. Ten einde die aanneming by te kon woon moes die katkisante van Groenland (Kranskop) 25 tot 30 myl ver te perd ry. Dou voor dag vertrek hulle na die dorpie en in die middag, onmiddellik na afloop van die klas, keer hulle weer huiswaarts. Die volgende dag bly hulle tuis en die dag daarna moet die reis weer afgelê word. Op die plase, wat toe nog nie omhein was nie, was daar ook gedurig werk in verband met die versorging van die vee

en hierdie werk is merendeels deur die seuns gedoen.

Bedags met al die werk kon die katkisante nie leer nie, maar saans is by die lig van vetkerse geleer. Elke katkisant moes veertien dae katkiseer, met die gevolg dat dit 'n maand geduur het. Op 'n Vrydag is die lidmate aangeneem en Saterdagaand voorgestel.

Sodra die seuns en dogters dan aangeneem en voor gestel was, is hulle onthef van enige verdere studie. En seuns wat velklere gedra het, het dit nou vir doekklere verwissel en is daarna ook toegelaat om 'n pyp en tabaksak te besit. Uit eerbied vir hul ouers en vir die bejaarde mense het hulle egter nooit in hul teenwoordigheid gerook nie. Nadat die jongmense as lidmate van die kerk aangeneem was, kon hulle hul "in den huwelijken staat begeven".

Sonder dat hulle miskien daarvan bewus was, het die Voortrekkers selfs met hul gebrekkige onderwys 'n sterk en 'n stewige fondament gelê waarop hulle nasate kon voortbou.

Die oudste besonderhede in verband met onderwys gedurende die Groot Trek kom voor in Louis Trichardt se bekende dagverhaal. Hierdie besonderhede is egter baie skraal en niks kan daarvan afgelei word wat en hoe die kinders geleer het nie.

Saam met die Trichardt trek het die 75 jarige Daniel Pfeffer gereis, wat vermoedelik die familie Trichardt se huisonderwyser in die Kaapkolonie was. Hoe bevoegd hy was vir sy betrekking is onbekend.

Watter soort onderwys die kinders gedurende hierdie reis na die noorde geniet het, word nie meegedeel nie. As gevolg van al die werksaamhede en moeilikhede op reis kan veilig veronderstel word dat baie min aandag aan die onderwys bestee is. Na die trekgeselskap tot stilstand gekom het naby die teenswoordige Louis Trichardt is daar 'n "school huis" gebou. Volgens die dagverhaal was die 18 jarige Pieta Trichardt besonder fluks met die bou van die skool. Op 23 Maart 1837 skryf Trichardt as volg: . . . . en het (Pieta) een span ossen uitgejaagt om hout

te haalen voor de school." Op die 25ste "Heb Pieta dekgoed voor de school aangesleep", en op Maandag 27 "De morgen is Pieta en Gabriël aan de school aan dekken gegaan; de middag was de dekgoed op, was daar een Kaffer die van al de tijd bij was dat wij daar was gekomen; laat Pieta hem roepen om dekgoed te sneijden, wouw hij niet komen. Is ik na hem gegaan en heb hem een paar houwen met een kierie gegeven; en daar was bij geval nog een passegier, heb ik mee gejaagt en door de vertolk laate zeggen, dat hij en wie of hij was, hier bij mij niet moet komen liggen om de volk van mijn de kost uit de mond te vreten en niets te willen doen. Daar gaf ik Danster de siekels en zij moest gaan palmiet schnijden. Een ander half uur daarna kwam Pieta en zei dat ze bijna genoeg had."

Op een of ander wyse het daar 'n oponthoud gekom met die bou van die skoolhuis en op 22 April "heb oue Daniel de kinderen in de school gezet." In die skool het die werk nie goed gevorder nie omdat Pfeffer nie streng genoeg was nie. Trichardt teken aan "den 25e is Diederik uit de school geloopen." Op Kers more 1837 was Isaak Albug, Kootjie Scheepers en Frederik Botha "apsint", maar vier dae later was hulle weer terug in die skool. Daar was sowat twintig leerlinge in die skool. As gevolg van Trichardt se trek na Lourenco Marques het die skool nie lank bly staan nie. Kort na sy aankoms te Lourenco Marques is Pfeffer aan koors oorlede. Hy kan beskou word as die eerste onderwyser wat aan die Groot Trek deelgeneem het. Wat die kinders geleer het word nie vermeld nie.

## HOOFSTUK VII

## VOORTREKKERPLEK EN PLAASNAME

Die simboliese ossewatrek van 1938 van die suide na die noorde het oor gebaande weë gegaan en op elke plek wat die waens besoek het, is hulle met oorweldigende geesdrif verwelkom. By hul aankoms op elke dorp of historiese plek is herinneringe gewek aan episodes wat honderd jaar of langer tevore daar afgespeel is. Die aanhoor van die name, wat ook 'n deel uitmaak van ons kultuurskatte, voer ons terug in die verlede en laat ons in die verbeelding die lief en leed van 'n dappere voorgeslag meemaak. In sommige van die name is die onbeskryflike lyding en in ander die triomfantlike oorwinning van 'n heldegeslag verewig.

Wie hoor nie in "Weenen" die droewige weegeklag van 'n moeder langs die oewers van Moordspruit nie? Wie hoor nie in "Brandlaer" die knettering van verwoestende vlamme nie?

Dit is almal bakens langs die Pad van Suid-Afrika — bakens wat ons steeds aan die lydensweë en segetogte van 'n voorgeslag herinner, en as onmiskenbare rigsnoere die koers van ons verdere volks trek aanwys.

Die studie van die oorsprong van hierdie plek en plaas name ontvou aan ons interessante gebeurtenisse in die lewe van die Trekkers. Baie van die name het hul ontstaan te danke aan die een of ander belangrike gebeurtenis of persoon. Aleer 'n paar plekname meer in besonderhede bespreek word, noem ons klompie Voortrekker plekname, omdat hulle aantoon hoe oorspronklik, vindingryk en hoe woorderyk die Boer is; hoe hy nuwe, skilderende uitdruk-

kings deur middel van samestellings kan skep.[1]

1. Riviername
   (a) Geaardheid: bv. die Draai-, Hoeks-, Vals-, Vet-, Modder-, Klip-, Sand- en Mooirivier; Sterk-, Schoon-, Holspruit.
   (b) Wilde diere: bv. die Olifants- , Buffels-, Elands-, Renoster-, Krokodil-, Aaprivier.
   (c) Persone: bv. die Rensburgspruit, Bothas-, Boesmansrivier.
   (d) Plante: bv. Wilger-, Matjies-, Riet-, Spekbooms rivier, Bloemspruit.
   (e) Geskiedkundig: bv. Moordspruit, Bloukrans-, Bloed-, Waschbank-, Blye-, Sondagsrivier (Natal), Doctarspruit, Treurrivier, Vegkopspruit, ens.
2. Persone:
   Pietermaritzburg, Rensburgkoppie, Uysklip, Lindley, Uysdorings, Trichardtspoort, Van Reenenspas. Oliviershoekpas, Minnaarshoek, Trichardtsfontein, Kaspersnek, Kafferberg, Nelsfontein, Liebenbergsvallei, Zwagershoek, Broedershoek, Maritzdam (is 'n laerplek in Natal van Gert Maritz), Ohrigstad, Biggarsberg, Broederstroom (die plaas waar broers van genl. A Pretorius in Transvaal gewoon het).
3. Geskiedkundig:
   Winburg, Vegkop, Weenen, Zaailager, Buyskop, Deellaer, Strydpoort (was die skeidingspunt tussen Trichardt en die Van Rensburg geselskappe in die Soutpansberg Trichardt soek na 'n seehawe; Van Rensburg trek noordwaarts).

---

[1] *Baie van hierdie name is ontleen aan Voortrekker argiefstukke 1829—1849, Voortrekkermense I—VI (Preller), Record of the Proceedings of the Land Commissioner for the district of Winburg (1848) en Andries Pretorius (Preller).*

4. Plante en Diere:
   Boskloof, Boskop, Suikerbosrand, Rietvlei, Wonderboom, Grote Mielietuin (aan die Boesmansrivier, Natal, die plaas van genl. Andries Pretorius), Stinkhoutrand (omgewing waar Pietermaritzburg later aangelê is), Buffelshoek (woonplaas van genl. A. H. Potgieter, distrik Rustenburg); Kwagganek (so genoem omdat duisende kwaggas gedurende die winter daar oorgetrek het na die warm Natalse weiveld), Koefontein (langs Rietrivier), Patattehoogte (nou Bereabult, Durban), Rietvallei en Rietbult (die plase van genl. A. Pretorius in Natal); Boomplaats (geleë aan Kromelleboogspruit en so genoem omdat dit die enigste plaas in hierdie omgewing was met natuurbome).
5. Bodembeskrywend:
   Swartkop, Doornkop, Groennek, Kliphoogte, Ysterkop, Groenland (Kranskop), Paardenkop, Blesberg (Thaba Nchu), Doornhoek, Langberg, Magneetshoogte, Kerkenberg, Vaalkrans, Ten Grote Hoek (die plaas van genl. A. Pretorius aan die boloop van Mooirivier, onder Drakensberge).
6. Volkshumor:
   Tandpynhoogte, Ketelfontein, Dronkvallei, Fluksfontein, Welgesoek, Nooitgedacht, Sommer Hell (Summer Hill?), Grootverlang (later Standerton). Branddraai (Karel Trichardt se plaas aan Ohrigstadrivier), Predikantsdrif (Tugela), so genoem omdat die wa waarop eerw. Smit en sy vrou gereis het, hier gebreek het), "Rust der Ouden" (die plaas van genl. A. Pretorius tussen samevloeiing van Krokodil en Magaliesbergrivier).

In die distrik Winburg (1848) maak ons o.a. kennis met die volgende plaasname met uitgang *fontein*, nl. Stryd-, Kwagga-, Palmiet-, Karee-, Klip-, Riet-, Biesies-, Kalk-, Zuot-, Koppies-, Kol-, Bron-, Baken-, Blesbok-, Flop-, Hartebeest-, Twee-, Mooi-, Druip-, Dankbaar-, ens. Die meeste plaasname eindig op fontein.

Humoristies is die volgende: Gooi de Hoed, Hulp Middle, Eindelijk Gevonden, Landdrost Moeite, Landdrost Verdriet, Teepelfontein, Lyn Plaats, Verkeerdvley, Uiterste Hoek, Goedgemeen ens.

Destyds was die landdros van Winburg 'n sekere T. Biddulph wat skynbaar allen die Engelse taal magtig was, met die gevolg dat 'n paar plase verdraaide name ontvang het, soos bv. Burnt Kraal i.p.v. Brandkraal en New Years Fontein i.p.v. Nieuwe Jaars Fontein. Interessant is ook twee plase met tipiese Engelse name, nl. Saxony en Highfield.

Die bo aangehaalde lys van plaasname in die O.V.S. is die oudste bekend. In 1848 is die plase vir die eerste keer opgemeet en die bakens vasgestel.

Ruimte ontbreek om oor al hierdie name te skrywe en daarom gaan ons net die ontstaan van 'n paar name na.

*Uysklip*: In die distrik Dewetsdorp is 'n spoorweghalt met die naam Uysklip, waar die Voortrekkers in 1836 'n eenvoudige gedenksteen opgerig het. Volgens Van der Post in sy "Piet Uys" is dit aan die voet van hierdie steen waar "de Emigranten Boeren ten noorden der Oranjerivier in 1836 de eerste openbare bediening des Evangelies genoten hebben na hun vertrek uit de Kaapkolonie." By die geleentheid is daar huwelike voltrek, die doop bedien en nagmaal gevier en wel deur eerw. J. Archbell, destyds Wesleyaanse Sendeling op Thaba 'Nchu, wat die volgende jaar by die oprigting van die steen, wat die Uys klip genoem is die name van die vernaamste leiers van die Uys trek daarop uitgebeitel het. Dit is gedoen ter gedagtenis van die traktaat van vrede en vriendskap wat gesluit is met Marokko, opperhoof van die Barolong. Hierdie sandsteen gedenkteken is later deur bemoeiing van pres. Reitz aan die Nasionale Museum in Bloemfontein oorhandig om bewaar te word.

*Winburg*: Hierdie oudste dorp in die Vrystaat staan regstreeks in verband met die Groot Trek en is in 1843 gestig, hoewel dit tans betwyfel word. Dit was naby hierdie plek waar die verenigde laer van die Voortrekkers gestaan het en waar Piet Retief ingesweer is as Goewerneur van die Emigrante boere. Die dorpie het sy naam te

danke volgens Voigt en andere aan die oorwinning van die Voortrekkers onder leiding van Potgieter en Maritz oor die Matabele op 17 Januarie 1837 in die vallei van Mosega (Marico, Transvaal).

In "Boer en Barbaar" skryf J. H. Malan as volg: "Nou kon hulle gerus wees aan die Sandrivier. 'n Paar huisjes werd gebouw, wat die begin was van 'n dorp wat Potgieter Winburg noemde, ter herinnering aan die oorwinning deur hem en Uys behaal o'er die Matabele."

Die aanneemlikste verklaring van die ontstaan van die naam Winburg vind ons in 'n hoofartikel van „The Friend of the Free State" van 13 Julie 1860, wat as volg lui:

> "Winburg derives its name from the circumstance that a dispute or rather difference arose between sections of the early immigrants from the Cape Colony, as to the most suitable site for the village. The party who advocated the present site won the day; and baptized the village Winburg. We have not beside us data for fixing the precise date of its foundation. It however does appear evident that this occurred sometime betwixt the year 1836 —1837 — shortly after Retief with his followers had spread themselves between and along the Modder, Vet and Sand Rivers ...."

In dieselfde koerant van 21 September 1860 word die bostaande besonderhede bevestig deur 'n sekere Isaac Dyason van Kingwilliamstown — een van die lede van die landelike kommissie wat behulpsaam was met die opmeet en toekenning van plase in die wyk Winburg (of Wenburg soos wat dit deur die Trekkers genoem was) gedurende 1848 en 1849.

*Vechtkop en Vechtspruit:* Die koppie is ongeveer tien myl suid van Heilbron geleë, terwyl die spruit 'n tak spruit is van Renosterrivier. Op hierdie geskiedkundige plek het 'n handjievol Voortrekkers, waarvan Sarel Cilliers een was, duisende Matabele in Oktober 1836 verslaan.

Hoewel die Trekkers wel die oorwinning behaal het, is hulle beroof van al hul vee en moes toe o.a. hul perde leer om die kakebeenwaens van die vegtoneel weg te trek, daar die stank van die ontbindende kaffer lyke onuithoudbaar geword het. Die Barolong opperhoof Marokko het trek osse na die Trekkers gestuur om hulle na Thaba 'Nchu te vervoer. Die naam spreek vanself.

*Voortrekkerdrif:* Hierdie ou geskiedkundige drif deur Grootrivier naby Aliwal Noord is die drif waardeur die Voortrekkers in 1836 en daarna die woeste wildernis in getrek het. Aliwal self was in daardie dae niemandsland, skaars bewoon deur die woeste baanbrekers. Dikwels moes die Voortrekkers maande lank voor die drif lê en wag totdat die waters sak.

*Commissiedrif*: Hierdie drif is omtrent 'n half uur van Smithfield af in die Caledonrivier geleë. Die drif het sy naam ontvang deurdat die Commissietrek (in 1834), wat die Soutpansberg gaan verken het, daardeur is en daar oornag het.

Dit is hierdie drif wat in later jare, danksy onmoontlike steil walle, die naam verwerf het dat nerens in Suid-Afrika soveel gevloek is as daar nie. Dit word verder ook gesê dat Louis Trichardt en Piet Retief die Caledon 'n paar myl verder oos deur is.

*Bloedrivier*: Te Bloedrivier ("nGome" van die Zoeloes) het kmdt. genl. Andries Pretorius met sy vierhonderd en sestig manskappe die mag van die Zoeloes op die 16de Desember 1838 gebreek en die moord op Retief en baie vroue en kinders gewreek. Pretorius gee 'n pragtige beskrywing van die slag in 'n brief deur hom op 23 Desember uit Dingaan se hoofstat geskryf. Ons volstaan met 'n paar uittreksels

"Het was ons voornemen, den volgende dag, zijnde Zondag, daar stil over to blijven en uit to rusten, doch bij het aanbreken van den dag werden wij spoedig gewaar, dat wij door de geheele magt der Zoolas omringd waren: het gevecht begon dadelik door geweldig schieten van beiden zijden, en de vijand poogde herhaaldelijk om door

stormloopen in onze legerplaats te komen, en teruggeslagen wordende, retireerden zij slechts op korte afstanden, om hunne aanvallen te hervatten; nadat het gevecht enigen tijd aan de gang was geweest, kwamen er nog vijf divisien Zoolas over den rug en voegden zich bij de andere. Ik zag klaar dat wij nu moest doen wat wij konden; ik moedigde mijn manschappen overluid aan, hen verzekerende hoe groot de magt der Zoolas ook schijnen mogt, zij tegen ons niet konden bestaan."

Hy gee dan 'n lang beskrywing van hoe hulle gebruik gemaak het van grofgeskut, en hoe 'n Zoeloe hom in sy hand gewond het.

"Na het gevecht," so vervolg hy, "heb ik het getal der gesneuvelden opgenomen en vond het 3,000 en enige honderden to zijn doch wij bepaalden het slechts op 3,000."

Die rivier het sy naam te danke aan die rooi gekleurde water wat veroorsaak is deur die bloed van die duisende Zoeloes wat daarin doodgeskiet is.

Paulus van Gass, een van die Voortrekkers wat aan die slag deelgeneem het, vertel o.a. die volgende (Voortrekkermense Deel I (Preller) bladsy 53) : " 'n Paar dagen na de slag ben ik enige mijlen onderkant waar ons lager stond de rivier doorgegaan. En toen was het nog alsof het water geheel bloed was. En door kaffers is ons later gesegd, dat dagen ver de rivier z'n water tot bloed veranderd was. En daarvandaan ook de naam van Bloedrivier."

*Pietermaritzburg:* Die volgende uittreksel uit 'n brief [2] van Andries Pretorius, gedateer 21 Maart 1939, is ook besonder interessant.

"Een groot aangenaam waterrijke dorp Pieter Maritz Burg, begint dagelijks dezelfs hoofd boven de omliggende heuvels te verheffen; 300 fraaye erven zijn reeds afgemeten en gedeeltelijk beplant. Het dorp is gelegen aan den benedenzijde van den Stinkhout Berg."

---

[2] *Ned. Z.A. Tijdschrift 1839.*

In verband met die ontstaan van hierdie naam skryf Erasmus Smit in sy Dagboek as volg: "23 October 1838. Tevens heeft de Raad de eerste dorpplaats genoemd: 'n nieuwe aangelegde Kolonieplaats, door de legerkommandant Piet Greyling aangelegd en door de Raad genoemd Pieter Maritz Burg. De eerste naam is naar wijlen de overledene Wel. Ed. heer Piet Retief, voormalige Goeverneur; en de tweede naam naar wijlen de overledene Wel. Ed. heer G. M. Maritz, voormalige President van de Raad van Politie in 't leger."

In 'n brief geskryf op 18 Mei 1839 [3] lees ons o.a. die volgende: "Onze vrienden in de hoofdstad, Pieter Maritz Burg (genoemd naar de twee eerste Hoofden Pieter Retief en Maritz,) zijn begonnen aldaar eene kerk to bouwen, . . ."

*Ketelfontein*: Naby Pietermaritzburg is 'n plekkie met hierdie eienaardige naam, die oorsprong waarvan aan min bekend is. Op een van hul reise het 'n klompie van die Voortrekkers vanmelewe hier uitgespan. Die vroue het dadelik laat vuurmaak om die waterketels te laat kook. Onder die osse was daar 'n wilde wat kroes was en die moes medisyne ingegee word. Die osse is toe aangekeer, maar die sieke wou nie tussen die ander staan nie en het die loop geneem in die rigting van die vuur. Toe by oor die vuur wou spring, trap by met sy poot in 'n ketel kookwater en kon sy poot nie weer bevry nie. Die os het natuurlik die wêreld geskeur en is eindelik na baie moeite weer gevang, maar toe die Trekkers die ketel van sy poot afhaal, het die kloutjies afgeval hulle was gaar verbrand! Die os moes van kant gemaak word. As gevolg van hierdie gebeurtenis is die plek Ketelfontein genoem.[4]

*Tandpynhoogte:* Hierdie naam is 'n pragtige voorbeeld van egte Boerehumor. Tussen Muden en Weenen IC, die

---

[3] *Ned. Z.A. Tijdschrift 1839, bl. 320.*

[4] *Volgens oorlewering. 'n Ander verklaring van die naam lui so: Die laaste uitspanplek van die Voortrekkers voor die intog in, die eerste op vertrek van Pietermaritzburg - vandaar die naam Ketelfontein.*

hoogte bekend as Tandpynhoogte. Dit word ons vertel dat 'n geselskap Trekkers die hoogte uitgereis het met hul waens. Terwyl die osse besig was om die waens daar uit te sleep, het een van die Trekkers so geweldig tandpyn gekry dat die geselskap teen die hoogte moes uitspan. As gevolg van hierdie gebeurtenis is dit toe ook genoem Tandpynhoogte.

*Weenen:* Die oorsprong van hierdie naam het al baie verwarring veroorsaak, soos duidelik blyk uit aanhalings in geskiedenisboeke. In "Natal: the Land and its Story," Russel (1895) lees ons onder andere die volgende: "The village of Weenen takes it's name, not alone from the weeping of the Dutch people for their dead, but from the wailing and lamentation of the kaffirs as they were pursued by the revenging bullets of the Boers in that terrible (!) chase down the Bushman River Valley."

Russel was die Zoeloes baie simpatiek gesind en so kan ons volgens sy boek aanneem dat hy 'n negrofiel was en gevolglik meer begaan oor die lot van die Zoeloes as oor die van die Voortrekkers. Die Voortrekkers sou nl. die moord op Piet Retief en andere nooit 'n naam aan 'n dorp gee weens leed deur hul vyand ondervind nie. Die sou ingedruis het teen hul beskouinge omtrent die naturelle.

Hattingh [Voortrekkermense Deel I (Preller)] gee die aanneemlikste verklaring van die oorsprong van hierdie naam, nl. "Nu was het 'n onophoudelik geween over broeders, zusters, ouders, kinderen; geen een was er bijna of hij had een zijner bloedverwanten te betreuren. Hiervan kreeg later 'n dorp daar nabij aangelegd, de naam van Weenen, naar die droefheid der mensen." 'n Ander beskouing is dat Weenen so genoem is as gevolg van die geween wat daar opgegaan het te Modderlaer as gevolg van die neerlaag en dood van Piet Uys en andere te Italeni.[1]

In Voortrekkermense Deel V (Preller) gee Hattingh die

---

[1] *Vertelling van Swart Dirk Uys.*

volgende besonderhede in verband met die oorsprong van die naam.

"Een der voormannen, welke naar Drakensberg afkwamen, was Andries Spies, die zich met zijn gezelschap vestigde aan Bosmansrivier, waar hij de grondslag legde voor 'n dorp hetwelk naar de vroegere moord der mensen, die hier plaats gevonden had, Weenen genoemd werd."

Mannin "The Colony of Natal" (1859) gee die volgende verklaring van die ontstaan van die naam Weenen.

"They (the Zulus) surprised a considerable encampment of the Dutch, where the township of Weenen is now fixed, and murdered women and children as well as men. The present name of the place 'Weenen' is the sad memorial of this occurrence."

Weenen is in 1840 aangelê, maar die dorpie was eers bekend as Boschjesman Rivier Dorp. Die dorpie is egter nie aangelê op die terrein waar die Bloukransmoord plaas gevind het nie, dog is slegs so genoem ter herdenking aan die moord.

Besonder interessant en ook wetenswaardig is die oorsprong van die name van die oudste Voortrekker dorpe in Transvaal, nl. Potchefstroom (soms ook bekend as Mooirivier), Rustenburg, Ohrigstad, Lydenburg en Zoutpansberg.

*Potchefstroom:* Dit is die oudste en eerste dorp deur die Voortrekkers gestig en in verband met die oorsprong van die naam lees ons die volgende: [5]

„Deze (d.w.s. die Trekkers onder leiding van Hendrik Potgieter) bouwden in 1839 eene stad, aan de in de rivier uitstroomende Mooirivier en noemde haar Potchefstroom, naar den naam en de betrekking van haren hoofdman en naar de waterrijke plaats waar zij gevestigd werden."

Cachet [6] skryf as volg oor die oorsprong van die naam:

---

[5] *De Hollandsche Afrikanen en Hunne Republieken in Zuid-Afrika - J. Stuart 1854.*

[6] *De Worstelstrijd der Transvalers - F. Lion Cachet 1883.*

"Evenals in Natal, werd er in Transvaal een hoofdstad aangelegd, die naar den aanvoerder van den trek geheeten, den naam Potchefstroom ontving."

*Andries Ohrigstad*: Die oorsprong van die naam Ohrigstad is maklik te verklaar, maar die naam Andries lewer heelwat moeilikheid. Cachet meen dat dit is die eerste naam van Potgieter, die aanvoerder van die trek, maar dit is heel onwaarskynlik, omdat Potgieter altyd geken is by sy tweede naam Hendrik en sy eerste naam Andries nooit gebruik is nie. Die aanneemlikste verklaring, hoewel dit ook nie heeltemal bevredig nie, vind ons in die "De Hollandsche Afrikanen." Dit lui as volg:

"De partij van Potgieter had, op raad van den heer Smellenkamp, Potchefstroom verlaten, zich veel noordelijker begeven en in 1844 en 1845 Or rigstad, of Andries Ohrigstad, genoemd naar den naam van den eerste Nederlander, die zijn schip tot de emigranten had doen voeren, of welligt ook naar den voornaam van den heer Smellenkamp — deze bijzonderheid heb ik niet nagegaan, uit hoofde het stadje in 1846 en 1847 alreeds nagenoeg vervallen was - gebouwd."

*Lydenburg:* Volgens bygaande beskrywing deur Stuart is die oorsprong van hierdie dorp se naam baie duidelik.

"De partij van Pretorius, veel talrijker dan die van Potgieter, nam de verlatene streek in en breidde zich nog veel verder uit, terwijl de Potgieters, bevindende dat de omstreken van Ohrigstad, hoe verrukkelijk schoon van nature en hoe vruchtbaar ook, hoogst ongezond waren, zich verdeelden en nog meer noordwaarts op of meer zuidwaarts gingen; de meeste hunner in de nabijheid van de streek waar zij in 1845 en 1846 de stad Lijdenburg, alzoo genaamd ten gevolge van l:et lijden dat zij in Ohrigstad ondervonden hadden, aanlegden."

*Rustenburg : O*mtrent die aanlê van hierdie dorp in 1850 lees ons die volgende in die Volksraadbesluite van 22 Januarie 1850:

"Memorie ingekomen van den Kerkeraad van Magaliesberg, getekend door tweehonderd vijf en zestig per-

sonen, vragende aan den Edele Raad een plaats niet bebouwd, voortijds behoorende aan den heer H. C. W. Vermaas tot die opbouw van een Gereformeerde Kerk." Die Raad het die plaas aan die kerkraad en gemeente toegestaan onder sekere voorwaardes.

Insake die naam skryf Cachet as volg : "Deze gansche streek (d.w.s. Rustenburg), op Moselekatse veroverd, was vroeger door dat kafferhoofd, tot het schouwtoneel zijner bloedigste verdelingsoorlogen gemaakt, en gevolgelik hebben de Boeren hier minder van de Kaffers to lijden gehad en konden zij *rustiger* hunne plaatsen bebouwen, dan elders."

*Zoutpansberg:* In verband met hierdie dorpie word die volgende besonderhede deur Cachet verstrek:

"Door Hendrik Potgieter in 1848 gesticht, werd het district slechts voor een korten tijd door de Boeren geregeld bewoond. Er werd een dorp aangelegd, Zoutpansberg of Schoemansdal geheeten, met schoone vooruitzichten op een belangrijken handel in ivoor met de inboorlingen, doch de plaats moest later, ten gevolge van de moeilijkheden met de Kaffers worden opgegeven."

Die naam word afgelei van die bergketting en die sout pan aan die noordelike voet van hierdie bergreeks.

*Dronkvallei:* Teen die einde van 1840 het die Voortrekkers in Natal 'n ekspedisie onderneem teen die Kafferhoof Napaai. Op reis daarheen het hulle op 'n plek uitgekamp wat later bekend was as Dronkvallei. In verband hiermee lees ons die volgende: "Deeze plaats heef een zeer geschikt naam gekregen want wij waaren niet langer als twee uuren uitgespannen of wij wierden gewaar dat onze paarden en zelfs ossen dronken waaren.

Drie paarden zijn verongelukt met needer slaan tegen de aarde. [7] Die perde en osse bet bier een of ander giftige bossie geeet met bostaande gevolge.

Plaasname soos Landdrost Moeite en Landdrost Verdriet het waarskynlik ontstaan as gevolg van die moeite

---

[7] *Voortrekker argiefstukke 1829 1849. Bl. 53.*

en verdriet waarmee die landdros te kampe had in verband met die bakens. Broedershoek, Natal (1852) is so genoem omdat die Voortrekker Dewald Pretorius en sy broers almal in dieselfde omtrek gewoon het.

Ander bekende Voortrekkerplekke- en plaasname is o.a. Danskraal, waar die gelofte afgele is, Uysdorings, Deellaer (naby Pietermaritzburg), Groenland (Kranskop) so genoem omdat die wêreld so mooi groen is, Zaailager (kyk Laername, Deel 1), Retiefnek (Witteberge O.V.S.) ens.

Die volgende is 'n lys van tipiese Voortrekker plaas name in Natal, volgens oorspronklike grondbriewe in die Staatsargief, Pietermaritzburg. In die wyk Pietermaritzburg maak ons kennis met die volgende name (spelling onveranderd): De Honing Krans, Smalhoek, Nietgedacht, De Rietvallei, De Groote Doornkloof (hierdie plaas was eiendom van die weduwee van Pieter Retief), De Buffels Valley, Oorsprong van Buffels Valley, Standvastigheid (plaas van Louis Jacobus Nel, de Oude), Nooitgedacht, Zondagskloof, Eersteling, Kafferkraal, Boschhoek, Leliefontein, Uitkomst, Hartebeestfontein, Spitzkop, De Geelhoute Bome, De Doornhoek (plaas van Voortrekker Jan Thomas Martens -nog in besit van die familie), De Vogelfontein of Tafelberg, Lange Hoek, Weltevreden of Vlaktehoek, Kruisfontein of Hebron, Bothasbosch (na eienaar vernoem) De Uitkyk, De Zuure Rug, De Roode Spruit, Hoopwel, Cameelhoek, Goede Verwagting, De Kruis, De Riet Kuil, Uitvlugt ens.

In die wyk Weenen tref ons o.a. die volgende:
Welgelegen (voorheen Sybrands Hoek), De Rietbult aan de Paarde Voetpad (die plaas van kmdt.-genl. A. W. J. Pretorius), De Lager van Groot Pieter Venter (ene Petrus Jacobus Venter), De Kromme Draai, Weltevreden, Rama, Hermanuskraal (Johannes Hermanus Potgieter), Goedgenoeg, De Blaauwkrans (aan Blaauwkransrivierlager van Potgieter).

In Port Natal kry ons o.a. die volgende : Melk Houte Kraal (plaas van die weduwee van Petrus Lafras Uys), Duikerfontein (plaas van Johannes Stephanus Maritz,

senior), Dassenhoek, De Buffels Kop (Salomon Maritz, S-seun), Tjakaskraal ens.

Interessant in verband met bostaande plaasname is die menigte name wat begin met die woordjie *de.* In latere jare het hierdie woordjie voor die plaasnaam verdwyn. Meeste van hierdie name is bodembeskrywend en dit het te doen met plante of diere. Die oorsprong van hierdie name gee geen moeilikheid nie. In name soos Standvastigheid, Hoopwel, Weltevreden, Goede Verwachting ens. sien ons duidelik die gees en karakter van die Voortrekkers. Enkele van die plase is vernoem na die eienaars.

Al sou die nasate van hulle wat die pad bewandel het in die stryd om nasieskap miskien eendag ten onder sal gaan, sal hierdie honderde bakens nog steeds die roem en strewe van die Voortrekkers aan die wêreld verkondig, want hulle is onuitwisbare en onvernietigbare tekens wat wys op 'n pad waarlangs ware volks grootheid verwesenlik kan word.

"En tussen die troppe wat los oor die vlaktes trek
Sien ek spanne wat voet vir voet, waardig, geduldig, bedaard,
Aan waens beur wat kreun en kraak oor die ongemaakte pad
In 'n vaste lyn agtermekaar soos 'n duisendpoot sonder ent.

*********

Weer waar die trek verby is, weer lê die vlakte verlate,
Stil, onafsienbaar, in eensame majesteit wagtend.
Maar hy dra nou 'n merk wat sal duur soos in marmer gebeitel,
'n Teken van aanklag getuiend teen nydige stoflike mag,
'n Teken van krag onoorwinlik, die krag van die siel wat leef:
'n Gedenksteen nederig, heilig, hoog sonder hande gemaak
'n Pad deur Voortrekkers voete getrap, die Pad van Suid-Afrika." (C. J. LANGENHOVEN.)

## HOOFSTUK VIII

## DIE VOORTREKKER SE MAALTYD

Vir die meeste van die besonderhede wat hier verskyn, is ek dank verskuldig aan my ouers albei kinders van Voortrekkers wat my baie meegedeel het in verband met die lewenswyse van die Voortrekkers.

Breekgoed was in die dae van die Voortrekkers 'n weelde artikel, omdat die goed so maklik stukkend geraak het op trek. Die weinige breekgoed wat hulle saam geneem het, was in menige opsigte spoggoed, soos die foto',s duidelik aantoon.

Die tafels was oor die algemeen besonder klein en in die reël was daar net sitplek vir vier of ses mense. Dat hulle klein was, is maklik te verstaan as die ruimte op die kakebeenwa in aanmerking geneem word. In die begin is gebruik gemaak van veldstoele om op te sit. Hierdie stoele vou nie alleen toe nie, maar neem ook baie min plek in beslag op die waens. In later jare is die veldstoele vervang deur riempie,stoele. Baie Voortrekkers het darem pragtige en waardevolle stelle stoele uit die Kolonie saam gebring.

Tydens die reis oor die Drakensberge op 14 November 1837 skryf Erasmus Smit as volg : ". . We hadden, Gode zij ,dank! weinig ongelukken. Alleen een wagen van onze goede medereiziger, W. Prinsloo, is, in de beginne van 't afgaan der eerste zware hoogte, omgeslagen, en 'n fraai zet stoelen is er gebroken; maar geen schade aan enig mens of beest."

Tafels en stoele is self deur Voortrekkers van geel of stinkhoutplanke gemaak. Die blaaie van die tafels is gewoonlik gemaak van geelhoutplanke, terwyl stinkhout

gebruik is vir die pote. Riempiestoele is meestal gemaak van stinkhout en is so stewig vervaardig dat baie van die stoele vandag nog in gebruik is.

In die eetkamer of voorhuis het die ou mense ook die wakis en rusbank geplaas om as sitplek te dien.

Die skottelgoed het meestal bestaan uit blikborde en blikskottels, asook drietand ystervurke en tinlepels. In die begin was tafelmesse besonder skaars, met die gevolg dat die Voortrekker sy sakmes moes gebruik om sy vleis stukkend te sny. Die vader en moeder van 'n gesin het uit porseleinborde geëet en die kleur van die horde was meestal blou met 'n patroon daarop. 'n Bekende patroon was die van die wilgerboom en die brug oor die rivier.

Ander patrone was trosse druiwe, swaeltjies, blare en blomme. Die vleisskottels was volgens die voorbeelde in die museum van verskillende groottes en kleure. Die vleis skottel bo links het 'n duik of bakkie aan die een kant vir die sous. Sulke skottels is vandag onbekend.

Op die trek self het die Voortrekkers gebruik gemaak van tinborde wat altyd pragtig blink was. Wanneer hulle deurgeslyt was, is hulle gesmelt om koeëls van te maak. Sodra die Trekkers gevestig was, is die porseleinborde ens. voor die dag gehaal en gebruik.

Koppies en pierings is in die ou dae selde gesien, omdat hulle so maklik gebreek het op die trek. Om uit te drink, het hulle kommetjies van verskillende groottes en kleure gebruik. Hierdie kommetjies is eers van koper gemaak en was baie duur. Dit was niks buitengewoons dat 'n koperkommetjie soveel as 'n pond kos nie. Die ronde erdekommetjies was goedkoper en het net so goed aan die doel beantwoord.

Op tafel het daar selde ander kos voorgekom as vleis, brood en melk, aartappels, pampoen, wortels, gestampte mielies en gestampte koring. Die meeste huisgesinne het saans ook mieliepap aan tafel geëet. Hierdie gewoonte het met verloop van tyd uitgesterf, maar daar is nog gesinne waarin die gewoonte gehandhaaf word.

In verband met groente wat in 1851 deur Voortrek-

kers in Transvaal gekweek is, skryf Stuart as volg:

"Behalwe mielies en een weinig tarwe, ziet men anders niet, dan pampoenen en waterlemoenen, wat aardappelen, gewone en zoete, die pattaters genoemd worden, wat erwten en boonen, hier en daar groote en kleine velden met tabak en suikerriet."

Op 'n ander plek skryf Stuart as volg:

"Het karakter van den Hollandschen Afrikaan is vredelievend en gastvrij. De man bestuurt al wat niet tot de huishouding van het gezin behoort; de vrouw al het overige, dus ook den tuin en het pluimgedierte."

Die geliefkoosde kos van kinders was brood en melk of koue gestampte mielies en melk. Die kinders moes alles sonder suiker eet. Suiker was in daardie dae 'n weelde artikel en net die ou mense het dit gebruik. Die sakkies waarin die suiker verkoop is, was bekend as polmietsakke. (Waarskynlik word hier bedoel palmietsakke.)

Aan tafel het die vader altyd gebid en die gebed deur hom opgesê, lui as volg : "Zegen, Vader, het geen wij eten en laat ons nimmer U vergeten. Amen." Tot vandag toe maak die kinders van die Voortrekkers in Natal gebruik van hierdie eenvoudige gebed, wat ook oral in ons land bekend is.

Volgens mededelings was daar geen geselsery aan tafel nie. Die kinders het geëet om klaar te kry. Die ouers was baie streng op hul kinders, die kleinspan moes gesien, maar nie gehoor word nie. Kom daar kuiergaste, moes die kinders wag totdat die groot mense klaar is en dan kon hulle aan tafel kom sit. Na ete het die vader die volgende dankgebed uitgespreek: "Voor spijs en drank zeggen wij U lof en dank. Amen."

Na die danksegging moes die kinders die moeder behulpsaam wees met die afneem van die skottelgoed en ook die eetkamer help uitvee en aan kant maak.

In verband met bygaande foto's word 'n paar aanvullende besonderhede verstrek. Die groot vleisskottel aan die regterkant is baie oud. Hierdie skottel het die avontuurlike reis in 1836 vanaf Klaasvoogdsrivier, by

Robertson, na Natal meegemaak.



*Vleisskottels en Kommetjie.*
[Voortrekkermuseum, P.M. Burg.]

Voor in die middel van die illustrasie is 'n tipiese ronde kommetjie met 'n voetjie soos algemeen in daardie dae gebruik om uit te drink. Die kommetjie wat in 1938 uitgereik is ter herdenking van die Eeufees van die Voortrek is volgens hierdie model.

Die ander foto is van 'n baie fyn porselein teeservies van meer as honderd jaar gelede. Dit is blou van kleur

en seker een van die mooiste breekgoed versamelings in die Voortrekkermuseum.



*Porselein Teeservies.* [[Voortrekkermuseum, P.M. Burg.]

Die volgende besonderhede in verband met breekgoed uit die dae van die Groot Trek is vir ons belangrik (Voortrekkermense Deel I, bls. 250-251)

"Die 'breekgoed' van die trekdae het bestaan, hoofsaaklik uit min of meer onbreekbare dinge, alhoewel sommige mense ook skottelgoed van aardewerk gehad het, en sommige selfs allerlei fyne porseleinvoorwerpe, wat egter meegevoer werd enkel met die doel om voor 'n dag te kom als daar weer 'n behoorlike woonhuis was.

Op die trek werd borde gebruik van ‚tin' - nie ‚blik' nie, maar suiwere tin, want als 't deurgeslyt was, werd 't opgesmelt vir geweerkoeëls en ook versmee tot ander voorwerpe. Koppies en pierings het mens maar selde gesien, dewyl die te fyn geag word vir die daelikse trek lewe. Die voornaamste drinkskaal was 'n tamelik grote kopere beker, wat ongeveer 'n pond sterling gekos het en verder ronde aarde kommetjies van verskillende grootte."

Op Dingaan se vendusie op 24 Desember 1838 [1] op Umkungunhlovu het die Trekkers o.a. van die volgende artikels gekoop, nl. erde en tinkommetjies, koppies en pierings, borde, suikerpotte, bekers, kraffies, soutvate, tinbekers, sopkomme, souspotte, blikborde, blikemmers, skinkborde, 'n silwer teepot en 'n silwer beker wat aan kmdt. genl. Andries Pretorius verkoop is vir 300 Rd., d.w.s. £22 10. Bostaande voorbeelde word aangegee om te toon watter soort breekgoed ens. die Trekkers besit het.

---

[1] *Voortrekker argiefstukke R 22/38.*

## HOOFSTUK IX

## KOPERWARE UIT DIE DAE VAN DIE VOORTREKKERS

Die versameling koper en tinware in die Voortrekker museum is nie besonder groot nie, maar wat daar is, gee ons 'n baie duidelike denkbeeld van wat die Voortrekkers uit die Kaapkolonie saamgebring het.

Bo in die middel van die foto is 'n pragtige koperketel te sien wat behoort het aan Voortrekker Jan Thomas Martens uit die distrik Graaff Reinet. Hierdie Voortrekker rus in die ou familiekerkhof Doornhoek, naby Pietermaritzburg. Hy was vader van agt seuns en agt dogters, en dit is dus vanselfsprekend dat so 'n groot ketel nuttig te pas gekom het in so 'n groot gesin. Die ketel is sewe duim hoog, amper twaalf duim in deursnee en voorsien van 'n stewige ysterhingsel. Tussen die hingsel en die tuit is 'n regopstaande koper tuitjie, wat aandui wanneer die water in die ketel kook. Hierdie stewige ketel het die reis meegemaak van Graaff Reinet en saam met die eienaar rondgeswerf in die Oranje Vrystaat en Natal. Jare lank het dit getroue diens gedoen in die woonhuis op Doornhoek. Behalwe 'n duikie hier en daar makeer dit nog niks nie.

Regs bo is 'n baie tipiese voorwerp uit die dae, nl. 'n koffieketel op 'n konfoor. Die woord konfoor is afgelei van die Franse woord "chauffoir" en dit beteken 'n vuurput. (Hierdie woord is natuurlik deur die Franse Hugenote in Suid Afrika gebesig, maar gaandeweg, as gevolg van die verdringing van die Franse taal, het dit 'n Afrikaanse vorm aangeneem.) Die koper konfore waarvan verskeie voorbeelde in die museum te sien is, is interessante



*Koperware.* [Voortrekkermuseum, P.M. Burg.]

voorwerpe uit die dae van vuurherde, want hierop het die ou mense die koffie warm gehou. Binne in die konfoor is 'n ronde ysterbakkie, wat mooi daarin pas en van luggaatjies voorsien is. Die koper konfoor is ook van luggaatjies voorsien. Bo op die ysterbakkie is drie skarniere, wat alleen na buite omslaan, maar na binne bly hulle waterpas en slaan nie af nie. Op hierdie skarniere het die koper koffieketel gerus. Om die koffie warm te hou, is die ysterbakkie of vuurput gedeeltelik met gloeiende kole gevul en die koffiekan met koffie bo op geplaas. Die blink geskuurde konfoor en koffiekan het op 'n tafeltjie gestaan.

Van belang is dit om te weet dat die Voortrekkers groot koffiedrinkers was. Tee het hulle nie baie gedrink nie. Die duur koffiepitte (2/ per pond) is eers binne die koffiebrander gebrand en daarna tussen twee klippe fyn gemaal, soos die Zoeloes vandag nog hul kaffer koring en mielies maal. Op trek het Voortrekker Landman 'n meul gemaak bekend as 'n noormannetjie (*Rompel Koopman : "In het land van Piet Retief*"). Dit was so ingerig dat dit met die draai van die kakebeenwa se wiele gemaal het. Met behulp hiervan is koring en mieliemeel gemaal.

Hierdie meul is ook gebruik om koffie mee te maal. Voortrekkers wat 'n watermeul of 'n omslagmeul besit het, het dit ook gebruik om koffie te maal. Voortrekker Dewald Pretorius (kyk *Die Voortrekker en sy Medisyne*) het op sy plaas Broedershoek, Groenland (tans Kranskop, Natal), 'n watermeul opgerig en al die Voortrekkers woonagtig op Groenland het jare lank hul koring en mielies by hom laat maal. Behalwe hierdie meul was daar ook o.a. twee watermeulens op Pietermaritzburg en ook een op Welverdiend, die plaas van genl. Andries Pretorius. Laasgenoemde word as 'n historiese gedenkwaardigheid op Weenen bewaar.

Soos reeds gesê was die Voortrekkers liefhebbers van koffie en omdat stowe nog onbekend was, was die konfoor 'n uitstekende middel om die koffie warm te hou, en die kole het ook verhoed dat die koffiekan swart brand.

Links bo in die foto is 'n outydse koffiekan, die eiendom van 'n Franse vlugteling, wat heeltemal verskil van die koffiekanne met 'n tuit. Dit is voorsien van 'n kraantjie. Die koffiebak of erdekommetjie word eenvoudig onder die kraan gehou en met koffie gevul sonder dat dit nodig is om die koffiekan van die konfoor af te haal.

Voor in die middel van die foto is 'n besonder ouderwetse ronde koper wasgoedbakkie met twee handvatsels, wat in 1836 uit die Kolonie saamgebring is deur Voortrekker Jacobus Snyman. In hierdie bakkie is koppies en pierings afgespoel. Koppies en pierings het 'n mens baie min in die dae gesien, omdat hulle nog nie algemeen in gebruik was onder die Voortrekkers nie. Hulle het ook maklik gebreek op trek. Baie Voortrekkers het egter wel koppies en pierings saam geneem, maar die is eers gebruik toe hulle in huise gevestig was. Op trek het die mense gebruik gemaak van koper drinkbekers (onder tweede van regs) en ook van ronde erdekommetjies. Die koperbakkie is nie alleen gebruik vir die koppies en die pierings nie, maar ook om ander breekgoed in te was.

In die onderste ry is 'n outydse koper blaker wat ook algemeen gebruik is in die dae van vetkerse. Langs die

blaker is die snuiter en die demper, waaroor daar reeds geskryf is, duidelik te sien. Baie interessant is die kers wat in die koper blaker is. Hierdie kers is op die trek van gannabessiewas gemaak deur die Voortrekkervrou Fick Landman.

Heeltemal regs is 'n ouderwetse kopervysel en stamper soos wat deur die Voortrekkers gebruik. Vandag is dit 'n seldsaamheid. Hierdie kopervysels is vir honderd en een doeleindes gebruik. Onlangs het ek een gesien, en presies soos die een op die foto, met die binnekant vol ontelbare duikies. Dit is al oor die honderd jaar in gebruik en sal nog honderde jare diens kan doen.

Die koperkandelaars, wat ook teenswoordig 'n rariteit is, is algemeen in die dae gebruik en as hulle blink gevryf is, was hulle saans 'n sieraad op enige tafel. Kandelaars laat altyd 'n kamer, veral 'n eetkamer, besonder aantreklik lyk.

Langs die vysel is 'n tipiese koper kommetjie of beker soos deur die Voortrekkers gebruik. Terwyl die meeste ronde erdekommetjies gebruik het, het enkele gebruik gemaak van koper bekers met 'n handvatsel of 'n oor. Omdat hulle so duur was, is hulle oor die algemeen min gebruik.

Die kopergoed van die ou mense het altyd soos 'n spieël geblink. Met al hul moeilikhede het die Voortrekkers altyd een goeie deug gehandhaaf, nl. sindelikheid nie alleen wat betref hul wêreld se goed nie, maar ook wat betref hul geestelike goedere.

## HOOFSTUK X

## DIE VOORTREKKER EN SY MEDISYNE

As inleiding tot die beskrywing van die gebruik van egte ou boererate en medisyne vir verskillende siektes en beserings sal dit van pas wees om 'n werklike gebeurtenis te meld. Die gebeurtenis is so interessant dat dit vir die nageslag bewaar moet word en die verhaal daarvan verskyn nou hier die eerste keer in druk.

Hier voor my lê 'n portret van die Voortrekker Dewald Pretorius en sy vrou, wat al die lief en leed, die soet en suur van die Voortrek meegemaak het. Hierdie Voortrekker was 'n neef van kmdt. genl. Andries Pretorius, die held van Bloedrivier. In 1850, na baie omswerwinge het Dewald Pretorius en sy seuns Piet, Wynand, Andries en Erich (later kommandant in die Tweede Vryheids oorlog op Ermelo) hulle gevestig op die plaas Broedershoek, Kranskop, Natal. Aan die plaas is hierdie naam gegee, omdat al die Pretorius broers naby mekaar gewoon het. Van die opstal wat die vader naby 'n waterval aangelê het, is die fondament van die woonhuis nog te sien, en ook 'n reuse bloekomboom wat hy eiehandig in 1851 geplant het.

'n Groot gedeelte van die plaas bestaan uit bosveld, meestal soet- en plat-kroon doringbome, blinkblaar wag 'n bietjie, nooiensboom (kiepersol), aalwyn, melkbos, haak en steek, beukesbossies en tussen die doringbome Uys kweek. Hier het dit in daardie dae gewemel van bosbokke, duikers, impala, en selfs olifante is aangetref. Volgens die gewoonte van daardie dae het die mans gedurig te perd in die bosse gaan jag om die pot aan die kook te hou.



*Voortrekker Dewald Pretorius en Eggenote.*
*[Let op afvingers van regterhand.]*

Die ou vader het 'n geweldige voorlaaier gehad, seker een van die grootstes in die omtrek. Die loop was so groot dat die lopers sommer sakkies gewys voor ingegooi is. Op 'n dag in die jaar 1855 het die vader, sy seuns, sy skoonseun en 'n paar bure die bosse ingery om wild te skiet. In 'n opening tussen die bome het die jagters af geklim, die teuels van die perde aan die bome vasgehaak en dieper in die bos 'n paar bokke doodgeskiet. Weer by die perde aangekom bet hulle die bokke agter op die saals vasgemaak en aanstalte gemaak om te ry. Met die opklim het die ou vader sy voorlaaier in sy linkerhand gehou en net toe by sy regtervoet wou oorsit oor die saal, het die voorlaaier onverwags afgegaan en drie vingers van sy regterhand verbrysel. Die verskrikte geselskap het dadelik huiswaarts gekeer ten einde die beseerde hand te verpleeg en die bloed te probeer keer.

Die beseerde hand is dadelik met skoon, lou water afgespoel en toe die skoonseun, Thomas Martens, bemerk hoe erg die vingers verbrysel was, besluit hy dat die vingers afgesit moet word. Die hand is op 'n houtblok geplaas en met behulp van 'n beitel en 'n hamer het die skoonseun eers die een en toe die ander twee vingers afgekap. Die beitel was nie breed genoeg om al drie die vingers gelyk of te kap nie. Dat die afgekapte vingerstompe geweldig gebloei het, spreek vanself en die vraag was hoe om die bloed te keer.

Terwyl die skoonseun besig was om die vingers af te sit, het een van die seuns spinnerakke versamel. Die spinnerak is met 'n weinig suiker gemeng en toe op die bloeiende vingerstompe geplaas. Die wonde is toe verder met lappe toegebind en dit het nie te lank geduur nie, of die vingerstompe het opgehou met bloei. Die ou vader se lewe was gered deur 'n eenvoudige boereraat. Nadat die vingerstompe opgehou het met bloei, is pleisters daarop geplaas en na verloop van tyd het die hand pragtig genees.

Op bygaande interessante portret rus die vader se

hande op sy bene en baie duidelik kan opgemerk word dat die regterhand net twee vingers het, nl. die duim en die wysvinger.

In daardie dae (1855) was daar net een geneesheer op Pietermaritzburg, wat sewentig tot tagtig myl van die plek van die ongeluk af was. Omdat die hand so geweldig gebloei het, was dit onmoontlik om die beseerde daarheen te neem. Te perd sou dit minstens twee dae en per ossewa nog langer geneem het. Juis omdat daar in daardie dae geen dokters was nie, moes die Voortrekkers gebruik maak van beproefde boererate wat, hoe eenvoudig hulle ook al mag wees, die enigste middels was wat hulle kon toepas om hul eie en hul medemens se lewe te red. Die Voortrekkers het ook baie min vertroue in die dokters van daardie dae gehad.

Bostaande gebeurtenis is kenmerkend van baie ongevalle wat in daardie dae plaasgevind het en gedurig moes die Voortrekkers en hul kinders eenvoudige rate toepas. 'n Ander uitweg was daar nie. Hoewel baie van die ou boererate vandag ondoeltreffend blyk, moet ons nooit vergeet dat tye en omstandighede toe heeltemal anders was as vandag nie.

In die volgende hoofstuk word meegedeel watter rate en medisyne vanmelewe in Natal deur die Voortrekkers gebruik is.

Besonder baie moeite is gedoen om soveel besonderhede as moontlik te versamel deur persoonlike onderhoude met kinders van Voortrekkers. Baie van die genees middels en rate word vandag nog gebruik, maar baie het ook al in onbruik verval.

## HOOFSTUK XI

## DIE VOORTREKKER EN SY MEDISYNE

**(vervolg)**


Met die Voortrekker geselskappe het geen genees-here saamgereis nie en die Voortrekkers was al lank in Natal en Transvaal gevestig voordat hulle ooit 'n dokter gehad het. Dokters was in die dae baie skaars en omdat die Voortrekkers al die jare in die Kaapkolonie sonder hulle moes klaarkom, het die ou mense geleer om gebruik te maak van hul eie boererate en van beproefde medisyne, wat vandag nog algemeen gebruik word. [1]

Elke gesin wat deelgeneem het aan die trek, het sy eie medisynetrommeltjie saamgeneem. Hierdie trommeltjie, van blik gemaak, was bekend as 'n „huisaptekie" en is deur die ou mense in die Kaapkolonie gekoop.

Bygaande foto gee ons 'n pragtige denkbeeld van so 'n huisapteek. Die grootte is ongeveer nege by ses by vyf duim en ongeveer die helfte van die trommeltjie is afgeskort in vyf en twintig hokkies vir al die verskillende medisyne bottels. Die orige helfte van die trommeltjie is vir die bewaring van pleisters, salf, lappe ens. Die deksel is voorsien van 'n handvatsel en die trommel kon gesluit word met 'n hangslot. Behalwe die botteltjies medisyne, salf, ens. was daar ook 'n boekie met gebruiksaanwysinge. Bekende medisyne wat in die trommeltjie gepak was, het o.a. die volgende ingesluit: witdulcis (dulsies), pynstillende droppels (druppels), versterkdruppels, wonderkroon-

---

[1] *Baie kruierate en geneeskundige reseppe kom voor in 17e eeuse kookboeke wat in Kaapland nog voor die Groot Trek algemeen te kry was.*



*Outydse Medisyue trommeltjie soos gebruik deur Voortrekkers.*
[Eiendom van Mev. J. A. Erasmus, Bloemfontein.]

essens, borsdruppels, Hoffmans druppels, balsem copiva, bloekomolie, balsem sulphuris, Jamaica gember (gemmer), balsem vitae (lewensbalsem), bruindulsies, rooilaventel, groenamara, harmansdrup, rooipoeier, spykersalf, witvomatief, soetolie, kanfer en kasterolie (bloubottel).

Bostaande soorte medisyne is vir verskillende doeleindes gebruik, soos die volgende voorbeelde duidelik sal aantoon. Lyers aan hartkwaal of 'n skielike steek op die hart het 'n paar druppels witdulsies asook 'n paar druppels rooilaventel op 'n teelepeltjie suiker gegooi en gedrink. Hierdie middel word vandag nog vry algemeen gebruik.

Groenamara en wonderliksens (essens) is hoofsaaklik gebruik wanneer die maag ontsteld was, terwyl rooipoeier, gemeng met fyn gestampte aluin, as middel vir sere in die mond en in die keel gebruik is.

Spykersalf (na die Hollandse fabrikant Jan Spijker genoem) is gebruik vir kneuse en wonde aan die hande en ander dele van die liggaam.

Versterkdruppels het die ou mense as volg gebruik: 'n botteltjie versterkdruppels word gemeng met 'n bottel wyn en smorens en saans 'n kelkie daarvan gedrink vir versterking. Wanneer die mans of vroue heeldag besig was en baie moeg gevoel het, het hulle net 'n kelkie van die gedokterde wyn gedrink en dadelik baat daarby gevind. Hoffmans druppels is gebruik teen swaar hoofpyne, 'n weinig word op 'n teelepeltjie suiker gegooi en dan gedrink.

Teen blaaskwale is gebruik gemaak van harmansdrup.

Witvomatief is gebruik om die maag te suiwer en was 'n algemene en bekende middel vir hierdie doel.

Kanfer gemeng met soetolie is algemeen gebruik as smeermiddel teen pyne in die bene, arms ens.

Bruindulsies is gebruik as 'n voorbehoedmiddel teen die nadelige uitwerking van blootstelling aan nattigheid en koue weer.

Vir borskwale is borsdruppels gebruik.

Jamaica gemmer was 'n middel was maagkrampe en maagwerkings.

Balsem vitae (lewensbalsem) is gebruik vir beswyming en algemene swakheid van die gestel.

Vir pyne in die lyf is gebruik gemaak van pynstillende druppels.

Balsem sulphuris is uitstekend vir wonde, veral vir brandwonde.

Bloekomolie is algemeen gebruik vir verkoue.

Balsem copiva is uitstekend vir nier en blaaskwale.[2]

Behalwe die aangehaalde medisyne het die ou mense baie gebruik gemaak van boererate. Vandag is ons geneig om die spot te dryf met baie van die ou middels, maar ons moet onthou in watter omstandighede en moeilikhede die toevlug geneem is tot hierdie Voortrekkermiddels. Dokters was daar nie, met die gevolg dat die Voortrekkers gedurig middels moes toepas om vas te stel of dit nie wou help nie. Baie van die middels was bepaald goed en het meer as een Voortrekker se lewe gered. Baie van die middels wat vandag gebruik word, bevat van die bestanddele van die ou Voortrekkermiddels, natuurlik in verfynde en verbeterde vorm.

'n Besonder gewilde middel in die ou dae was blare en wortels van veldplante. Vir jigpyne het die Voortrekkers in Natal meestal gebruik gemaak van salf van beukes bossieblare gemaak. Die fyn blaartjies word in 'n pan geplaas en met skoon beesvet gebraai totdat dit mooi droog is en daarmee word die persoon dan deeglik gesmeer. Watter geneeskundige bestanddele die blare bevat, is my onbekend, maar die middel h et bepaald gehelp.

Wanneer 'n persoon aan 'n hoe koors ly, is die droë sate of wortels van tamboekiegras in 'n bak geplaas en

---

[2] *In Voortrekker argiefstukke R7/34 en adR7/34 word melding gemaak van die volgende medisyne: Helmonts kruid, bloedsuivering, kanfer, kasterolie, Hoffmans druppels, Haarlemmerdroppels, amara, wonderessens, soetolie en Eau de Cologne.*

kookwater daarop gegooi. Nadat dit goed getrek het, is die water deur 'n doek gesyg en dan moes die pasiënt soveel as moontlik daarvan drink.

'n Ander bossiemiddel was wildeals. Die groen blare is afgepluk en kookwater daarop gegooi. Die water is dan deur 'n doek gesyg en gedrink. Dit is beskou as 'n goeie middel vir 'n swak maag.

Granaat en klitswortels is weer vir heeltemal 'n ander soort kwaal gebruik, nl. wurms in die ingewande van kinders. Eers is die wortels fyn gestamp en dan is kookwater daarop gegooi om te trek. Smôrens en saans moes die kinders dit drink.

In Natal het die Voortrekkers altyd hul eie pleisters gemaak, bekend as doringboom pleisters, so genoem omdat dit van doringbome verkry is. Aan die doringbome se takke is duisende wit voorwerpies omtrent so groot as 'n mieliepit. Dit is 'n soort dopluis wat omhul is deur 'n wit waslaag. Die dopluise word met die hand van die takke afgehaal en teenmekaar vasgedruk. Met die hand word die wasagtige omhulsel gebrei totdat dit een stuk deeg is. Dit het 'n heerlike soet en aantreklike reuk. Wanneer dit dan goed gebrei was, was dit 'n uitstekende pleister vir swere, pitswere, wonde ens. Net soos 'n gewone pleister is dit op 'n lappie gesmeer, by 'n kersvlam warm gemaak en op die sweer geplaas.

'n Ander bekende trekpleister was bloekomblare, fyn gestamp en met asyn verwarm. Die pap is op 'n lap geplaas en dan oor die wond. Dit het dadelik verligting gegee. Hulle het ook gebruik gemaak van seep en suiker pleister.

Die gevaarlike siekte ontsteking van die longe het in die ou dae ook baie las gegee. By hierdie siekte, veral wanneer dit erg was, is gewoonlik gebruik gemaak van 'n bokvel. 'n Bok word keel afgesny en 'n stuk van die warm vel op die bors geplaas. Sodra die bokvel begin haar afgaan, word dit vervang deur 'n vars warm stuk. Om te verseker dat die bok warm bly, word dit toegedraai in sakke of komberse. Sodra die vel nie meer haar

afgaan nie, is die koors van die pasiënt gebreek. Hoe ongelooflik dit ook mag klink, honderde mense se lewe is met warm bokvelle gered. Wanneer die inflammasie baie gevaarlik was, is 'n lepelvol bloed uit 'n hond se ore getap en die pasiënt moes dit drink. Waarom dit juis hondebloed moes wees, is onbekend.

Die volgende besonderhede in verband met Voortrekker middels is ook interessant en dit word onveranderd hier weergegee: [3]

"Wat kruie betref, is wildeals, wynruit en bloekomblare gebruik vir koors, verkoue en influensa. Stroop van wildeals is gebruik vir swaar hoesbuie. Vinkel is gebruik vir verkoue. Roosmaryn, opgekook, was 'n middel teen skilfers, terwyl kamille as sweetmiddel gebruik is. Katte kruie met vet gebak was die middel teen brandsere en vlier was die aangewese purgasie, veral waar dit te doen had met malaria. Tiemie is gebruik soos tee vir watersug. Rubarber is geplant net vir medisyne en van die wortels is 'n poeier gemaak. Karmedik was die middel teen slegte spysvertering. Vir bloed vergiftiging is bloekomblare, rooi perske blare en beukes bossie goed gekook, gebruik. Die aangetaste deel van die liggaam word ure lank daar in gehou en dit is 'n onfeilbare middel. Ek weet van 'n geval in die Mapog oorlog teen Njabel waar 'n man se been afgeskiet is. Die geneesheer het moed opgegee en gesê dat afsit al middel sou wees om die man se lewe te red. Generaal Joubert het die toestemming daartoe gegee, maar die pasiënt het geweier en vervolgens het wyle Andries Neethling, adjudant van die Generaal, die genoemde mengsel gemaak en die been daarin gehou. Hy het gedurig hoeveelhede vars gekookte van die mengsel bygedoen. Die been is die aand om agtuur in die mengsel gesit. Dit was toe al pikswart van die ontsteking en terwyl die ongelukkige 'n hele week g'n oog toe had nie, het hy die nag om eenuur aan die slaap geraak en eindelik het die been heeltemal gesond geword. Die man het net mank

---

[3] .A. P. Erasmus in *"Die Vo1kstem," 24/5/38.*

geloop.

Wanneer die kinders se vel skurf was as gevolg van koue winde, is gebruik gemaak van skoon harde bok of beesvet (by voorkeur bokvet) in die vorm van koekies. Hiermee is die kinders se gesig en hande saans deeglik gesmeer. Die gebruik van hierdie vet was ook seker oorsaak dat die ou mense, veral die vroue, so 'n pragtige vel gehad het. Poeier ens was in die dae natuurlik onbekend. Aasvoël en likkewaanvet was weer 'n uitstekende middel teen jig, en om die enkels en arms is slangvel bande gedra om die jigpyne te versag. Bokvet met fyn gestampte naeltjies gemeng was weer 'n middel teen swere, terwyl boegoe asyn baie gebruik is vir 'n verstuite lit.

'n Gewoonte wat nou heeltemal uitgesterf het, was die gebruik van klapperolie. In elke huis was 'n bottel klapper olie aangehou en saans is 'n weinig deeglik in die kopvel gevrywe. Die ou mense het altyd beweer dat dit een van die redes was waarom die Voortrekkers sulke pragtige bosse hare had. Daar was min kaalkop mense onder die Voortrekkers.

Die hoofstuk sou onvolledig wees as daar nie melding gemaak word van die siektes en ongelukke waarmee die Louis Trichardt geselskap te kampe had op hul trek na Lourenco Marques nie. Die besonderhede wat hy aangee in verband met die verskillende medisynes deur hulle gebruik, is die enigste skriftelike bron wat ons besit.

Volgens sy beskrywinge skyn dit of aluin, aalwee, balsem copiva en glauber sout die enig ste medisyne was wat hulle tot hul beskikking had. Heel waarskynlik had hulle 'n paar medisyne trommels, maar die inhoud is seker gou opgebruik. Behalwe bostaande medisyne word ook melding gemaak van Haarlemmerolie, tabakblare, terpentyn, en "Oude Kolonie" (Eau de Cologne).

In verband met siektes skryf Trichardt as volg:

"Carolus was van Zondag zoo koortsig en pijn in zijn rug en kop dat hij niets doen kon en Saartje van Ouwe Strydom van zelfde. Carolus had een aluwe pergasie in genomen was hij een weinig beter en Saarie ook was ook

beter as zij gewees is."

Op 17 Augustus skryf by as volg : "De nagt was sijn vrou haar kleijne bijna de hele nagt door in een soort van vloute. De morgen sij mijn vrou dat ik Goestaf treuren (steuren) mog om een weinig Oude Kolonie en Gloversouijt bij Juffrou Scheepers of Jan sijn vrouw Breggie te halen of laten vragen. Kwam Juf. Scheepers en Juf. Pretorius zelfs, heb sij haar ten eerste Kopiva en gegeven. Dat wou niet helpen daarna Gloversouijt om te zien of het niet veranderen wou." As gevolg van gebrek aan behoorlike middels is die kind oorlede.

Ongelukke het ook baie voorgekom op die geskiedkundige trek. Soos gewoonlik moes die kinders die vee agter die wa aanja, maar het te na aan die wa gekom met die gevolg dat die osse geskrik en op loop gegaan het en "Juf. Scheepers haar klijnzoon Gert onder de wagen en ossen door, zijn een been gevaarlijk gewond maar niet aan stukkend en een gat agter in zijn kop. Wij hebben dat aanstonds verbonden met natte tabak opgeleg." Hierdie middel is baie keer deur die Trekkers gebruik en hulle het altyd beweer dat dit gehelp het.

Op 'n ander plek in sy boek skryf Trichardt as volg:

"Had Carolus hem in zijn been gekapt en de bloed wouw niet ophouden als de avond omtrind tien uur. Heb wij daarop uitgebrande aluin gestrooijd en een gienie opgelegd. Die pijn ruk onder zijn bors op tot bijna in zijn keel dat hij geen adem halen kon en had een brand van binnen. Heb wij een bok de keel afgesneden en de pens mis de water of soop daarvan uitgedrukt en hem een kommetje ingegeven. Sak de pijn af en de pijn was geblust."

Die gebruik van die goue muntstuk is 'n blote bygeloof en uit mediese oogpunt waardeloos. Aluin is 'n doelmatige middel om bloed te stelp, terwyl bokmis, wat baie in die dae gebruik is en vandag ook nog aangewend word, waarskynlik heilsame kruie bevat.

Daar is nog baie ander huismiddels deur die Voor-

trekkers gebruik, maar die bostaande voorbeelde is voldoende om aan te toon watter groot verskeidenheid van middels hulle gehad het. Baie van die dinge is vandag nog 'n deel van die volkslewe en dit sal moeilik gaan om hulle deur ander te vervang, omdat die middels van geslag tot geslag oorgedra word.

## HOOFSTUK XII

## VUURMAAK IN DIE OU DAE


Toe die Voortrekkers op trek gegaan het, was swael en vuurhoutjies onbekend, maar dit het hulle nie verleë gemaak nie. Om oor die weg te kom, moes hulle gebruik maak van bestaande middels en hoe lomp en ondoeltreffend die ook mag wees, dit het in hul behoeftes voorsien.

'n Metode wat algemeen deur Voortrekkerseuns en skaapwagters toegepas is om vuur te maak wanneer hulle in die veld skape moes oppas, was as volg :
'n Sagte, droë houtstomp word gesoek, plat op die grond gelê en 'n gaatjie daarin gemaak met een of ander skerp voorwerp, bv. 'n pylpunt. 'n Droë, harde, ronde stokkie se punt word in die gaatjie geplaas en dan word dit vinnig tussen die palms van die hand heen en weer beweeg. Om die opening in die houtstomp word fyn droë grassies geplaas. Die vinnig draaiende beweging van die stokkie in die gaatjie veroorsaak wrywing, wat hitte afgee, en eindelik slaan die grassie aan die brand en die vuurtjie word aangeblaas totdat daar 'n groot vuur is. Hierdie manier van vuurmaak was bekend aan die primitiefste volke, bv. die Boesmans, en is algemeen deur hulle toegepas.

Om vuur in die huis aan te slaan, het die, Trekkers gebruik gemaak van 'n tonteldoos. Daar is een in die Voortrekkermuseum te sien. Bygaande tekening geen 'n duidelike denkbeeld van so 'n tonteldoos.

Die tonteldoos is 'n silinder, meestal van koper gemaak en dit is ongeveer drie tot drie en 'n half duim lank. Die silinder is aan albei kante oop. Aan die onderkant is dit van binne afgesluit met 'n koperproppie wat maklik in

die silinder beweeg. Die doel van hierdie koperproppie is om die tontel van onder na bo te druk, aangesien die tontel gedurig wegbrand. Bo op die tonteldoos is daar 'n koperkoppie of dekseltjie wat oor die silinder pas. Die dekseltjie en die proppie is aanmekaar ver bind met 'n




*Tekening van Tonteldoos, Vuurslag en Vuurklip.*
[Voortrekker museum, P.M. Burg.]
*A- Tonteldoos: B- Vuurslag; C- Vuurklip.*

kettinkie. Aan die ketting hang die vuurslag 'n eiervormige staalring waarin die vier vingers van 'n mens se hand pas.

Die silinder word gevul met tontel, dit is linnelappe wat so half en half verbrand is. Hierdie gebrande lappe word in die silinder ingeprop en dan deur middel van die proppie opgedruk tot bo. Die vuursteen word bo in die tonteldoos gebêre. As 'n Voortrekker sy pyp wou aansteek,

is die tonteldoos en vuursteen in die linkerhand gehou. Met die regterhand is die vuurslag teen die vuursteen geslaan of gestryk, sodat die vuurvonke op die tontel val. Die vonke is aangeblaas tot die tontel aan die brand was en dan is die pyp opgesteek. Dat hierdie metode van vuurmaak baie lastig was, spreek vanself, maar deur vaardigheid kon die Voortrekker die tontel gou aan die brand laat slaan.

'n Ander metode wat die Voortrekkers soms gebruik het om vuur te maak, was as volg: 'n Weinig droë kruit word in 'n lappie toegebind, op 'n plat klip geplaas en dan met 'n harde hou van 'n ander klip aan die brand geslaan. Op die brandende lappie word droë gras gegooi en die vuurtjie word aangeblaas tot daar 'n sterk vuur is.

Ongeveer 1845 — 1847 het die Trekkers kennis gemaak met swael vuurhoutjies, wat alreeds omstreeks 1830 in Europa bekend was. Hierdie vuurhoutjies het nie gou in algemene gebruik gekom nie, omdat hulle so peperduur was. 'n Dosie het ongeveer 'n sjieling en meer gekos en alleen die rykstes kon dit bekostig.

Hierdie vuurhoutjies, bestaande uit dun houtjies of strokies karton, was in papierdosies verpak. Die punte van die houtjies was gedoop in swawel en daarna bestryk met 'n mengsel bestaande uit swawelantimoon, kaliumkloraat en lym.

Elke dosie was voorsien van 'n stukkie dubbel gevoude skuurpapier met 'n laag glaspoeier as strykvlak.

Om die vuurhoutjie aan brand te stryk, is dit tussen die gevoude skuurpapier geplaas, met die vingers van die een hand vasgedruk en met die ander hand vinnig uitgeruk. Die wrywing het die vuurhoutjie aan die brand laat slaan.

Later, veral in 1852 toe fosfor vuurhoutjies algemeen in gebruik gekom het, het vuurhoutjies baie goedkoper geword en toe kon almal dit bekostig.

Die vuurhoutjies hierbo beskryf is alleen gebruik om die vetkerse in die nag op te steek. Om hul pype mee op te steek, het die Trekkers die tonteldose bly slaan. Met

verloop van tyd is die ook vervang deur vuurhoutjies en na 1860 het die tonteldose algemeen in onbruik geraak. Aan die end van die Tweede Vryheidsoorlog (1899 - 1902) het baie stryders weer gebruik gemaak van tonteldose.

In "Ons Klyntji" (Julie 1900) vertel ene G. P. du Toit, Daljosaphat, die volgende in verband met "Fooruitgang in Ons Leeftyd"

"Ons het altyd saans as ons gaan slaap di fuur toegemaak. Ons sit 'n stompi in di fuur en sit kole rondom, en krap dit dan mooi toe met as, en somtyds gebeur dit dat di fuur in di nag doodgaan, dan moes 'n mens di morre met di tonteldoos en fuurslag di fuur opmaak; maar soms het di mansmense di fuur goed in di sak gesteek en is uitgegaan; wel, dan moes hulle in di huis met die ou haan en pan geweer fuur skiit; hulle gooi 'n bitji kruit in di pan, sit 'n ou wit lappi op di kruit en so laat hulle di lappi an brand skiit. Di eerste fuurhoutjiis wat ek gesiin het, was nes 'n groffe kam. As jy dit koop dan kry jy 'n papiirtji daarby en as jy wil fuur hê, dan breek jy een tand van di kam af en trek dit deur di papiirtji, dan fliig hy an brand. Dit was 'n groot ferbetering met di fuurmaak."

## HOOFSTUK XIII

## DIE VOORTREKKER SE ROOKGOED

Die voortreflikhede van die pyp word as volg in 'n ou Afrikaanse gediggie besing:

My pyp, my pyp, hy is my maat,
Hy's by my altyd vroeg of laat,
Hy is my troos en my plesier,
Wil ek hom hê dan is hy hier.

Vanmelewe het die Voortrekkermans nie sigare of sigarette gerook nie, maar suiwer boeretabak en wel in die vorm van roltabak. Gedokterde blikkies en sakkies tabak, soos wat vandag algemeen in die handel verkoop word, was in daardie dae onbekend. Die ou mense het van die egte, suiwer artikel gehou en die tabak moes sterk wees, anders was dit niks werd nie.

Die Voortrekkers het self hul pype gemaak en wel van een of ander sagte klip, bv. seepsteen of leiklip. Hierdie klipsoorte is sag en kan maklik tot die gewenste vorm bewerk word. Meestal is net die kop van die pyp van klip gemaak. Om die kop te maak, is gebruik gemaak van een of ander skerp gereedskap, bv. 'n mes. Die stele is gemaak van ryp riete of murgbene, en ook horings. Eersgenoemde was nie te doeltreffend nie, omdat die brandende tabak dit maklik gebrand het waar dit in die kop pas. Murgbene en horings het baie beter aan hul doel beantwoord, omdat hulle nie alleen sterker was nie, maar ook langer bruikbaar was. Hulle het egter een nadeel gehad, nl. hulle het maklik gekraak waar hulle in die pyp pas wanneer hulle begin warm word. Die murgbene en horings was meestal die van die kleinere wilde boksoorte. Waar die steel in die

kop pas, is dit gewoonlik verseël met 'n soort lak of 'n koperringetjie. Om die steel dun en presies rond te maak, is gebruik gemaak van 'n pypsteeldraaibank, wat baie kleiner was as 'n Voortrekker draaibank.

Die ou klippype was baie kunstig afgewerk en 'n jong kêrel moes altyd sorg dat sy pyp gunstig afsteek by die van sy teenstanders. Aan die kant van die kop het die Voortrekkers so 'n klein oor of handvatsel uitgesny om die pyp beter te kan vashou wanneer die kop warm word. In later jare is hierdie klippype vervang deur houtpype (meestal met krom stele) wat die Voortrekkers van rond reisende smouse gekoop het. Die gesukkel met die riet en murgbeen stele was alte lastig.

Elke Voortrekker het ook self sy eie tabak kerfmes gemaak om die roltabak te kerf. Die kerfblokke word al hoe seldsamer en in baie dele van ons land is hulle totaal onbekend onder die jonger geslag. Op hierdie kerfblokke het die rokers hul tabak baie knaphandig en fyn gekerf. In die reël is elke dag net genoeg vir die dag se gebruik gekerf. Wanneer die klippyp volgestop was met die fyn gekerfde boeretabak, kon die roker weer gesellig met sy pyp gesels:

> Jy kan nie praat nie, dit is waar,
> Maar jy is darem altyd klaar,
> Om troos te gee in tyd van nood;
> Ek sal jou nooit van my verstoot.

Bygaande illustrasie van 'n outydse tabak kerfblok is tipies. Die voetstuk, van 'n dik plank of houtblok gemaak, was vierkantig of langwerpig. In hierdie houtblok is 'n bout ingeskroef waaraan die yster kerfmes vasgeheg was. Soms het die kerfmes en die handvatsel uit een stuk yster bestaan, maar meestal het die kerfmes 'n stewige houthandvatsel gehad. Deur hierdie ingeskroefde bout dieper of vlakker te stel, het die skerp kerfkant van die mes presies waterpas op die blok gerus. As die mes nie presies waterpas gerus het nie, was dit moeilik om die tabak te kerf. Word die mes stomp, is dit op 'n slypsteen

geslyp.


Die tabak kerfmes op bygaande illustrasie is 'n reuse affêre. Op 'n groot houtblok is 'n klein bankie waarop die tabakrol geplaas word en met die kerfmes word die tabak gesny soos in die geval van 'n broodmes. Wat ook dadelik ons aandag trek in verband met die kerfmes, is die stewige wyse waarop dit gebou is.

Die stukkie roltabak word in die linkerhand gehou en met die regterhand word die kerfmes vinnig op en af beweeg, sodat die tabak in fyn repies afgekerf word. Sodra voldoende tabak vir die dag se gebruik gekerf is, word die gekerfde tabak liggies tussen die hande gevryf om die repies los te maak. Is die gekerfde tabak te nat, word dit in die son of langs die vuur op die vuurherd geplaas om droog te word.

Die gekerfde tabak is bewaar in 1n vel tabaksak, wat die Voortrekker self vervaardig het. Vir so 'n tabaksak is gebruik gemaak van die gebreide vel van 'n baie jong kalf, wildekat (rooikat), dassie, meerkat, slang ens. Die vel moes dus wees. Die binnekant van die vel is glad geskuur met 'n sandklip en dan deeglik met die hand gebrei totdat dit sag was. Nadat hierdie werksaamhede afgehandel is, word die vel op 'n plank oopgespalk en in die verlangde vorm gesny. In geval van 'n rooikat is die vel so gesny dat die stert aangebly het om die tabaksak mee vas te bind. Die breedte van 'n tabaksak was ongeveer vier tot vyf duim. Met behulp van 'n els en 'n dun gestrykte voorslagriempie is die een kant van die velletjie omgevou en aan die kant vasgewerk, om die sakkie te vorm. Baie keer is aan albei kante 'n stukkie ronde vel ingelas om die sakruimte groter te maak.

Al die tabaksakke was voorsien van 'n aangewerkte vasmaakbandjie. Hierdie tabaksakke was so sterk en goed gemaak dat hulle lank diens gedoen het.

Vir besondere geleenthede het baie Voortrekkers doek tabaksakke gebruik. Hierdie tabaksakke was van een of ander systof gemaak en aan die binnekant uitgevoer. Op die tabaksak, wat deur vroue gemaak is, is een of



*Kerfblok, Tabaksak en Steenpyp.*
[Voortrekker museum, P.M. Burg.]

ander patroon of ontwerp uitgeborduur.

Vanmelewe het 'n jongman nie durf rook voordat hy aangeneem was nie. Op 'n skelm wyse het seker egter meer as een seun agter die kraalmuur of in die veld gerook! Sodra die seun sy Boerematriek agter die rug had, het hy sy pa se toestemming gevra om te rook. Die vader het baie selde sy toestemming geweier en aan sy seun 'n pyp, 'n tabaksak met tabak gevul, en 'n tonteldoos met vuurslag oorhandig. Die seun is dan beskou as 'n volwasse man, maar het dit nie gewaag om in teenwoordigheid van sy ouers te rook nie, omdat hy vir hulle te veel eerbied gekoester het.

Sodra die seun aangeneem was (16 - 17 jaar), het hy die velklere van sy kinderjare verwissel vir gewone klere en kon hy ook besoeke by nooientjies aflê. In daardie dae het 'n man getrou voordat by twintig was en wee hom as hy dit nie kon regkry nie. Hy is dan gewoonlik gespot met die bynaam "bokwagter."

Om 'n Voortrekker met sy lang baard en eerbiedwaardige houding sy pyp te sien stop, is besonder interessant. As daar pyp gestop moet word, word die tabaksak versigtig uit die baadjiesak gehaal, die bandjie losgemaak en die sak oopgerol. Voordat daar gestop word, word die pyp eers teen die velskoen uitgeslaan en dan word deur die pypsteel geblaas om seker te maak dat dit oop is. Met die linkerhand word die tabak vasgehou en met die regter hand word die pyp in die tabaksak gedruk en met die wysvinger van die regterhand die tabak stewig in die pyp gestop.

Sodra die pyp gestop is, word dit in die mond gesteek of in die hand vasgehou, terwyl die tabaksak toegerol, met die bandjie vasgemaak en dan in die baadjiesak gebêre word. Met die wysvinger of duim word die tabak in die pyp styf vasgedruk.

Die vuurhoutjie word nou getrek, die hande bak gehou om die pyp se kop, die tabak aan die brand gesteek en terselfdertyd word deur die pypsteel gesuig. Sodra die pyp brand, word die smeulende tabak met die duim of

die vuurhoutjiedosie afgedruk. Word die duim gebruik, dan word dit weer teen die wysvinger gevrywe om kooltjies vuur wat daaraan mag vassit, te verwyder. Voor die dae van vuurhoutjies het die roker sy tonteldoos geslaan om hom van die nodige vuur te voorsien. Vir die Voortrekker was sy geliefde klippyp met die murgbeen of horingsteel "sy trooster, sy raadgewer, sy plesier en sy trots."

**HOOFSTUK XIV**

# Die blad is verlore.

**Bladsy 108**

# Die blad is verlore.

**Bladsy 109**

standighede te dood nie. Word hulle betrap dat hulle die reël oortree, het hulle kennis gemaak met die plakriem. Beskermde voëls het o.a. die volgende ingesluit, nl. swaeltjies, kwikstertjies, suikerbekkies en klap-klappies (ons land se nagtegaal). Wild is ook nie roekeloos uitgeroei nie, soos die volgende duidelik aantoon. Op 20 Januarie 1846 het die Volksraad van die Republiek Andries-Ohrigstad die volgende besluit goed gekeur: [1]


"5. Dat stellig verboden word moetwillige of onverschillige vernielingen van bruikbare wild tot voedzel dienende voor den mensch, om meer te dooden dan men tot matig gebruik nodig heeft, nog om dat te doen alleen om de huiden. Renosters is onder de bruikbare wild niet gereken. Voor ieder overtreding zal de overtreder vervallen in een boete niet minder dan tien en niet to boven gaande Rd. Vyfhonderd naar den aard der zaak."

'n Ander baie gewilde speelding waarmee die seuns hulle besig gehou het, was 'n slinger of slingervel van gebreide vel gemaak Die vel was in die middel breed gesny en na die kante het dit smaller geloop. Die slinger word dubbel gevou en binne in word 'n ronde klip geplaas. Met die hand word 'n vinnige swaaibeweging gemaak en dan word die een punt van die slingervel gelos met die gevolg dat die klip die lug intrek. Daar word vertel dat seuns so goed met die slinger kon gooi, dat hulle voëls in die vlug getref het. Die slingervel, net soos pyl en boog, was 'n uitstekende middel om die toekomstige Voortrekker burgers te leer korrel vat.

Vir die kleiner seuntjies was daar ook goeie onbreekbare speelgoed wat 'n mens teenswoordig baie, baie min sien, nl. dolosse. Sestien of agttien dolosse het 'n span uitgemaak en elke dolos het 'n gepaste naam gehad, bv. Kraaiman, Zoeloe, Voorslag, Boesman, Rooiman. Van dun houtjies is jukke en jukskeie gemaak en vir stroppe en trektoue is riempies, bas van bome en dun grasvlegsels gebruik.

---

[1] *Voortrekker argiefstukke bl. 220.*



*Kakebeen met dolosse.*

Vir 'n wa is by voor keur gebruik gemaak van die onder kakebeen van 'n bees of perd of die skouerbeen van 'n bees.

Van klei is ook kleiwaens gemaak met aste van rietjies of houtjies vir die wiele. Behendig is die span "aangekeer" en ingespan en dan moes hulle "weglê". Voor loop die touleier en langs die span die drywer. Die uitrusting was natuurlik nie volledig as daar nie 'n sweep by was nie. Met sweep geklap en baie vermanings is die span vorentoe getrek en wee die dolos wat omval as die span so weglê.

Hierdie spel was vir die seuns van groot opvoedkundige waarde. Van kleins af het hulle geleer om osse in te span, die verskillende osse volgens hul kleur te onderskei en 'n sweep te hanteer.

Baie belangrik was dit vir hulle om 'n sweep te leer gebruik. Dit is 'n Boerekuns om so 'n sweep reg te kan hanteer en daarmee te dryf.

'n Ander besonder gewilde speelding was die kleilat. Hulle het gewoonlik kweperlatte gebruik, omdat dit so buigsaam is. 'n Bondeltjie klam klei word voor aan die lat vasgedruk, die lat word vinnig in die rondte geswaai en as gevolg van 'n skielike rukbeweging trek die bondel klei deur die lug. Kleilatte was ook baie goeie oefening vir korrelvat en meer as een vink wat in die koring of hawerlande die graan verniel bet, is gedood. Met kleilatte kon die seuns nie teen mekaar "veg" nie (hoewel hulle dit skelm gedoen het), omdat so 'n bondel klei, veral as dit aan die groot kant is, 'n mens kon beseer en katswink slaan.

Klei osse maak was 'n ander baie gewilde tydverdryf.

Wanneer die skape en beeste rustig gewei het, het die seuns saam met die kaffertjies osse en ander plaas diere van potklei gemaak. Vir die kleinvee is behoorlike "krale" gebou van klippe en dagha (modder). Saans is die klei osse in die krale versorg, sodat hulle weer die volgende dag daarmee kon speel. Onontbeerlik was ook natuurlik 'n klei perd met 'n ruiter daarop om die vee



*Lap poppe.*
[Voortrekker museum, P.M. Burg.]

op te pas.

In die ruiter se hand was die onmisbare Sambok of karwats, want 'n Boereseun op 'n flukse perd sonder sy karwats was ondenkbaar. Die osse is met jukke, skeie, stroppe en ander trekgoed ingespan en die pad waar langs die waens moes trek, was vol denkbeeldige gevare en moeilikhede.

Die dogters het met tuisgemaakte lappoppe gespeel, wat hulle van oorskiet kledingstowwe gemaak het.

Die bygaande illustrasie van lappoppe is besonder interessant en leersaam en gee ons 'n goeie denkbeeld van hoe die speelgoed daar uitgesien het. Die poppe was natuurlik aangetrek volgens die heersende modes van daardie dae. Eers word die patroon vir die lappop gesny. Dan word dit met wol volgestop en toegewerk. Die opgestopte pop word daarna deftig aangetrek met kappie en al. 'n Spogpop, so vertel 'n ou moeder my, se wange is rooi gemaak met 'n stukkie rooi doek en die oë is uitgewerk met swart ronde lappies. Oor die gesig is 'n kamerdoek (moesselien) vasgewerk, met die gevolg dat die Voortrekkerpop 'n aantreklike voorkoms had. Die dogters het baie aangename ure deur gebring in die geselskap van hul poppe, wat hulle natuurlik moes gedra soos egte Voortrekker nooientjies. Die maak van hierdie poppe het die dogters geleer om 'n patroon te sny en met die naald te werk. Vaardigheid met naald en gare was baie belangrik, omdat hulle al hulle klere self moes maak.

Verder het die kinders aandspeletjies gespeel.

Bedags was daar nie tyd nie, maar saans, nadat die dag se werk afgehandel was, het die kinders buite gespeel en hulself vermaak. Omdat die gesinne in die dae groot was, was daar altyd genoeg deelnemers. Bekende speletjies uit die dae is o.a.: wegkruipertjie (baie gewild), blinde mol, hakkekrukke (seuns), skilpadtrek (seuns), hanegeveg (seuns), ruiterbal (seuns), stoei en vuisslaan (seuns), blinddoek spel (seuns en dogters), knikkertjie (seuns en dogters), Job wil nie lag me! (seuns en dogters),

eier in die hoed (seuns en dogters). Met uitsondering van wegkruipertjie word bogenoemde speletjies baie selde vandag gespeel.

Die lewe van Voortrekkerkinders was in alle opsigte 'n lewe van moeilikhede en swaarkry. Seuns van ses, sewe jaar moes skape oppas, koeie melk, tou lei, en huiswerkies verrig. Hulle is deur en deur gebrei en gehard vir die lewe en het geweet wanneer om te werk en wanneer om te speel.

Die ouerlike tug was baie streng en gehoorsaamheid 'n onverbiddelike vereiste. Kinders moes gesien, maar nie gehoor word nie. Seuns was nog bitter klein toe hulle al kon perdry en hulle het ook gou geleer om die voorlaaier te hanteer en te gebruik. Soos reeds gesê, was dit niks ongewoons vir 'n seun van agt jaar om wild met 'n voorlaaier dood te skiet nie. Sodra 'n seun 'n bok kon doodskiet, is hy gereken onder die wildskutters.

Met al hul swaarkry het die kinders egter die lewe geniet en ook hul deel bygedra om die nasiewa vooruit te laat beweeg.


## HOOFSTUK XV

## VOORTREKKER ALMANAKKE

Na baie moeite en rondsoek het ek daarin geslaag om twee almanakke raak te loop soos wat deur die Voortrekkers gemaak en gebruik. Die ontstaan van die almanakke is maklik te begryp as die omstandighede in die dae in aanmerking geneem word. Die Voortrekkers en die grensboere was honderde myle vanaf die naaste dorp verwyderd en almanakke soos die van vandag was totaal onbekend.

Nadat die Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat het, was hulle totaal afgesny van alle voorregte en geriewe. Alles was woes en wild. Plase met woonhuise, paaie, dorpe en ander geriewe was daar nie. Maande lank was die wa hul enigste tuiste en toevlugsoord en toe hulle eers gevestig was, het hulle hardbies huisies, kapdak huise en selfs huise van sooie gebou. Juis as gevolg van die trekkerslewe kon dit maklik gebeur dat 'n Voortrekker met al die moeilikhede en gevare waaraan hy bloot gestel was, datums vergeet of verwar. Om hom hierteen te vrywaar, het hy sy eie, dog doeltreffende almanak gemaak. Van papier kon by dit nie maak nie, want die was skaars en kon maklik skeur of verlore raak op die trek. Om aan die doel van die treklewe te beantwoord, was dit 'n vereiste dat die almanak sterk en stewig moes wees.

Die Voortrekker almanak is van 'n houtplank gemaak en was rond of langwerpig. Dit skyn of die langwerpige vorm meer algemeen in gebruik was. Bygaande illustrasie van die langwerpige plank gee ons 'n mooi denkbeeld van so 'n outydse Boere almanak.



*Voortrekker almanak [100 jaar oud.]*
[Nasionale Museum, Bloemfontein.]

Wat ons dadelik tref in verband met die almanak, is sy eenvoudigheid en doeltreffendheid. In die middel van die plank, van bo tot onder, is daar een en dertig ronde gaatjies, genommer, beginnende van een bo tot een en dertig onder. Om die datum aan te wys, is gebruik gemaak van 'n kort houtpennetjie. Elke more word hierdie pennetjie in die gaatjie ooreenkomstig met die datum ingesteek.


Links van die datumgaatjies is sewe ander gaatjies om die dae voor te stel. Beginnende van bo, kry ons die volgende letters om die dae van die week voor te stel, nl. S (Sondag), M (Maandag), D (Dinsdag), W (Woensdag), D (Donderdag),V (Vrydag), S (Saterdag). Elke dag word die dagpennetjie in die bepaalde gat ingesteek.

Regs van die datumgaatjies is twaalf gaatjies om die twaalf maande voor te stel. Bokant elke gaatjie is die eerste letter van die naam van die maand en net onderkant die gaatjie is die getal dae in die maand. Die getal dae in die maand het baie Voortrekkers seker onthou van die rympie wat hulle as kinders in die "Trap-der-Jeugd" geleer het, nl.

Dertig dagen heeft November,
Juni, April en September,
Februari vier maal zeven,
't Schrikkeljaar nog een daarneven;
Voorts de andere een en dertig geven.

Die almanak op die tweede illustrasie is rond en baie ingewikkelder as wat die eerste een is. Dit is gebruik in die dae van die Hugenote en is gevolglik baie ouer as die Voortrekker almanak, wat 'n vereenvoudiging van hierdie ronde almanak is.

Die almanak bestaan uit twee ronde planke wat aan mekaar gebout en beweeglik is. Op die onderste plank is een en dertig afdelings met syfers in wit verf om die rand om die dae van die maand voor te stel.



*Hugenoot almanak. [250 jaar oud.]*
[Nasionale Museum, Bloemfontein.]

Uit die boonste ronde plank is 'n stukkie uitgesny, sodat die datum op die onderste plank deur die opening sigbaar is. Die oorblywende rand van die boonste wiel is verdeel in twaalf gelyke dele om die twaalf maande van die jaar voor te stel.


Die maande word aangedui met die eerste letter van die naam van elke maand en net onderkant elke letter is die getal dae van daardie maand.

Op die rand van die uitgesnyde gedeelte is daar sewe afdelings vir die sewe dae van die week en hulle is weer afgemerk met die letters S, M, D, W, D, V, S. Verder is die almanak voorsien van 'n lang en 'n kort wyser. Die kort wyser word gebruik om die maand aan te toon, terwyl die lange gebruik word om dag en datum aan te toon. Die wysers is met die hand beweeg.

Aangesien die besonderhede op die illustrasie nie so duidelik is as wat dit moet wees nie (die almanak is 250 jaar oud), sal bygaande tekening van die Hugenote se almanak die besonderhede duideliker laat uitkom.

Hierdie ouderwetse Boere almanak het eers diens gedoen in die woonhuis in die grensdistrikte, daarna in die Voortrekkerwa. Dit is heel waarskynlik in die wakis gebêre of êrens binne in die watent opgehang. Toe die Voortrekker meer gevestig was, het hy dit teen 'n muur eers van sy hardbies huisie en daarna van sy steen of kliphuis opgehang. Omdat die ou mense so presies was, is die pennetjie gereeld daagliks en maandeliks verskuiwe, met die gevolg dat daar nooit verwarring was wat betref die datum, dag en maand nie.

Omdat die Boere almanak so tipies Afrikaans is, sal dit 'n goeie plan wees as een of ander ondernemende firma van die Boere almanakke wil laat vervaardig.




*Hugenoot almanak.*
[Nasionale Museum, Bloemfontein.]

As patroon kan miskien geneem word die vorm van 'n kakebeenwa. In die agter grond kan daar tonele wees uit die dae van die Voortrekkers.

Ons kunswedstryd vereniginge in die verskillende provinsies kan baie in die rigting doen.

Hoe meer motiewe uit die ou dae gekies word, hoe beter vir die bewaring van ons kultuurgoedere.

## HOOFSTUK XVI

## VLAE VAN DIE VOORTREKKERS

Die mooi en geskiedkundige Natalse Driekleur is vandag die amptelike vlag van die Voortrekkerbeweging. Omdat dit so 'n groot rol gespeel het in ons volks se verlede, is dit nodig om besonderhede mee te deel in verband met die geskiedenis en samestelling daarvan.

Wie die ontwerper van hierdie vlag was, weet ons nie en waar dit die eerste keer gebruik is, is ook nie bekend nie. Chase [1] beskryf die vlag as volg:


"On the 24th of December (1839) the Vectia left that Port (Natal) with the troops and the farmers thus released from their presence, and very naturally interpreting their departure as a final abandonment of the place and recognition of their own often proclaimed sovereignty, fired a salute, and for the first time hoisted their new colors those similar to the Dutch, but placed transversely instead of horizontally the colors of the Republic of Natalia."

Die Franse reisiger M. Adulphe Delegorgue (1847) beskryf die vlag as volg : "Un pavillon nouveau, inconnu, fusion des couleurs françaises et hollandaises" ('n onbekende nuwe vlag, 'n versmelting van die Franse en Hollandse kleure). Op 'n ander plek praat die reisiger van die vlag as bestaande uit drie kleure.

G. G. Ohrig spreek in sy brosjure, "De Uitgewekenen te Port Natal" (Amsterdam, Aug. 1841), van die vlag van

---

[1] *John Centlivres Chase: The Natal Papers: A Reprint in Two Parts with an Appendix. (Grahamstown, 1843.)*




*Natalse Driekleur.*
[Volgens Prof. G. Lauts.]

die nuwe Republiek aldaar as 'n "*Nationale vlag*, welker kleuren ook de onze versieren en onder wier schaduw hunne voorouders het nu door hen verlaten land hadden bevolkt en vruchtbaar gemaakt."

Bostaande beskrywinge en besonderhede is in baie opsigte vaag en onduidelik. Die beskrywing van Chase verduidelik glad nie wat "placed transversely instead of horizontally" beteken nie en gevolglik moet daar ander bronne geraadpleeg word. In 1925 het die Unie regering die nagelate papiere van professor Ulrich G. Lauts van Nederland gekoop.

Lauts was 'n groot vriend van die Voortrekkers en gedurende die jare 1855 tot 1856 die konsul van die Oranje Vrijstaat en daarna diplomatieke agent vir die Zuid-Afrikaanse Republiek in Nederland. Onder die nagelate papiere van professor Lauts is o.a. sekere geskiedkundige aantekeninge en daarin kom die volgende tekening voor met die byskrif "Natalsche Vlag":

> In aantekening 13 by sy verhandeling, "De Kaapsche Land verhuizers of Nederlandsche Afstammelingen in Zuid-Afrika (1847) ," skryf Lauts as volg:

"In de vlag heeft het Gemeenebest Natalia aan de Nederlandsche vlag gedacht en dezelfde kleuren in dezelfde volgorde gekozen. Het wit echter gaat van eene punt in het midden van de stok uit, om aan het einde der vlag de geheele breedte van het doek in te nemen."

By hierdie beskrywing is gevoeg die tekening soos hierbo aangegee.

Dit is al wat ons weet van hierdie Boerevlag. Met die anneksasie van Natal in 1842 deur die Engelse verdwyn die Republiek Natalia en sy geskiedkundige vlag simbool van 'n nasie wat na die volste vryheid verlang het. Ds. Leon Cachet, skrywer van *De Worstelstrijd der Transvalers* (1845), maak ook melding van die vlag, maar versuim om mee te deel hoe die vlag saamgestel was.

In 'n dagboek [1] van ene Majoor W. J. D'Urban, aanvoerder van die Britse troepe wat Natal van die Voortrekkers verower het, lees ons o.a. die volgende onder datum 26 Junie 1842 in verband met die Boerevlag.

"We immediately made a rush for a high sand hill covered with bush, where they had a flag flying the Dutch with a slight distinction. Trying to lower the flag the lanyard was broken and we were obliged to throw the staff down, which took some time. Striking this flag was to be signal for the ship to cease firing.

This flag I saw on my father's return to Cape town before it was handed over to the Governor, Sir George Napier. I believe it was the first Boer flag that has ever been captured."

In verband met 'n ander Voortrekkervlag, naamlik die Kruisvlag, skryf dr. C. Beyers in Die Huisgenoot as volg:

"Behalwe die Driekleur, wat moes dien as nasionale embleem van die nuwe Republiek Natalia, was daar egter nog 'n ander vlag wat deur die Schoemandalse Voortrekkers gebruik is en wat meer in die algemeen aangedui word as die Vlag van die Voortrekkers, nl. die sogenaamde Kruisvlag. Dit het bestaan, so wil dit ons voorkom, uit 'n oorhoekse rooi kruis op 'n blou agtergrond.

Dit was ook hierdie Kruisvlag wat, met 'n klein verandering, op voorstel van president T. F. Burgers deur die Volksraad kragtens artikel 157 in Oktober 1874 dan aangeneem is as die vlag van die Zuid-Afrikaanse Republiek, in die plek van die ou en later so beroemd geworde Vierkleur, terwyl terselfdertyd ook die wapen van die land verander is.

---

[1] *Voortrekkermense VI, bld. 196, G. S. Preller.*

Die verandering [2] wat Burgers aan die Kruisvlag laat maak het, was 'n: wit strepie wat die rooi van die blou moes skei. In die toeligting van Burgers tot sy voorstel vir 'n nuwe wapen en 'n nuwe vlag vind ons o.a. ook 'n beskrywing van die ou Kruisvlag van die Voortrekkers:

"Nadat de Volksraad Zaturdag middag verdaagd was legde ZHEd. de President aan de achtbare leden en een groot aantal des publieks het veranderde wapen voor, dat hij zelf voor de Republiek ontworpen had. Het oude wapen zondigde in menig opzicht tegen de wetten der wapenkunde en was bovendien al heel weinig zinnebeeldig. Al die gebreken waren zorgvuldig vermeden in het nieuwe wapen, dat bovendien meer waar was dan het oude . . . . Na nog enige bijzonderheden van minder belang to hebben uitgelegd, sprak ZHEd. over onze vlag, die ook voor groote verbetering vatbaar is. Hij wilde daarvoor in die plaats gesteld hebben de oude vlag der Voortrekkers, zijnde een schuinsch rood kruis op een blaauw

---

[2] *Die Vierkleur en die ou wapen was kragtens Volksraad se besluit van 18 Februarie 1858, artikel 23, aangeneem:- "Is besloten de dat eene Vlag voor de Zuid-Afrikaansche Republiek aangenomen zal worden, bestaande uit de volgende kleuren: Rood, Wit, en Blauw, horizontaal, even breed boven elkanderen gesteldt en groen perpendiculair langs den stok. Daarop zullen de woorden geplaatst worden:*

*EENDRAGT MAAKT MAGT*

*Een wapen voor dit land is aangenomen, aldus zamengesteld: Op een zilveren veld zal een Wagen en een Gouden Anker staan, en op dat Wapen een Arend rusten. Op de regterzijde van dat Wapen een Man in 's lands kleederdragt, gewapend met een Geweer en toebehooren. Aan de linkerzijde een Leeuw." (Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 26 Februari 1858, no. 20).*

grond. De vlag werd vertoond en ZHEd. legde uit dat de wetten der wapenkunde niet gedoogen dat het rood onmiddellijk op het blaauw volgen zal, derhalve was het eene van het andere gescheiden door eene smalle witte streep.

Deze vlag was veel schooner dan de tegenwoordige en ZHEd. zou de volgende week de aanname er van voorstellen" (De Volksstem, Saterdag, 24 October 1874).

Dit blyk dat die Transvaalse volk egter nie besonder gediend was met die herleefde Kruisvlag as staats vlag nie, want reeds in Mei 1875, terwyl President Burgers afwesig was en in Europa, het die Volksraad kragtens artikels 30 en 31 die bogenoemde besluit herroep:

"De Volksraad besluit omtrent de motie van de heeren De Vries en Prinsloo in verband met de memoriën tegen de verandering van de oude vlag en wapen, dat de vlag en het oude wapen zullen zijn en blijven de vlag en het wapen van het land, zoodat het Volksraads besluit van 24 October 1874, Art. 157, bij deze wordt herroepen en buiten kracht gesteld, terwijl de nieuwe vlag wordt verklaard als to zijn de Presidentsvlag, die geheschen zal worden naast de Staatsvlag op de dorpen of plaatsen, waar ZHEd. de Staatspresident zijne verschijning maakt.

Dit besluit is onmiddelijk van kracht, volgens Artikel 12 der Grondwet" (Staats Courant der Z. A. Republiek, byvoegsel, 19 Mei 1875, no. 578).

President Burgers was baie verontwaardig toe hy in Europa die berig ontvang dat die Vierkleur herstel is en die Kruisvlag verklaar is tot Presidents vlag. Op 5 Julie 1875 het hy geprotesteer teen die verandering wat aangebring is: "Tevens bedank ik ook beleefdelijk voor de eer om een vlag voor mijn eigen to hebben als ware de Staats Vlag niet goed genoeg voor mij en als ware ik een soort van Rebel die zich niet wil houden aan de Vlag van zijn volk. Ik wensch geen Presidents Vlag bij mijne woning

to hebben nog ter mijner eere opgehoogen to zien en zou het als eene ernstige beleediging beschouwen indien iemand zulk een vlag ter mijner eere uithing.

Ik verlang dus ten stelligste dat het laatste gedeelte van het Volksraadsbesluit nie in werking kome, althans niet wat mij betreft." (R. 1696/75).

So het dan die Kruisvlag, na 'n baie kortstondige herlewing van skaars ses maande, vir goed opgehou om te bestaan en sou die Vierkleur aanhou om te dien as embleem van die vryheid van die Transvaalse volk.

'n Ander vlag wat ook 'n eervolle plek in hierdie beskrywing verdien is die van die Vrystaatse Republiek. Die besonderhede wat hier verskyn, word onveranderd oorgeneem uit 'n artikel van dr. A. Kieser, Vrystaatse Argivaris, wat goedgunstig sy toestemming gegee het dat dit hier mag geplaas word. Hier volg die besonderhede:

Die Vrystaatse Republiek het op 23 Februarie 1854 met die Konvensie van Bloemfontein tot stand gekom en J. P. Hoffman is gekies as staatspresident. Hoffman het Prof. Lauts aangestel as konsul van die Vrystaat in Nederland en aan hom opgedra om van Koning Willem 'n vlag en wapen te kry vir die jong Republiek.

Terwyl Lauts besig was om hierdie opdrag uit te voer, is president Hoffman verplig 'n ene om af te tree en J. N. Boshof is in sy plek gekies.

Die Goewerments sekretaris, ene J. Groenendal, 'n baie sieklike man, het siek gelê en die staatsdokumente was in so 'n verwarde toestand dat Boshof niks [3] geweet het van die brief aan Lauts oor die vlag en wapen nie.

Boshof het die noodsaaklikheid van 'n wapen en grootseël vir die Republiek ingesien en op 5 September 1855 'n ontwerp aan die Volksraad voorgelê, wat ook goedgekeur is. [4]

---

[3] *Boshof aan Koning Willem 26-6-1856 P.R. 554 No. 448.*
[4] *Volksraadnotule 5-9-1855.*

Deur bemiddeling van sir George Grey, goewerneur van die Kaapkolonie, is die grootseël in Kaapstad gegraveer [5] en aan die begin van Januarie 1856 het dit op Bloemfontein aangekom. Die Volksraad was daarmee hoogs tevrede. Dit was ook die eerste wapen van hierdie Republiek.

Ongelukkig het die Volksraad nie 'n beskrywing van die simbole op die wapen of grootseël te boek gestel nie. Verder besit ons vandag alleen afdrukke van die grootseël wat dieselfde is as die wapen en kan ons sodoende by benadering 'n beskrywing daarvan opstel.

Op die grond, simbolies van die aarde, staan 'n sambreel vormige boom, waarop geen vrugte voorkom nie. Bokant die boom verskyn die woord "Vrijheid".

Regs van die boom staan 'n leeu met sy regter voorpoot teen die boom, terwyl drie skape voorkom aan die linkerkant. In die voorgrond lê 'n lint met die woorde "Geduld en Moed" daarop. Daaronder staan 'n ossewa met een disselboom en kap met die woord "Immigratie" onderaan.

Hierdie wapen openbaar geen kennis van die herhaldiek [6] nie, maar dit het op eenvoudige wyse in beeld gebring die lewe, strewe en omgewing van die Trekkers.

Op 12 Januarie 1856 kom C. Hiddingh, 'n gesant van die Koning van Nederland, op Bloemfontein aan, met die vlag en wapen wat Koning Willem op versoek van pres. Hoffman aan die Republiek geskenk het. Pres. Boshof het verbaas gestaan toe hy daarvan hoor, want hy het van so iets niks geweet nie. Dit was eers nadat Hiddingh kopieë van die briewe van pres. Hoffman en Groenendal verskaf het, dat die president die posisie reg begryp het.

---

[5] *Kaapse Argief Colonial Office: Boshof aan Grey 23-11-1855 en Grey aan Boshof 20-12-1855.*

[6] *Dr. H. P. Muller: Oude Tijden in de Oranje Vrijstaat.*

Die regering was in 'n onbenydenswaardige posisie geplaas. Hulle het hul vlag gehad, nl. die ou Bataafse driekleur van rooi, wit en blou wat op die Fort gewapper het sedert die onafhanklikheids verklaring van die Republiek op 23 Februarie 1854.

Hulle het hul eie wapen gehad, wat sir George Grey vir die Republiek laat graveer het en hulle £ 7-10-0 gekos het. Aan die ander kant word besef dat Koning Willem op versoek van die eerste staatspresident 'n wapen en vlag aan hulle geskenk het. Dit was totaal anders as hul eie. Wat moes hulle nou doen?

Daar moes ooreenstemming wees tussen die wapen en die grootseël en hulle sou nie 'n nuwe grootseël wil laat maak nie.

Die wapen, deur Koning Willem geskenk, het op twee vlae gerus "waarin almede het wit en de Oranjestroom afwisselend voorkomen, terwyl tevens de Nederlandsche vlag als kwartier is aangebracht" . . . "Op het wit of zilverveld" [7] van die skild, "stelt de golvende oranje face de rivier voor aan welke het Gemeenebest zijnen naam ontleent en de menigvuldige lazuren hoorn is overgenomen [8] uit het wapen van Oranje."

Op 28 Februarie 1856 is die kwessie van die vlag en wapen in die Volksraad bespreek en is die voorstel van Nauhaus eenparig aangeneem "dat het ontwerp van de vlag, gezonden door den Koning der Nederlanden, zal aangenomen worden, en bij het gezondene dito wapen, het reeds bestaande zoo als in het Groot Zegel van den Staat, zal ingevoegd worden met weglating der Oranje streep." [9]

---

[7] *G. S. 114 No. 14.*

[8] *Dr. Müller ibid bl. 52 se dat die horing sedert die 8ste eeu op die wapen voorkom van die Prins van Oranje.*

[9] *Volksraadnotule 28-2-1856.*

Hierdie besluit het onveranderd die wet van die Republiek gebly tot die vrede van Vereeniging in 1902.

Om al twee partye tevrede te stel, het die Volksraad besluit om die twee wapens tot een geheel te maak. En die grootseël sou voortaan alleen dieselfde wees as die middelste gedeelte van die wapen. In 1891 is die eerste grootseël vervang deur 'n nuwe wat presies op die wapen gelyk het.


Aan Koning Willem het Boshof 'n verklaring gegee van die handelwyse van die Volksraad en verduidelik waarom die raad nie die koninklike ontwerp sonder enige verandering aangeneem het nie. "De redenen," skryf Boshof, "waarom de Raad deze wijziging meende te moeten maken, is dat op deszelfs vergadering op primo September 11, een plan voor een wapen werd vasgesteld waarna een 'groot zegel' gegraveerd werd, dat reeds eenige tijd in gebruik was . . . Ware de Raad bewust geweest dat de heer Lauts belast was met het verzoek aan Zijn Majesteit om eene vlag en wapen aan dezen staat te willen schenken, dan voorzeker zou de Raad niet tot gemeld besluit gekomen zijn maar liefst getoefd totdat het antwoord van uwe Majesteit daarop zou gekomen zijn." [10]

J. W. Spruyt, Goewerments sekretaris, het in 1857 die wapen op 'n houtbord aangebring en dit is opgehang agter die voorsitterstoel in die Raadsaal op die hoek waar die poskantoor vandag staan. Toe die Raadsaal later verskuif is na die bo end van Maitlandstraat (Bloemfontein), so het die wapenbord dan ook daarheen verhuis.

Uiteindelik met die opening van die laaste Raadsaal van die Republiek in Junie 1893 — die teenswoordige Raadsaal van die Provinsiale Raad is die wapenbord ook daarin opgehang, maar dis verwyder gedurende die Anglo Boere oorlog en alleen die merke in die hout agter die voorsitterstoel het aangebly om ons te herinner aan die geskiedkundige stuk.

---

[10] *P.R. 554 No. 448 23-6-1856.*




**VOORTREKKERVLAE.**
**A** Kruisvlag [Transvaalse Voortrekkers.]
**B** Vrystaatse Vierkleur.
**C** Driekleur.
**D** Transvaalse Vierkleur.

Met die besluit van 28 Februarie 1856 het die Volksraad afgesien van sy eerste vlag, die Bataafse driekleur, wat die vlag was van die republieke van Swellendam en Graaff Reinet, maar aan die ander kant het hy dit tog sien voortlewe in die vlag soos deur Koning Willem aan die Vrystaat geskenk. As kwartier is dit daarin aangebring.

Die nuwe vlag is op 23 Februarie 1857, tydens die viering van die onafhanklikheid van die Republiek, op die Fort gehys en sien wapper oor die Vrystaat tot die Vrede van Vereeniging. Vandag is dit saam gevat in die vlag van die Unie van Suid Afrika.

## HOOFSTUK XVII

## KALK EN KALKBRANDERY

Vanmelewe het kalk 'n baie belangrike rol in die doen en late van die Voortrekkers gespeel en waar kalk in enige hoeveelhede voorgekom het, is dit ontgin, gebrand en as pleister gebruik by die bou van woonhuise. Wanneer dit goed ingesuur was, het dit feitlik net so goed aan die doel beantwoord as die hedendaagse sement. Dit word natuurlik me so hard as sement nie, maar vir die Voortrekkers se doel was dit bevredigend.

Op die historiese plaas Broedershoek, Kranskop, Natal, deur Voortrekker Dewald Pretorius in 1852 aangelê, is nog die oorblyfsels te sien van die kalkgate waarin kalkklippe vanmelewe gebrand is. Hierdie ronde gate is op een van die hoë walle van die Inadi rivier (tans is dit 'n spruit), 'n takrivier van die Tugela, is minstens tagtig jaar oud en nog in goeie toestand van bewaring. Dit is seker die enigste twee kalkgate deur Voortrekkers die gemaak is waarvan ons kennis dra.

Die kalkgate is ongeveer vier voet in deursnee, sowat tien voet diep en met stene uitgemessel. Op die bodem van elke gat, wat langs die wal gebou is, is 'n opening of luggat.

Om die kalkklippe te brand, word as volg te werk gegaan: Onder in die sat word droë gras en fyn hout netjies gepak, sodat dit maklik kan brand. Hierop word 'n laag droë hout gepak en dan 'n laag kalkklippe. In hierdie omgewing is die kalkklippe ongeveer so groot as aartappel-

moere. Nadat die laag kalkklippe gepak is, word weer 'n laag hout gepak en so word aangehou totdat die gat vol is. Heel bo word nog meer hout opgestapel en sodra dit alles gereed is, word die opmekaar gepakte lae van onder aan die brand gesteek.

'n Ander manier [1] om kalkklippe te brand, is as volg:

"Vierkantige miskoeke word met 'n graaf uit 'n kraal gesteek en gedroog. Nou word daar 'n bos droë gras aanmekaar gedraai en fyn hout word buite-om geplaas, omtrent ses voet lank en twaalf duim in deursnee en die word regop gesit. Nou word die miskoeke sirkelvormig om die gras, omtrent agt voet wyd, gepak. Dit kom drie voet hoog. 'n Muurtjie word soos 'n rand gepak en binne-in kom 'n laag kalkklippe ses duim dik. Vervolgens kom weer mis bo op vir die volgende laag kalk klippe.

Naderhand word hierdie mis skuins opgetrek, omtrent soos die dak van 'n rondawel, totdat net die toppie van die gras bo uitsteek. Gewoonlik word dit dan op 'n stil aand aan die brand gesteek en wel nie van onder af nie, maar van bo af. Die gras brand af na onder, sodat die mis van die middel af aan die brand raak en die vuur van die middel of na buite uitwerk. Sodoende word die hitte gekonsentreer en bly dit dan in die hoop wat so opgestapel is. Kom daar egter 'n sterk wind op, dan val die hoop na een kant toe en die hele affêre is 'n mislukking en dan moet mens maar weer van voor af begin.

In albei bogenoemde gevalle duur dit soms meer as 'n week voordat dit uitgebrand en koud is. Gebeur dit, dan word die kalkklippe uitgesoek uit die as en 'n mooi ronde put wat van tevore reeds gemaak is en wat met beesmis glad uitgesmeer is, word nou gebruik om die kalk in te blus. Die klippe word in water gesteek en in die put gegooi. As dit klaar is, word die put goed toegemaak met doringtakke, want die boel word net so warm as vuur.

---

[1] *Volgens mnr. A. P. Erasmus, Die Krans, pk. Maizefield, in Die Vo1kstem van 10-5-1938.*


Sodra die werking egter verby is en dit weer koud geword het, word die kalk in 'n beesvel of in sakke van kwaggavel gemaak, gegooi, nadat die velle nat gemaak is. Dit word nou toegewerk met riempies om vervoer te kan word. Dit was baie goeie en sterk kalk."

## HOOFSTUK XVIII

## MANSKLERE IN DIE VOORTREKKERDAE

Net soos in die geval met die vroue was daar geen bepaalde nasionale kleredrag vir die mans nie. Hulle het hulle aangetrek volgens die mode wat toe in swang was en was, net soos die vroue, ook maar lief vir smaakvolle materiaal. Volgens voorstellinge van die modes uit die Voortrekkerdae skyn daar 'n ongegronde idee te bestaan dat die mans mense was met ruwe baarde, sleg gekleed, en met plat veewagter velskoene. Om hierdie karikatuur te voltooi, is daar tydig en ontydig kanonpype in die mond. Die persone wat hierdie ou pioniers so vermom, dra geen kennis van die kultuur van daardie dae nie. Voorstellinge uit die lewe van die Trekkers is aanbevelenswaardig en moet aangemoedig word. Die voorstellinge moet egter soveel as moontlik in ooreenstemming met die werklikheid wees en deelnemers en deelneemsters moet trots en hoogmoedig voel op hierdie kleredrag van die Voortrekkers. Al is die mode outyds, moet die drag deftig en aanbevelenswaardig wees.

Die Voortrekkers was welgestelde boere wat hul goed bewerkte plase in die Kolonie verlaat het om 'n nuwe, vrye gemeenskap te gaan stig. Volgens mededelinge, skriftelike bronne en ou portrette van Voortrekkers (wat na 1850 geneem is) in die Voortrekkermuseum is dit glashelder dat die Voortrekkers mense was van fynheid. In hulle klerekiste was daar nie net velbroeke nie, maar was ook broeke van die *fynste* en die deftigste klere volgens die mode van daardie tyd. As gevolg van hierdie ruwe lewe spreek dit vanself dat hulle nie hul kisklere agter die vee



*Onderbaadjies.*
[Voortrekker museum, P.M. Burg]

of op die trek gedra het nie, maar by kerk of feesgeleenthede het die trekkers geweet hoe om hulle deftig en ook smaakvol aan te trek.

Bygaande foto's is van manskleredrag tydens die Trek en hoewel daar baie min mansklere in die museum is gee die wat daar is, asook die menigte portrette, wat na die Groot Trek geneem is, wat ons 'n goeie denkbeeld van hoe die mansmodes in daardie dae was.

Baie mooi en deftig is die onderbaadjies wat alleen by spesiale geleenthede gedra is. Vir mans was 'n mooi spoggerige onderbaadjie een van die belangrikste kleding stukke in daardie dae. Hierdie onderbaadjies getuig van die goeie smaak van die mans en vir die kunstige hande werk dra die vroue alle die eer weg. Die onderbaadjies is gemaak van die beste en mooiste sy, satyn of fluweel. Net soos die hedendaagse onderbaadjies is hulle ook gemaak met hoë en lae halse, met en sonder kragies en met enkele en dubbele rye knopies. Sover uitgevind kan word, het hulle almal twee sakke i.p.v. vier soos wat dit teenswoordig die geval is.

Drie van hierdie onderbaadjies, nl. die een heeltemal regs, die witte in die middel en die een heeltemal links, is vir ons van belang omdat hulle behoort het aan die volksmanne uit daardie tyd. Laasgenoemde is die satyn onderbaadjie van die Godsman van die Voortrekkers, nl. Sarel Cilliers, wat hy gedra het op sy troudag, die 7 de September 1823. Dit is op sy voorstel dat 'n gelofte op Danskraal, naby die teenswoordige Ladysmith (Natal), afgelê is dat, as God hulle die oorwinning oor Dingaan besorg, hulle en hulle nageslag die dag as 'n sabbat sal vier en ook 'n kerk sal bou tot eer van Sy naam.

Oppervlakkig beskou skyn dit of die onderbaadjie al baie vuil is, maar dit is glad nie die geval nie. Die vlekke en kolle wat daarop is, is die gevolge van ouderdom en die verpakking in klam vertrekke. Sarel Cilliers het die onderbaadjie jare lank getrou gedra en dit het seker ook baie herinneringe by hom opgewek in verband met wat

hulle alles deurgemaak het gedurende en na die Groot Trek.

Eersgenoemde onderbaadjie is die van die aanvoerder in die Bloedrivier slag, naamlik die van kmdt. genl. Andries Pretorius. Hierdie onderbaadjie wat van blou geblomde satyn brokaat is, wat die held van Bloedrivier alleen by besondere geleenthede gedra het, is die hande werk van sy vrou.

Die onderbaadjie heeltemal links is van donkerblou fluweel met klein blommetjies daarop wat Boos kruisies lyk. Hierdie onderbaadjie maak 'n deel uit van die trou pak van Piet Uys, die vader van die dappere 14 jarige Dirkie Uys, wat terug gejaag het om sy geliefde vader te verdedig nadat by dodelik gewond was in die slag van Italeni.

Volgens portrette van Voortrekkers was die "kis" of Sondagbaadjie van fyn fluweel of van swart lakenstof gemaak. Die fluweel wat hier gebruik is, was glad of gekoord en die populêrste kleure was swart, blou, groen en donkergeel. Om die baadjie nog beter te laat afwys, was dit omgeboor met 'n sy koordjie. Die baadjie was heeltemal op 'n ander patroon gesny as die van ons. Hierdie baadjie had 'n ry knope tot bo teenaan die nek. Hiervan is net die boonste knoop vasgemaak en verder het die baadjie los gehang. Omdat die baadjie net bo vasgemaak is, spreek dit vanself dat die onderbaadjie mooi afgewys het.

Die kraag was of breed of smal en waar die kraag smal was, het die baadjie gewoonlik net een knoop bo gehad. In teenstelling met ons baadjies was die baadjie kort. Dit het net tot effens onder die broek se band gereik en moes ook teen die broek vassit.

Vir alledaagse drag was die klere van 'n growwer en sterker materiaal gemaak, en molvel is die meeste gebruik.

Die mees algemene kleure was bruin, vaal en bleek geel. Volgens mededelings was klere van molvel baie

sterk en het dit baie beter en langer gedra as wat die hedendaagse molvel klere.


Omdat molvel goedkoper was en ok beter gepas het by die lewe van die Voortrekkers is dit baie meer algemeen as fluweel klere.

Molvel en fluweel is gebruik vir mansbroeke, die eers genoemde vir alledaagse drag en die laasgenoemde vir "kisklere". "Buckskin" is gebruik vir die kleredrag van die ou mense, terwyl welgestelde Voortrekkers lakense klere gedra het by nagmaal of by feesgeleenthede. Linne is gebruik vir die hemde en nekdoeke. Seuns het soms velbroeke gedra totdat hulle in die huwelik getree het. Saam met die velbroek het hulle linnehemde en molvel baadjies gedra en om die nek 'n linnedoek. Die broek se pype het tot onderkant die knieë gereik.

Lang broeke het die seuns nie gedra nie, waarskynlik omdat die gras te ruig was en die bedoude gras die broekspype ook nat gemaak het wanneer hulle die vee in die veld moes gaan oppas. Seuns het of kaalvoet geloop of hulle het tuisgemaakte velskoene gedra. Sodra 'n seun in die huwelik getree het, het hy die velbroek verwissel vir een wat van doek gemaak is.

In die middel op die tweede foto is daar 'n tamaai groot tipiese molvel klapbroek wat aan 'n Voortrekker behoort het. Voor aan die broek is daar, in plaas van 'n gulp 'n afsonderlike klap (vandaar die naam) wat in die middel voor en weerskante op die heupe vas gemaak word met vier knope. Die broek se band is ook baie nouer gemaak, sodat die broek om die heupe vasgeknyp het. Omdat die band so nou om die middellyf gepas het, was die broek bekend onder die grappige naam van nierknyper.

Om die broek styf om die maag vas te hou, is dit deur middel van 'n broekband of skuif agter vasgemaak. Hierdie skuif is natuurlik binne, bo om die lyf vasgewerk. Waar die broek van 'n skuifband voorsien was, was dit nie nodig om enige kruisbande te dra nie. Sommige van die Voortrekkers het kruisbande gedra, en ander het dit nie gedra nie.



*'n Voortrekker klapbroek, marvel en leerbaadjie.*
[Voortrekker museum, P.M. Burg]

Waar daar kruisbande gedra was, was daar alleen vier knope aan die broek gewees, nl. twee aan die agter kant en een aan weerskante voor. Die kruisbande het bestaan uit twee afsonderlike los bande wat op die rug oormekaar gekruis het. Later is die bande aanmekaar gewerk soos die moderne kruisbande.

Volgens foto's is dit ook duidelik dat die broekspype nouer was as die van die moderne mansbroeke en anderom was daar slegs 'n soom. Omgeslaande broekspype was onbekend. Die broekspype is onder sowat ongeveer agttien tot negentien duim in omtrek.

Sommige Voortrekkers het die broeke baie lank gedra, d.w.s. tot op of oor die velskoene, maar ander het die broek se pype weer 'n weinig korter gedra. 'n Vou langs die lengte van die broek was heeltemal onbekend.

Toe die eerste gulpbroeke in die handel gekom het, het die ou mense dit met veragting beskou en hulle die bynaam gegee van Engelse "skeurbroeke". Tydens die Zoeloe oorlog van 1879 het die bejaarde Voortrekkers van Groenland (tans Kranskop, Natal) dan nog oor die algemeen klapbroeke gedra, terwyl die jonger geslag gulpbroeke gedra het.

Die hemde was net soos die hedendaagse hemde, met los boordjies. Dit is egter met 'n slip van agter gedra en al die hemde was met die hand gemaak. Gedurende die week het hulle geruite hemde gedra, maar op Sondae hemde van fyn wit linne, met of sonder plooie. Daar was gewoonlik twee plat gestrykte plooie weerskante, een tot anderhalf duim breed. Hulle het strik dassies gebruik of 'n donker driehoekige sy nekdoek, wat hulle voor vas geknoop het of waarvan die punte oormekaar gevou is. Die nekdoek was ook bekend as 'n skuinsdoek.

Op die trek en op die plaas het die Trekkers tuis gemaakte velskoene gedra en die was so netjies vervaardig dat hulle dit met die grootste vrymoedigheid ook in die kerk kon dra. Stewels is deur bejaardes gedra, maar dan ook alleen by kerk of feesgeleenthede. Toe hulle op trek gegaan het, het hulle hul goed voorsien van die al

die nodige dinge soos klerestowwe, stewels, gereedskap, kruit ens. Hierdie voorsorg maatreëls was nodig omdat, hulle geweet het dat 'n lang reis voorlê. Die wakiste het hulle goed vol gestop.

In die werk het hulle sonder kouse geloop, maar by kerk of feesgeleenthede het hulle sokkies gedra. Seuns het op twaalfjarige leeftyd begin leer hoe om velskoene te maak en daar word vertel dat nooiens opgelet het watter jong kêrels mooi velskoene gehad het. Hoe mooier die velskoene gemaak was, hoe 'n dieper indruk het dit gelaat, omdat dit dadelik getoon het dat daar iets in die persoon steek.

Volgens ou portrette is dit ook duidelik dat honderde Voortrekkers nooit geskeer het nie, maar ander het wel weer gereeld geskeer. Die wat nie geskeer het nie, het hulle baarde gereeld laat knip. Die wat geskeer het, het die snorbaard met al die baard om die gesig geskeer. Om die hals (nek) is nie geskeer nie en hierdie baard onder die ken was bekend as die "uilbaard".

Voor, gedurende en na die Groot Trek was daar ook verskillende soorte manshoede in die mode gewees, maar ongelukkig is die besonderhede baie skraal. As gevolg van die lewe in die buitelug het die meeste boere breë rand hoede gedra. Die hoede het hul, gesig en nek teen die stekende sonstrale beskerm. Dit lyk of kinders meestal strooihoede gedra het, wat deur hul moeders gevleg is.

Piet Retief was die besitter van 'n wolhoed met 'n smal rand en 'n taamlike hoë bol, terwyl Andries Hendrik Potgieter 'n strooihoed gedra het met 'n breë rand en 'n groen voering. Voortrekker Gerrit Maritz hot 'n hoë bol keil van vaal wol besit, maar sy soort hoed was seker 'n uitsondering. Die Trekkers het meestal self hul hoede gemaak en die hoede was so sterk dat hulle jare lank gedra is.

Die hoede wat die Voortrekkers gedra het, was gewone velthoede met 'n omborende breë rand. Die hoed is nooit in die middel gevou nie, maar is ingevou om 'n

ronde bol met 'n rand te vorm. Die seuns het tuis gemaakte doekhoede gedra.

Stuart skryf as volg in verband met die hoede:

"De mannen dragen groote stroo of vilthoeden met breede randen"

Regs op die foto is 'n voorbeeld van 'n leerbaadjie. 'n Leerpak soos wat deur die Voortrekkers gedra, besit die museum nie. Hierdie leerbaadjie is gedra deur 'n seun van kmdt: genl. Andries Pretorius en is baie jare na die Trek in Natal gemaak en gedra. Gedurende die Trek self het die mense min geleentheid gehad om die leerklere te maak, daarvoor was die tye te onbestendig. Lank op een plek het die laers nie gestaan nie en om die rede was die tyd te kort om 'n vel te looi en te brei. Om 'n vel te looi, het minstens 'n maand in beslag geneem en om 'n sukses daarvan te maak, moes dit deeglik gedoen word. Maar toe die Voortrekkers eers gevestig was, het sommige van hulle velklere gemaak, maar die dra van hierdie klere was nie algemeen nie.

Die vel of leerklere van mans en vroue was baie sag gebrei, maar kon nie gewas word nie, want dan het dit kliphard geword en stukkend gebars. As 'n pak nat gereën het, het dit moeilik gegaan om dit enigsins sag te kry. Die mans het nogal baie leerbroeke gedra en in die reël was hulle dit 'n weinig korter as die mol- of die fluweelbroeke om te voorkom dat bedoude gras hulle onderlangs nat maak.

Links op die foto is daar 'n swart lakense manel wat in 1823 deur Hendrik Jacobus Martens by sy huwelik gedra is. Die snit hiervan verskil heeltemal van die van die moderne manel. Die punte (of kuiteklappers) kom baie ooreen met die van 'n moderne aandmanel.

Interessant is die kort bo-stuk wat oormekaar vas gemaak word.

Insake kleding skryf F. Lion Cachet [1] as volg:

"In kleding verschillen de Boeren weinig van onzen eigen burgerstand. In vroeger tijden, toen het nog zeer moeilijk was, om goederen to verkrijgen, moest menig-

een zich behelpen met bovenkleederen van zacht gebreide vellen, doch thans (d.w.z. ± 1880) ziet de men zelden iemand met een "vellenbroek" of dito "baaitje". Slechts nu en tan ontmoet men den een of anderen jonkman, die een "onderbaaitje" draagt van fijn bokken vel, dat, met de haren naar buiten en netjes opgemaakt, waarlijk goed staat. Algemeen draagt men nu eigengemaakte of gekochte kleederen van molvel, buckskin en lakensche stoffen, en de vrouwen dragen "tabberds" (japonnen) van katoen of merino. Het jonge geslacht weet zich zeer goed to kleeden, en de meisjes houden, zooals overal, van een "mooien tabberd". Zoo vrouwen als meisjes loopen binnenshuis blootshoofds   slechts — zeer bejaarden dragen een muts —, doch gaan niet naar buiten zonder een wit katoenen of donker gekleurden merino kap op het hoofd, die haar gewoonlijk beter staat dan het "hoedje" dat uit Europa wordt ingevoerd, veel geld kost, en het oude "kapje" schijnt te willen verdringen. Daar de vrouwen en meisjes zeer op een blanke gelaats kleur gesteld zijn, moet het kapje, met zorg doorstikt en bewerkt, altijd groot genoeg zijn om het voorhoofd tegen de stralen der zon te beveiligen; het overige gedeelte van het gelaat wordt, in de open lucht, met een witte dock bedekt."

---

[1] *De Worstelstryd der Transvalers, bl. 425.*

## HOOFSTUK XIX

## VROUEDRAG IN DIE VOORTREKKERDAE

Met betrekking tot die kleredrag van die Voortrekker vroue en dogters is dit baie belangrik om te onthou dat daar geen bepaalde of vasgestelde Voortrekkerdrag was nie. Die kleredrag gedurende die eerste tien jaar van die Trek was die waarmee die mense in die Kaapkolonie bekend was, en die modes wat hulle in die Kolonie gedra het, het weer van Europa oorgekom na ons land. Van Kaapstad het die modes drupsgewyse na die binnelandse dorpe deurgedring en daarvandaan weer na die veraf geleë plase. Wat dus in die mode was op die plase, was reeds uit die mode in Kaapstad gewees. Mense wat bv. uit Kaapstad se omgewing by die Trek aangesluit het, het die nuutste modes gedra in vergelyking met die van die Trekkers uit die grensdistrikte.

As gevolg van die na-apery van Europese modes sinds die vroegste tye spreek dit vanself dat ons nog nooit 'n nasionale of 'n volks eie drag in die lewe geroep het nie. Baie Europese lande het 'n tipiese nasionale drag, maar by ons kom dit nie voor nie.

In verband met die beskrywings van die verskillende kledingstukke dien vermeld te word dat die beskrywings aan my deur my vrou verduidelik is. Sonder haar hulp sou dit onmoontlik wees om die verskillende kappies ens. te beskryf.

Bygaande foto van tabberds verteenwoordig die mees kenmerkende drag uit die dae van die Voortrekkers. Vir alledaagse doeleindes het die Voortrekker vroue tabberds van geblomde, geruite of gestreepte sis gedra.



*Tabberds uit die dae van die Voortrekkers.*
[Voortrekker museum, P.M. Burg.]

Hierdie tabberds is met die hand gemaak en die maak het baie tyd in beslag geneem. Vir die moeilike lewe op die trekpad was sistabberds die beste; hulle kon oor en oor gewas word. By spesiale geleenthede, bv. kerk en by huweliks plegtighede, het die vroue tabberds van sy, of satyn en fluweel gedra. Klere vir die spesiale doeleindes was bekend as "kis-" of "kerkklere".

In 1847 is ds. Arnoldus C. Stucki georden as predikant in Natal, maar op die seereis daarheen is hy oorlede. Sy weduwee en haar suster het twee maande op genl. Andries Pretorius se plaas Welverdiend, by Pietermaritzburg, deurgebring eer hulle weer terug is na Holland. In verband met die kleredrag skryf sy as volg:

"Ik verwonderde mij zeer over de klederpracht, die ik in den Kerk had waargenomen. Ik kon niet begrijpen dat uit hutten van klei, zulke elegante dames zouden to voorschijn treden." [1])

Bostaande woorde van 'n onpartydige persoon is voldoende om aan te toon dat die Voortrekkers mense van fyn smaak was.

Die tabberd links op die foto is deur die eerste Voortrekker vrou wat in Natal aangekom het, nl. Gertruida Johanna Human, gedra. Die prag van hierdie tabberd, wat al honderd jaar oud is, lê in sy eenvoud en in die netheid waarmee dit afgewerk is. Hierdie tabberd is aanmekaar en gemaak van sis met 'n klein blompatroon. Die romp is ongeveer agt en veertig duim wyd en die lyfie pas nou om die bolyf. Baie interessant is die hals — dit is taamlik laag uitgehol en afgewerk met 'n netjiese omboorsel of kantjie.

Sommige moue was lank en noupassend om die arm en onderom was dit ook met 'n omboorsel of kantjie af gewerk. Hierdie tabberd is die model van die amptelike drag van die vroue van die Voortrekkerkoor, Bloemfontein.

---

[1] *Spoelstra C. Het Kerkelik en Godsdienstig Leven der Boeren van den Grooten Trek, (1915).*

Besonder interessant is die tabberd regs op die foto. Dit is 'n troutabberd uit die dae en dit is ook van sis gemaak. Die lyfie is net soos die Vorige, behalwe dat dit met 'n punt voor gesny en onder ingeryg is. Die moue is driekwart afgewerk met 'n smal kantjie. Ook het hierdie tabberd 'n wye romp en reik tot op die voete. In die dae is dit as baie onbetaamlik van 'n dame beskou indien haar voete onder haar rok gewys het — daarom het hulle sulke lang rokke gedra.

Tussen die twee tabberds is daar twee rokkies wat die dogters destyds gedra het. Die rokke van die jong dogters en kinders is net soos die van hul moeders gemaak en het ook tot op die voete gereik. So 'n kind het meer na 'n grootmens as na 'n kind gelyk en baie vryheid vir beweging was daar nie. Die kinders het hul klere nooit durf vuil smeer nie. Johanna P. Smit (geb. De Beer), wat die Trek as kind meegemaak het, vertel as Volg in verband hiermee [2]:

"My eerste skoolmeester was 'n man met die naam van Bernard Oppel. Dit was nog in Natal, aan Boesmans rivier. Hy was getroud met 'n nooie Nienaber en was so kwaai as die duiwel. Ons moes Saterdagmiddag skoon boklere aantrek en nie weer voor die volgende Saterdag nie, en bewaar jou as daar 'n vlekkie op die klere kom! Iedere oggend word inspeksie gehou van die klere en as ons inkom, word die kappies en hoede afgeneem om te sien of ons hare behoorlik gekam is. Dan word toegesien of die vingernaels kort en skoon is, en hy het 'n plak van buffelleer gehad waarmee hy die nalatige op die vinger-toppe slaan. As die skool haas moet aangaan, dan haal by 'n soort potdeksel voor 'n dag en moker daarop met 'n kierie. Elke kind het 'n pennetjie met 'n bossie vere vooraan en daarmee word iedere woord wat ons lees op die boek aangewys".

---

[2] *Voortrekkermense IV, bl. 120.*

Wanneer ons al die kultuurskatte in die Voortrekker museum besigtig, word ons, veral wat betref die kleredrag, getref deur die goeie smaak van die Voortrekkers. Trots al hul ontberings het hulle fyn beskaafd gebly.

Die Voortrekker moeders en hulle dogters was ook besonder lief vir nekdoeke gewees. Nie alleen het hierdie nekdoeke gedien as versiering nie, maar ook om die nek te beskerm teen die son. By die eenvoudige tabberd wat reeds beskryf is, het die nekdoekies pragtig gepas, die hele kleredrag afgerond en 'n karakter van sy eie gegee. Voor was die nekdoekies met 'n borsspeld vasgesteek.

Voortrekkernooiens was somaar fyn uitgevat wanneer sy haar sistabberd, haar kappie en haar nekdoekie aan had.


Die nekdoekies was van verskillende fatsoene volgens smaak. Sommige was driehoekig, en ander was weer vierkantig of langwerpig. Dit is gemaak van die mooiste sy of geblomde geruite sy of tafsy.

Byna sonder uitsondering het almal sy fraiings rondom of onderaan gehad. In die museum is daar menigte nekdoekies wat getuig het van die goeie smaak van die dames.

Die mooiste van al die kledingstukke in die museum is ongetwyfeld die tjalies. Die een links is van kasjmiersy en minstens 150 tot 160 jaar oud. Met die pragtige peer vormige ontwerp daarop is dit een van die sierade in die museum. Behalwe een of twee klein stukkende plekkies makeer dit nog niks.

Die volgende besonderhede in verband met die kasjmier tjalie is belangrik. Die peervormige ontwerp is 'n besondere kenmerk van die beste Indiese tjalies, wat in die provinsie Kasjmier geweef word. Om die tjalie te weef, word daar gebruik gemaak van 'n fyn sy agtige stof en die randversierings word in verskillende kleur skakeringe ingeweef.

Pragtig ook is die deftige swam tjalie in die middel, wat 130 jaar oud is. Die borduurwerk op die tjalie is alles met die hand gemaak en die tjalie is nog so goed as toe



*Voortrekker nekdoekies.*
[Voortrekkermuseum, P.M. Burg.]

dit oorspronklik gemaak is. Tjalies is meesal deur die ouer vroue gedra en dit het 'n statigheid en deftigheid verleen.

Mooi is die handgemaakte manteltjies, wat in die reël deur bejaarde vrouens gedra is. Die manteltjies het die plek van jasse ingeneem. Die swarte links is sonder enige fraiings of kant en van die soort wat meestal vir die alledaagse of huisdrag gebruik is. Sommige van die mantels was opgestop met katoen, kapok ens. en met die hand deurgenaai.

Die manteltjie regs is deftiger deurgestik en voorsien van fraiings. Dit is by besondere geleenthede gedra. Die middelste manteltjie is volgens die mode van ongeveer 1865. Tussen die stroke sy is die bo en onder kant, en bo en onder is dit verder afgewerk met fraiings. Vir die draagster was dit bepaald 'n sieraad.

Op baie van die portrette van die Voortrekkers in "kisklere" afgeneem, het die vroue manteltjies om hul skouers. Die persone op die portrette tref ons dadelik deur die stemmigheid van hul kleredrag. Alles is eenvoudig en tog karaktervol. Daar is vasberadenheid in hul hele uitkyk op die lewe.

In verband met die kapsel lees ons die volgende [3]:

"Die kapsel was meestal eenvoudig: die haar met 'n paadjie geskei in die middel en glad weggekam, in twee vlegte agter die hoof bevestig; — veelal met 'n "karette" kam, — dit is 'n kam van skilpaddop gemaak, wat die dae nog nie algemeen was nie. Die haar werd nooit los gedra nie, selfs die jongere meisie kinders het 't nie los gedraag nie. Die haar van die voorhoof werd dikwels in fynere vlegte opgemaak en word weg gebind hetsy met 'n lintjie of met 'n kam en haarnaalde".

Die vroue het oor die algemeen wit katoen kouse gedra, maar kinders het selde kouse gedra. Gedurende die week het die mansmense ook nie kouse gedra nie,

---

[3] *Voortrekkermense I, bl. 245.*



*Deftige Tjalies.*
[Voortrekker museum, P.M. Burg.]

maar op Sondae en by feesgeleenthede wel.

Handskoene is ook nie algemeen gedra nie, maar die vroue en hulle dogters het meestal moffies gedra. Dit het hul hande beskerm teen sonbrand. Die moffies was so gemaak dat die punte van die vingers uitgesteek het.

Die Voortrekkers het die skoene van hul vroue en hulle kinders self gemaak. Die vroue se skoene is gemaak van dun bok- of skaapvel wat eers gelooi is en daarna op 'n klip geslaan is totdat die vel droog was. Hierdie bewerking is nodig om die vel sag te laat bly. Omdat die skoene sonder spykers was en die boleer met riempies aan die sool vasgewerk is, was die skoene dan ook bekend as riempieskoene.

Om die bruin gelooide leer swart te maak, het die eienares 'n stukkie geroeste yster 'n paar dae lank in asyn laat lê en dan die gelooide leer daarmee gesmeer na 'n rukkie was die skoen dan swart en het dit pragtig geblink. Alle vroueskoene was voorsien van lae hakke. Op trek was dit maklik om met die skoene te kon loop. In later jare het die vroue skoene by die smouse gekoop, maar hierdie skoene is altyd as minderwaardig beskou.


As kinders van die veld het hulle die voorkeur gegee aan 'n fyn, en netjies gemaakte riempieskoen en omdat hierdie skoene lig en sag was, was hulle ook nie gepla met liddorings en met misvormde voete nie.

'n Baie belangrike vraagstuk in verband met die vroue kleredrag uit die dae van die Voortrekkers is of hulle handsakkies gedra het. In verband hiermee word die volgende besonderhede onveranderd weergegee.[4]

"Dit staan vas dat sommige vroue wel handsakkies gedra het, soos by voorbeeld Debora, die dogter van Piet Retief. Sy het 'n klein handsakkie van krale gedra. van vier duim by twee duim, met 'n lang handvatsel of hingsel daaraan. Hierdie sakkie kan 'n mens vandag in die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg sien."

---

[4] *M. Basson, Ere Sekretaris, Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg. Die Burger 18.3.1938.*



*Manteltjies.*

[Voortrekker museum, P.M. Burg.]

"Afgesien van die klein sierlike handsakkies gemaak van krale of geborduur, het die Voortrekkervroue hulle nie bedien van die artikel waarsonder die hedendaagse vrou blykbaar nie kan klaarkom nie. Wel het die Voortrekker vroue sakkies geken gemaak van swart, bruin of gespikkelde fluweel om Bybel en gesangboek kerk toe te dra. Die handsakkies was egter so gemaak dat daar geen ruimte in was vir ander artikels as die genoemde boeke nie.

Behalwe die sakkies wat in die openbaar gebruik is, is ook in die huise sierlik en smaakvol gemaakte sakkies daarop nagehou. So bestaan daar keurig afgewerkte sakkies wat in die huise diens gedoen het om sakdoek, handwerk, ens. te bêre.

Onder die voorbeelde wat daarvan in die Voortrekker museum te sien is, is enkele met blomme in verskillende kleure uitgevoer. Dit is inderdaad 'n lus om dit te sien en te bewonder. Dit laat 'n mens amper 'n wanhoops kreet slaak dat die huidige gejaagde tyd die vroue nie meer so die geleentheid bied om dergelike kunswerk te beoefen nie".

In verband met sis troutabberds moet die omstandighede van daardie tyd in aanmerking geneem word. Paaie, brugge, dorpe, kerke ens. was daar nie en tot tyd en wyl die Zoeloes oorwin was, was die kakebeenwa die Voortrekker se enigste tuiste en woonplek.

In sulke omstandighede spreek dit vanself dat daar geen geleentheid was om 'n trou uitrusting of selfs deftige troutabberds te maak nie. Die troupaar moes dikwels dae ver met die wa ry om by 'n predikant en later 'n landdros te kom om hulle in die eg te verbind. Tyd vir seremonies was daar nie — die onbestendige lewe het dit net nie toegelaat nie.

'n Vraagstuk, en 'n ernstige een daarby, waarmee die Voortrekkervroue baie te kampe had, was die gebrek aan naalde. Naalde was ware weelde artikels en so skaars dat selfs eerw. Erasmus Smit in sy Dagboek daarvan melding maak.

"Vrydag 10 Aug. 1838. Schoonmoeder S. Maritz herstelde mijn gescheurde waterproefmantel; en brak haar laaste mooie naald er op."

In haar gedig ‚Spaarsaam" vertel Hilda Postma op humoristiese wyse hoe skaars naalde in die dae was:

"En naalde ! Ag, die naalde !
Dit het hul wat gekos,
Want daar op Trek sê Ouma,
Was naalde 'n weelde mos.

Hul werk totdat dit stomp is,
en, raai, dan slyp hul dit!
Dan werk hul weer, ja *waarlik*,
Tot net die *oog* nog sit!

## HOOFSTUK XX

## VOORTREKKERKAPPIES

"Ou kappie, ek gaan jou vir my mooi bewaar,
Met kruie wegpak, dat die mot jou moet spaar —
En as ek dood is, en weggelê —
En hulle kom regpak, kan hulle maar se:
— 'Hier's nog Grootjie se Kappie'!"
(Uit *Ouma se Kappie* — M.E.R.)


'n Versameling in die Voortrekkermuseum wat ook dadelik die aandag trek, is die Voortrekker kleredrag. Besondere pogings word steeds aangewend om hierdie afdeling aan te vul en te verbeter.

Die Voortrekkermoeders en hulle dogters was soos alle vroue besonder gesteld op mooi klere, en al was die kleredrag as gevolg van die swerwerslewe maar baie eenvoudig, het hulle altyd gesorg dat die stof wat hulle aan gekoop het, altyd die aantreklikste kleure, figuurtjies en patrone gehad het. Die stof, gewoonlik linne, chits, alpakka, tyk en baai, [1] wat hulle in die dae gedra het, was in alle opsigte baie sterker en meer duursaam as die van hedendaagse materiaal. 'n Ander stof deur hulle gebruik was bekend as "duivels sterk" ('n soort koordstof).

In die museum is daar o.a. kappies, rokke, onderbaadjies, kinderklere ens. wat vandag na 100 jaar nog sterk en bruikbaar is.

---

[1] *In Voortrekker argiefstukke adR/36/39 word melding van die volgende stowwe gemaak, nl. voerchitze, chitze, baay, tyk, linnebaay en nankienet. Ander materiaal vermeld is voersis, fluweel, merino en molvel.*



*Voortrekker kappies.*

[Voortrekker museum, P.M. Burg.]

'n Kledingstuk wat 'n baie belangrike plek beklee het in die Voortrekker samelewing en wat hier breedvoerig bespreek sal word, is die Voortrekker kappie, waarvan voorbeelde in die museum en elders te siene is en wat almal met die hand gemaak is.

Kappies is alleen as hoofbedekking in die ou dae gedra en selfs gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was kappies die algemene hoofbedekking in die konsentrasie kampe. Die Voortrekker moeders en hulle dogters het die kappies oral en altyd gedra. In ons beeldhoukuns is die sierlike kappie verewig vir ons nageslagte. Een van die hooffigure op die Nasionale Vrouemonument, Bloemfontein, kyk hoopvol oor die vlaktes heen en op haar hoof is 'n kappie — so eie aan ons volk.

Baie van die newe figure op hierdie wêreld beroemde kuns werk van Anton van Wouw het ook kappies op. 'n Ander hoofbedekking sou nooit hier pas nie — dit sou oneg en onnatuurlik wees en sou afbreuk doen aan die beelde. In sy bronsbeeldjie, die "Nooientjie van die Onderveld", tans die eiendom van die Oranje Vrouevereniging, het die volks kunstenaar Van Wouw die kappie nogeens verewig.

'n Afdruk van hierdie beeld het baie jare lank op die buiteblad van die tydskrif "Die Boervrou" gepryk met onderaan die woorde: "Ik sien haar win want haar naam is vrou en moeder" (J.F.E.C.).

As ons haar so besigtig, voel ons dadelik dat as gevolg van haar kappie, haar hele wese tipies Afrikaans is. Ons voel tuis in haar beskeie geselskap.

Die kappie, wat waarskynlik 'n produk van Europa is, het in ons land veranderinge ondergaan om aan te pas by ons landsomstandighede, veral met betrekking tot die klimaat. Juis as gevolg van hierdie aanpassinge dra die kappie 'n karakter van sy eie. Die kappie was uiters geskik vir Voortrekkervroue en hulle dogters wat op trek en lank daarna baie in die buitelug moes leef.

Die kappie is so gemaak dat dit die nek en die gesig van die draagster teen sonbrand beskerm het, en met al

die rond trekkery in alle soorte weer het die moeders en dogters altyd 'n mooi gelaatskleur behou. Die kappie is ook by kerkgeleenthede gedra.

Hulle is so pragtig en so kunstig afgewerk dat dit bepaald 'n eer moes gewees het om so 'n kappie te kon dra. Omdat alles met die hand gemaak moes word, het die maak van so 'n kappie soms maande in beslag geneem.


'n Voortrekker kappie bestaan, uit twee hoofdele, nl. die klein ronde stukkie agter en die voorste gedeelte wat die bol en die rand uitmaak. Aan die kappie van 'n dogter of 'n kind was 'n klein kort valletjie agter oor die nek en aan die van volwassenes 'n baie groter en breër val. Die kappie, wat van wit linne gemaak is, het bestaan uit drie lae materiaal opmekaar en deur genaai met die hand. Op die middelste laag het hulle 'n fyn koordjie, gedraai uit rafels, vasgewerk in die vorm van 'n patroon, wat hulle dan, nadat die boonste laag daarop gelê was, met die vingers gevolg en dwars deur die drie lae genaai het. Die koordjies het dan die patroon duidelik sigbaar gemaak en dit 'n verhewe effek gegee.

Die valle van die kappies was net so pragtig afgewerk, met plooitjies fyn en netjies gesoom. Voor op die foto is 'n tuisgemaakte outydse plooiplank te siene. Hierdie plooiplank bestaan uit 'n raamwerk van hout. Tussen die lengte van die twee langste sye is daar 'n opening, waartussen rietjies geskuiwe kan word. Die materiaal wat geplooi moet word, word tussen die rietjies heen en weer gevleg en dan opgeskuif en vasgebind. Die grootte van die plooi hang daarvan of hoe die rietjies opgestel word, of hoe die materiaal deurgevleg word, nl. tussen een of twee rietjies deur. Na 'n paar dae is die materiaal uitgehaal. Dit was dan pragtig geplooi.

Aan die rand van die kappie (aan die binnekant) is twee strikke vasgewerk, waarmee die kappie onder aan die kin vasgebind is, sodat dit nie kon afwaai nie.

Die bygaande tekening (A) is die van 'n Voortrekker kappie met 'n lang tuit agter en dit is bekend as 'n tuit kappie. Hierdie kappie is besonder geskik in streke waar

die weer warm is. Die gewone kappie wat vas agter op die kop pas, gee nie genoeg beskerming vir die hoof nie, behalwe as dit van dik materiaal gemaak is, en dan is dit ook weer te warm. Die lang tuit van agter, afgewerk met 'n klein ronde bolletjie, verskaf 'n lugruimte; om die ore staan dit weg wanneer dit los gedra word en die tuit van voor is soos 'n sambreel oor die gesig en dit gee 'n rustige ,skaduwee oor die oë.




*Algemene vorms van Voortrekkerkappies.*
[Voortrekkermuseum, P.M. Burg.]

Hierdie kappie is algemeen gedra deur die vroue gedurende die Groot Trek en lank daarna gedra. Wanneer 'n nooi die tuitkappie op had, het dit moeilik vir die jonk-


man gegaan om haar te soen, daar die tuit dan in sy pad was.

Omdat daar verskillende Trekgeselskappe bestaan het, is dit onwaarskynlik dat al die kappies volgens een patroon gemaak was. Volgens die kappies wat daar in die museum is, is dit duidelik dat daar meer as een model was. Deur sommige word die tuitkappie, hierbo beskryf, ook die Doppers kappie genoem. Volgens andere is die afbeelding B die regte voortrekker kappie, maar helderheid omtrent die saak bestaan daar nie. Hierdie kappie is gewoonlik van harde, stywe materiaal gemaak met flennie daarin en is fyn uit gestik. Die kraag of val was lank, gewoonlik tot op die skouers.

'n Ander kappie, wat veral deur jong dogters gedra is, was bekend as die polka  of skuifkappie (afbeelding C). Voor was daar gewoonlik 'n kantjie ingeryg. Hierdie kappie is in 'n halfrond gesny. Die ruimte word dan agter die nek deur 'n strokie ingehaal. Word die kappie van linne of sis gemaak, dan loop daar 'n geplooide strook oor die kop, en word dit van alpakka gemaak, dan word die strook skuins gesny en die kante fyn uitgepluis.

Baie van die kappies is met blommetjies of strepies uitgewerk. Om die strepe op die materiaal te maak, het hulle 'n lepelsteel gebruik, en vir die met blompatrone daarop, is die blomme uit papier geknip en dan volgens die patroon uitgewerk. Kappies met blompatrone daar op uitgewerk was bekend as blomkappies. Garedrade om tolletjies, soos vandag algemeen in gebruik, was in daardie dae onbekend. By gebrek aan gare het hulle die drade uit ou katoenkouse uitgetrek en daarmee is die kappie met behulp van 'n rygnaald gemaak. Gare is al van ouds her bekend, met die verskil dat dit nie uit so 'n verskeidenheid van kleure as tans bestaan het nie, maar dit was baie dikker en dit was baie sterker as die teenswoordige materiaal.

Behalwe die kappies waarvan hierbo 'n beskrywing gegee is en wat almal van wit materiaal (linne) gemaak was, is daar ook 'n kappie deur die smouse verkoop wat



*'n Deftige Voortrekkertuitkappie.Blomme opgestop met wit katoen en 'n dik naald.*

[Die Boerevrou Des. 1920.]

bekend was as 'n smouskappie. Hierdie kappie was van geblomde materiaal en die vroue het glad niks daarvan gehou nie.

Wanneer die wit linnekappie vuil was, is dit gewas en gestryk en die stryk van so 'n kappie het nogal baie vaardigheid vereis. Om dit goed en netjies te stryk, het die ou mense gebruik gemaak van 'n ronde houtblok. Die kappie is hieroor geplaas en gestryk om die nodige ronding vir die hoof te gee.

Die beskrywing van die kappie word afgesluit met die volgende passende vers:

"Onder 'n blousiskappie se tuit
straal twee sonne die weiveld uit —
blank die gelaat en blou die kroon,
Voortrekkertrots en aardse skoon;
goud is die dag en die veld alom
Voortrekkerdogter, my spraak verstom."

## HOOFSTUK XXI

## DIE VOORTREKKER SE WOONHUIS

'n Besonder boeiende studie in die verband met die Voortrekkerlewe is die verskillende soorte woonhuise wat deur die Voortrekkers gebou en bewoon is.

Op trek was die watent die woonhuis en huisaltaar. Tente is ook by die uit gespande waens opgeslaan om as huisvesting vir die kinders, en in die groter tente is kerkdienste gehou.

Die oudste besonderhede in verband met Voortrekker woonhuise kom voor in Louis Trichardt se Dagboek. In die dagboek word daar melding gemaak van die verskillende soorte huise waarin hulle korter of langer gewoon het. Volgens die dagboek kan ons duidelik drie vorms van huise onderskei, nl. die skerm, die hardbies huis en die rondawel.

Op 26 November 1836 skryf Trichardt as volg:

"Heef Pieta de dekgras gehaald en de scherm gedekt."

En die volgende dag:

,"Heef Pieta de vellen over de scherm getrokken."

Op 28 November:

"Heef Carolus houijd gaan haalen voor zijn en Doors zijn scherm."

Die skerms waarvan hier melding gemaak word, het alleen as tydelike beskutting gedien. Volgens sy verdere beskrywinge is die skerms ook gepleister. Dit is met gras gedek en verder met beesvelle bedek. Heel waarskynlik is die skerm in die vorm van 'n halwe sirkel gebou met 'n soort dak bo oor. Voor was die skerm oop, maar hier is dit saans seker met 'n paar velle toegemaak. Hierdie

skerms is seker ook net gebou op staanplekke waar hulle tydelik vertoef het om die vee 'n kans te gee om te wei en sterk te word.

Die volgende aanhaling is in verband met die hardbies huis.[1] Op 13 Maart 1837 skryf Trichardt as volg: "Heb Carolus gegaan om houijd te kappen voor de hard bees huizen die wij gewoonlijk maak bij die gelegen-heid."

In die beskrywing word verder melding gemaak van die maak van die gate vir die pale en dat die huise eers gelat is en toe met 'n laag gras gedek.

---

[1] *Die voorkeur word aan hierdie naam gegee omdat harde biesies (riete), wat veral in die vleie groei, gebruik is om die huis te dek. Die naam is deur klanknaboots-ing verander tot hartbeeshuis, wat 'n ook makliker uitspraak is as hardbies huis.*

*Die naam "hartbeesthuis" word onder andere deur die volgende reisigers genoem, nl. Lichtenstein (1803), Latrobe (1818) en Backhouse (1844) en die merkwaardigste in verband met hierdie huisie is dat dit destyds alleen aangetref en bekend was in die armer en verafgeleë dele van die Kaapkolonie van daardie dae nl. die Roggeveld en die Karoo. Baie veeboere was in die koue Roggeveld woonagtig, en het gedurende die wintermaande na die warmer streke in die Karoo getrek met hulle vee. Op hierdie lêplase (legplaatzen) het die meeste van hulle in "hartbeeshuise" gewoon. In die Westelike Provinsie is hierdie woonhuisies onbekend.*

*'n Ander moontlike verklaring in verband met die oorsprong van die naam is die volgende: Op een of ander plek bekend as Hartbeesfontein het 'n kolonis vir hom 'n eenvoudige huisie opgerig en dit na die plek vernoem tot "hartbeeshuis". Dieselfde verskynsel vind ons in die geval van die naam Kroonstad. "Dit dorp heet zoo naar de Kroondrift, waar het by ligt en deze naar een zekere paard Kroon genaamd, dat daar eenmaal een ongeluk gehad heeft. (Ned. Z.A. Tydschrift, Junie 1884, bld. 302.)*

---

Die hardbies huise waarvan in die dagboek melding gemaak word, was van 'n meer blywende aard as die van skerms en die Trichardt geselskap het hierdie huise op verskillende plekke gebou waar hulle langer as gewoonlik vertoef het.

Spoelstra in Ons Volkslewe gee die volgende besonderhede in verband met die hardbies huis:

"By die bou van die huis het hulle begin met die aftree van die mure en hulle het dan op die vier hoeke 'n merk gemaak. Tussen die merke het hulle dan eers 'n voortjie gemaak van ruim 'n halwe voet diep; en dan moes hulle gate grawe vir pale, al in die voortjie.

Eers het hulle op die vier hoeke gate gemaak van ongeveer drie voet diep en hier lang pale ingeplant. Dit was die vier hoekpale van die huis. Tussen die pale het hulle elke vier voet ander pale ingeplant langs albei die lang sye; alleen waar die deur moes kom. het hulle twee pale gesit wat so dig bymekaar gekom het as die deur wyd moes wees. Aan die smal kante waar die gewels van die huis sou wees, het die pale verder uitmekaar gekom. Was die pale almal goed styf ingeplant en vasgestamp, almal mooi in reguit rye, dan het hulle die pale van albei lang kante bo twee-twee na mekaar toe gebuie en dit dan aan mekaar vasgewoel met rieme. Was die bopunte slap genoeg, dan is hulle langs mekaar geplaas sodat nie een punt kon uitsteek nie; was die punte te styf om te buie, dan moes hulle oorkruis aan mekaar vasgewoel en die stukke wat uitgesteek het, afgesaag word.

As die pale so mooi vasgesit het, het hulle begin om op afstande van 'n voet of 'n voet en 'n half in die rondte om aan al die pale latte vas te woel, waar die dekgoed op kon rus.

Heel bo, waar die pale van weerskante aan mekaar gewoel was, het hulle 'n dik hout in die lengte in die hoek vasgebind om as die nok te dien.

Was die latte en die nok vasgebind, dan was die geraamte van die huis klaar. Van die bome het hier en daar stukkies oorgebly, waarvan nog hanebalkies kon

gemaak word, om so die boonste stukke van die pale stewiger te kry.

Om die pale bo na mekaar te kan buie, moes die muur van onder of 'n bietjie skeef kom, en nou was dit moeilik om die deur in so 'n hellende muur te maak. Hiervoor moes iets uitgedink word, en hulle het dit goed reggekry. Hulle het 'n tuitjie gemaak vir die deur. Waar die twee pale ingeplant was op die plek waar die deur moes kom, het hulle nog twee pale ingeplant, maar wat afgesaag was op die hoogte waar die deur se bokant sou wees; en die twee pale is toe mooi regop gesit, want die moes dien vir kosyne. Bo en aan albei kante het hulle die kosynpale weer met kort houte en met riempies vas gewoel aan die muurpale om mooi regop te laat staan."

Sodra die raamwerk klaar was, is 'n aanvang gemaak met die dek van die huis en hiervoor het die Trekkers gebruik gemaak van riete, matjiesgras en "ruigte". Die dekgras is met riempies vasgewoel. As alles klaar was, het die een vertrek huis daar baie netjies uitgesien.

Die derde vorm van woonhuis waarvan Trichardt melding maak, is die rondawel. Dit is sirkelvormig gebou. Die onderste gedeelte bestaande uit gevlegte latte met modder tussen in en buite en binne gepleister. Die kegel vormige dak is met gras gedek.

In verband met die Voortrekker woonhuis skryf F. Lion Cachet:[2]

"De oude Voortrekker bouwde zich, op de plaats waar hij zich vestigen wilde, gewoonlijk eerst een "hartebeest huis," een keet, van riet met klei gepleisterd, en byna enkel uit "dak" bestaande; of wel een "rondavel," in der vorm eener Kafferhut, doch met hoger muren, van graszoden opgetrokken, met klei gepleisterd, en soms van binnen met kalk of witte klei gewit. Zoowel "hartbeestbul" als ,rondav'lel werden meestal door een scherm of gordijn in slaapvertrek en woonkamer gescheiden; hadden dikwijls slechts eene, kleine opening in den muur

---

[2] *De Worstelstrijd der Transvalers, bl. 422.*

om als venster to dienen; een deur van riet, die slechts met een riempje gesloten werd, en geen stookplaats waaraan trouwens ook weinig behoefte was, daar men buiten koken kon. Er zijn Boeren, die jaren lang in zulk een eenvoudige woning gewoond hebben, het aan een jonger geslacht overlatende, om huizen to bouwen. Ook thans (±1880) nog is de "rondavel" van 15 tot 20 voet in doorsnede of het soms 30 tot 40 voet lange "hartebeesthuis", het gewone verblijf van den Boer, die een nieuwe plaats aanlegt, en voor zich en zijn huisgezin geen ander onderkomen heeft.

Of wel, men bouwt zich een huisje van graszoden, die, netjes op elkander gestapeld, en van binnen en buiten met klei gepleisterd, een steviger muur vormen dan gewone ongebrande bakstenen. Is er zeer goede kleigrond op de plaats, waar de men wil bouwen, dan worden de muren van het huisje ook wel "opgekleid", — nieuwe lagen klei worden op de reeds harde lagen geplaatst tot de muren hoog genoeg zijn voor het eenvoudige rieten of strooien dak. Is het woonhuisje klaar, dan zorgt de degelijke Boer eerst voor de nodige veekraalen, een stal voor de paarden, en een "wagenhuis," — dit laatste soms 50 of 60 voet lang, voor drie en meer ossenwagens. Het eigenlijke woonhuis wordt gebouwd van, op de plaats zelve vervaardigde ,"gebrande" of "rauwe" baksteenen, of ook wel van "klippen" — ruw bewerkte stukken graniet uit den bergwand gehouwen, of van zandsteen, dat op vele plaatsen wordt aangetroffen. Reizende metselaars trekken de hechtere gebouwen op, doch de meeste Transvalers weten hunne eerste, eenvoudige woning zelf te bouwen, — door eenige Kaffers, als handlangers geholpen, en terwijl misschien een naburige wagenmaker de deuren en vensters vervaardigt."

Interessant is Cachet se beskrywing van die meubilering van die woonhuis. Dit lui as volg :

"Het meubilair is, dikwijls, eenvoudiger nog dan de woning; men heeft het onmisbaar noodige, juist zooveel

als in tijd van nood, of als men trekken moet, op wagens kan geladen worden, en niet meer. Een vrij groote eettafel, en een kleiner tafeltje, in den hoek bij het venster, voor de vrouw des huizes; een "rustbank" met een "mat" of zitting van smalle strooken leder gevlochten, langs den muur bij de eettafel; een half dozijn stoelen, zelf gemaakt, van camdeboo of ander stinkhout, met zitting gelijk van de rustbank; een dito leuningstoel misschien voor den grijzen vader of grootvader des huizes; eenige "wagenkisten", waarin de beste kleeren, de kostbaarheden, en niet zelden heel wat contant geborgen zijn, en die, op reis den drijver, en in huis den jongeren leden van het gezin tot zitplaats dienen; een seraphine orgel misschien en een buffetje of kast — meestal ook wel in den muur gemetseld — voor het noodige aardewerk. Langs den wand: een rek voor de geweren, — van het groote "olifantsroer" of tot den fijn geëmailleerden achterlader van het laatste en beste model, waarvoor zeer hooge prijzen betaald worden. Op een ander rekje of rak in het breede vensterkozijn, vindt men gewoonlijk eenige boeken; psalm  en gezangboeken, wat stichtelijk lectuur en den Bijbel. Tapijten kent men weinig in Transvaal, schoon wel het "springbokmatje" van zacht bereide springbokvellen aan elkander genaaid op den vloer, of soms een kostbare karos van panthervel over de rustbank. Ook in de slaapkamer bepaalt zich het meubilair tot het nodigst. Tot de onmisbare dingen in het voorhuis, behoort de koffiekan op het tafeltje, waaraan de vrouw des huizes gezeten is, en die zelden ,,koud" is."

Die volgende aanhalings van Trekkers is besonder interessant omdat dit ons 'n goeie idee gee van die huise waarin hulle gewoon het. Johanna Smit, een van die vroue wat die Trek meegemaak het, deel die volgende besonderhede mee:[3]

"Die meeste mense het egter lange tyd in hul tente bly

**3** *Voortrekkermense IV (Preller), bl. 112.*

staan (d.i. op Welverdiend, die plaas van genl. Andries Pretorius, anderhalf uur te perd van Pietermaritzburg). Ons en die trek van die Generaal het *hutte* gebou en die omgewe met 'n sooimuur. Een van die mure het nog om geval op my, sodat my regterbeen afgebreek het bokant my knie."

Die hutte waarvan daar hier melding gemaak word, het ongetwyfeld die vorm aangeneem van die bekende kaffer strooise, terwyl die sooimuur rondom ook gedien het as 'n soort van beskerming teen die aanvalle van die Zoeloes.

Carl Behrens, 'n Duitser wat 'n dagboek aan gehou het in verband met sy wedervaringe in Natal, veral met betrekking tot die gevegte by Kongela en die Punt, gee die volgende besonderhede in verband in verband met die hut waarin hy en twee van sy maats gewoon het. Die vertaling is uit die Duits, geskryf op 26 Junie 1840. [4] Dit lui as volg:

"Ons hut waar ons drie gewoon het, was omtrent 16 voet lank en 8 voet breed, van riet gebou en die buite en binnekant met klei gepleister [letterlik: klei daarop ge-gooi, verder het dit een deur en twee klein kykgate; in die een is 'n hoededoos gedruk en voor die ander een hang 'n stuk linne. Die deur self was niks meer as 'n houtraam waaraan dik riete vasgebind was. 'n Paar rieme neem die plek van die skarniere, 'n ander riem met 'n gaatjie word oor 'n spyker getrek om die deur aan die binnekant toe te maak, van buite word dit deur middel van 'n hangslot en 'n kinketting gesluit. Die deur laat genoeg daglig deur om lees en skryf moontlik te maak en om te laat sien wat buitekant voorval. Die toerusting binne is ook nie veel beter nie; tafels en stoele het ons nie, daarvoor dien koffers en kassies wat boonop nog met teekommetjies en dergelike dinge belaai is. 'n Paar hang planke dra verskillende kleinighede soos die seep, tandeborsels, kamme ens. Aan die muur hang buiten

---

[4] *Voortrekkermense V (Preller), bls. 58-59.*

ons kledingstukke, drie jaggewere, vyf pistole, twee jag messe, kruithorings en ander dinge. Ons matras word bedags in 'n doek gepak en saans weer op 'n strooimat uitgesprei."

Interessant is ook die besonderhede in verband met die woonhuise soos vertel deur Lourens C. de Klerk [5] wat die Groot Trek as kind meegemaak het. O.a. vertel hy dat die manne naderhand begin moeg word het vir die swerwende treklewe en die ongeriewe daaraan verbonde. Hulle het verlang om huise te kon bou en landerye te bewerk. Die eerste huise, na die moorde by Blauw- en Moordspruit, is gebou van sooimure met 'n riet of grasdak daarop. Hierdie een vertrek huise was langwerpig vierkant. Sodra toestande rustiger was, het hulle die sooimuur huise vervang met hardbies huise, meestal sonder binnevertrekke. Die slaapvertrek is afgeskort met 'n gordyn. Hierdie huise kom baie ooreen met die hardbies huis soos reeds beskryf.

Seker een van die interessantste (hoewel onvolledige) beskrywings wat ons het in verband met Voortrekker huise, is die van Vader Montanha 'n Portugese priester, deur die Goewerneur van Inhambane na die Voortrekkers in Soutpansberg afgevaardig om onderhandelinge oor 'n handelstraktaat aan te knoop. Hy het vir 'n jaar (1855) onder die Voortrekkers vertoef en by sy terugkeer 'n besonder boeiende verslag oor sy sending opgestel. In 'n bylaag tot sy verslag lui die Afrikaanse vertaling van die huisbeskrywing as volg.[6] Die beskrywing het betrekking op Schoemansdal se huise [7]:

"Die huise is erendeels klein, laag en onaansienlik; party het strooidakke, party het mure van dagha, ander

---

[5] *Voortrekkermense I (Preller), bls. 226-237.*

[6] *Uittreksel uit die Afrikaanse vertaling van die verslag van vader Montanha, bl. 103.*

[7] *Die Voortrekkers het hulle in 1848 in die Soutpansberg gevestig en in 1856 was daar 260 gesinne met 'n ledetal van sowat 1800.*

van hout en dagha, en die meer moderne is van baksteen; in party van die huise is daar geen binnemure nie en alleen die plek, waar die bed staan, word met 'n gordyn afgesluit; in sommige van die huise is daar glas in die vensters en almal wat nuwe huise bou, laat glasruite in die vensters sit en laat beter huise bou met binnemure en mooi vensters; amper al die vensters gaan na buite toe oop, maar die deur na binne, in party van die huise vir arm mense, of ek weet nie waarvoor hulle, hulle gebruik nie, is daar net gate in die mure in plaas van vensters en so klein dat ternouernood die kop van 'n mens deurheen kan, sodat dit meer lyk op plekke vir duiwe om in en uit te gaan, en party van daardie gate het geen luike nie, maar hulle maak dit van binne toe met 'n sak.

Ek het opgemerk dat in party van hierdie klein huise daar vier of vyf vertrekke is waarin twee, drie of vier getroude partjies met hul kinders woon, en in andere is daar talryke gesinne en afskeidings van gordyne en niks anders nie, en in andere is dit net die slaapkamer van die hoof van die gesin wat met mure toegemaak is."

Volgens bostaande is dit duidelik dat daar verskillende soorte huise in die dorpie Schoemansdal gebou is, nl. die mure van dagha, hout en dagha, en baksteen.

Aangesien hy melding daarvan maak dat die huise laag is, kan ons aanneem dat almal platdakke had. Duidelik is ook sy beskrywing van huise met en sonder vensters.

Tydens sy besoek aan Transvaal in 1851 het J. Stuart, skrywer van *De Hollandsche Afrikanen*, ook besoek by genl. Andries Pretorius afgelê. Oor die huise, skryf hy as volg:

"Bij gebrek aan planken en ander gezaagd timmer en werkhout, zijn de woningen op de plaatsen meestal in eenen armoedigen toestand en is schier overal dring-

ende behoefte aan de noodigste meubelen, gelijk tafels, stoelen enz.

Den Kommandant generaal Pretorius vond ik, tot mijne verbazing, in een huisje van klei, verdeeld in drie kleine vertrekken, zonder zoldering. Zijne papieren staken tussen de stijlen en gebindten van het dak. Hij was daarbij een vermogend man: maar zeide mij nog geen lust gehad te hebben, om een goed huis te doen bouwen, zoolang hij de vrijheid en de onafhankelijkheid van land en volk nog niet behaald had.


In 1853 had hij evenwel, door geene kosten te ontzien, Engelsche ambachtslieden in gebruik te nemen en gezaagd hout van Natal te ontbieden, een groot en fraai gebouw laten zetten."

'n Baie interessante huis waarin Voortrekkers in Groenland (Kranskop, Natal) jare lank gewoon het, is bekend as 'n kapsteilhuis. Ongeveer 1875 was daar nog van hierdie eienaardige huise te sien, maar met verloop van tyd is hulle vervang deur klip en baksteenhuise. Of hierdie kapsteilhuise deur Voortrekkers op ander plekke ook gebou is, is onbekend. Die kapsteilhuis is in alle opsigte 'n groter en stewiger huis as die hardbieshuis.

Dit is van 20 tot 30 voet lank, so tien tot twaalf voet wyd en agt tot nege voet hoog. Van buiteaf beskou lyk die vorm van die huis presies soos die kapdak van 'n moderne huis.

Die lang pale waarvan die kap gemaak word, word bo twee-twee aanmekaar vasgehou deur houtpenne wat bo in geboorde gate ingeslaan word. Sodra die kap voltooi is, word latte in die dwarste met rieme vasgewoel en bo kom die hanebalke om die kap stewig te hou.


Behalwe die hanebalke en die dwarslatte is die kap ook verder versterk deur aan die twee sye en die twee gewels latte in die skuinste vas te woel. Hierdie latte was bekend as *windlatte* en is aangebring om die huis beter bestand te maak teen sterk winde en vandaar die naam.




*Prentjie tekening van Kapsteilhuis.*
HB - *Hanebalk*, WL - *Windlat*, KB - *Kapbalk*
D - *Deur*, DW - *Dwarslat.*

Vir dekgoed is gebruik gemaak van dekgras, riete of "ruigte" (Erianthus capensis; Zoeloe : Umtala). Ruigte se stingels is sonder litte en in die vleie groei hierdie behaarde gras ongeveer 3 1/2 tot 4 voet hoog.

Om so 'n kapsteilhuis netjies te dek, is 'n moeilike werk en alleen geoefende hande kon dit doen. Die gras is aan die dwarslatte vasgebind met dun riempies of selfs sterk bastoue van inheemse boomsoorte. Sodra die dekwerk klaar is, word sand gemeng met beesmis bo-oor die vors gesmeer om te verhoed dat reën water kan indring. In latere jare toe koolteer in die handel gekom het, is oor die pleisterwerk koolteer gesmeer om dit waterdig te maak. Aan die kant waar een gewel is, is ruimte gelaat vir 'n deur en in die ander gewel was daar 'n venster. Die deur het bestaan uit 'n bo en onderdeur. Daar was gewoonlik drie vertrekke, wat afgeskort was met gordyne.




*Vooropstand van Kapsteilhuis*
DG - *Dekgras*, HB - *Hanebalk*, KP - *Kapbalk*, BD - *Bodeur*, OD - *Onderdeur*, MM - *Modder of Steenmuur.*

Weerskante, aan die binnekant, is oor die hele lengte van die huis 'n sooimuur gepak tot teen die kap. Hierdie muurtjie was so ongeveer drie voet hoog. Om die mure netjies te laat uitsien, is hulle gepleister met sand en beesmis, as alles klaar was, het die kamer soos 'n lang breë gang gelyk.

Vir die grondvloer is gebruik gemaak van miershope, wat die vloer hard en doeltreffend gemaak het. In vroeër jare is die vloere met beesmis gesmeer, maar in latere jare is hulle blink gevryf met lynolie. Vir 'n kombuis is aan die buitekant, 'n paar treë van die kapsteilhuis, 'n soort skerm gebou en hierin is die kos gekook. Die bygaande tekeninge met byskrifte verduidelik al bostaande besonderhede.

'n Ander soort huis waaroor iets gesê moet word, is die moddermuur huisie. [8] Prof. dr. Kestell se ouma het in 'n moddermuur huisie op Pietermaritzburg gewoon. Hierdie huisie is vir meer as vyftig jaar deur die gesin bewoon en het wind en weer getrotseer. As daar in aanmerking geneem word dat die huis van modder gebou was, is sy stewigheid merkwaardig. Die huis het bestaan uit drie kamers nl. 'n slaapkamer 'n voorkamer en 'n eetkamer. Die voorkamer had 'n buitedeur en een venster, die slaapkamer een venster, en die eetkamer 'n venster en buitedeur. Later is nog 'n ander kamer aangebou. Die kombuis met 'n buitekamer was 'n heel afsonderlike gebou.

Elke kamer was ongeveer dertien by dertien voet in grote en die kap was met gras gedek. Vir die fondament is daar gebruik gemaak van leiklippe en toe is 'n daar 'n 18 duim breë muur van modder oor die hele fondament gegooi. Sodra die modderlaag amper droog was, is die tweede laag opgegooi en so is aangehou totdat die mure hoog genoeg was. Aan die binne en die buitekant is die mure netjies afgepleister.

---

[8] *Volgens prof. dr. J. D. Kestell.*

Die merkwaardigste van hierdie modderhuis is dat dit so lank gebruik is, sonder om uitmekaar te val. Oorspronklik is dit gebou as 'n noodhulp huis en naderhand het dit 'n permanente huis geword!

Om die modder goed te laat saampak, is dit ingesuur, d.w.s. 'n paar Kaffers het vir ure lank die modder met hul voete gebrei (getrap).

Alle Voortrekkerhuise van klip of steen gebou, het volgens die Hugenote styl solders gehad, en hierop is die sakke met graan, rieme ens. gebêre. Selfs met hierdie swaar gewig bo-op die solder het die mure nie gebars nie, hoewel die fondamente van leiklip en modder gemaak was.

In die distrik van Philippolis (Oranje Vrystaat) is nog 'n moddermuur waenhuis te sien wat meer as sewentig jaar gelede gebou is. Die mure is ongeveer agttien duim dik en dit is so stewig dat die gebou vandag nog gebruik word.

Om hierdie huise binne en buite uit te pleister, is gebruik gemaak van kalk. Naby Greytown, Natal, is 'n woonhuis wat deur 'n Voortrekker in 1854 met kalk gepleister is, en die pleister hou vandag nog. Die pleister werk word so hard dat dit haas onmoontlik is om dit af te krap. Om hierdie hardheid te verkry, het die Voortrekker messelaars die kalk agt dae lank ingesuur en wel as volg: Die kalk word met sand gemeng (een kalk en drie sand) en met water aangemaak. Elke dag word dit deeglik omgeroer met 'n graaf en die agtste dag eers daarmee gepleister. Word dit voor die tyd gebruik, dan is die pleistering nie hard genoeg nie.

## HOOFSTUK XXII

## DIE PANDA KLIPPE

Voor, buitekant in 'n hoek langs die ou Voortrekkerkerkie staan 'n groot klip ingeplant en daarteen leun 'n kleiner plat klip. Hierdie klippe is bekend as die Panda klippe. Duisende besoekers aan die museum het seker al hierdie klippe besigtig sonder om bewus te wees wat hulle eintlik voorstel. Om die Panda klippe te verstaan, is dit nodig om kortliks die geskiedenis te vertel wat aan die Swart Umfolozi afgespeel is gedurende die dae van die Republiek Natalia. Na die slag by Bloedrivier op 16 Desember 1838 was Dingaan nog 'n mag met wie die Voortrekkers rekening moes hou. Gedurende die winter van 1839 het Dingaan vriendelike boodskappe aan die Voortrekkers gestuur, asook 300 perde wat hy op verskillende tye van hulle buit gemaak het. Al hierdie vriendelikheid het hulle nie aangestaan nie. Geleer deur dure ondervinding, het hulle geweet met watter listige vyand hulle te doene het. Van Dingaan se boodskappers het erken dat hul hoofdoel was om die Voortrekkers te bespied en vas te stel of hulle in laers was of nie. Dingaan het net op 'n geskikte geleentheid gewag om die Voortrekkers onverwags te oorrompel en te vermoor.

Terwyl Dingaan sy kans afgewag het, het die helfte van sy volgelinge hom verlaat, en as gevolg van hierdie onverwagte wending het die Voortrekkers 'n bondgenoot ryker geword. In Dingaan se koninklike huis was daar nie alleen onenigheid nie, maar ook bittere ontevredenheid. Dingaan se krygsmanne was sat van al die bloedvergieting en wreedhede. Sy hoofde moes gedurig op die



*Die Pandaklippe.*
[Voortrekker museum, P.M. Burg.]

grond kruip wanneer hulle hom oor een of ander saak wou nader. Sy woord en gesag was wet. Een van hierdie ontevredenes was Dingaan se broer Panda.

Panda is verdink en om die noodlottige gevolge vry te spring, het hy met duisende volgelinge oor die Tugela gevlug en Natal binnegedring. Aan die suidelike oewer van die Tugela rivier het die vlugtendes tot stilstand gekom. Paulus van Gass [1] vertel verder as volg : "Panda met 'n gedeelte volk wenste met ons in bondgenootschap te treden, maar *voorzichtigheid* moest gebruik worden. En Panda werd gezegd, indien hij deelnam tot het uitroeien van Dingaan en hij zijn plicht getrouw deed met hem, dan en als alles verricht is, zou finaal onderhandel worden. En alles zou afhangen hoe hij hom gedroeg."

Na die onderhoud tussen Panda en 'n Voortrekkerdeputasie is 'n ooreenkoms getref dat Panda die Voortrekkers sou help om Dingaan se mag vir goed te breek en vir sy dienste sou hy erken word as die koning van die Zoeloes.

In 1840, nadat die Engelse Natal verlaat het, het twee magte opgeruk teen Dingaan. Onder bevel van kmdt. genl. Andries Pretorius het 'n Voortrekkerkommando oor die Biggarsberg en oor die Buffelsrivier Zoeloeland binnegetrek. Om verraad te voorkom, het Panda en drie van sy indoenas saam met die Voortrekkers gereis.

Panda se kommando is op 'n sekere afstand van die Voortrekkers gehou en alles is so ingerig dat Panda se manskappe eerste in aanraking met die vyand sou kom. Op hierdie wyse sou die Voortrekkers Panda se getrouheid op die proef kon stel. Panda se impi het eerste met Dingaan se strydmagte in botsing gekom. "Ik verzeker u, (Van Gass) dat het van beiden kanten zo woedend toeging, en dat zij tegen elkander vechten met so 'n gedetermineerdheid als de Zoeloes deed toen zij ons lager op de morgen aan Bloedrivier aanviel. En toen, volkomen tevreden zijnde dat 't nu wezenlik van de kant van Panda

---

[1] *Voortrekkermense I (Preller), bl. 55-62.*

oprecht gemeend was, zo werd toen orders van onze kommandant gegeven tot stormen, hetwelk ook dadelik ten uitvoer werd gebracht."

Na 'n bloedige en hewige geveg is Dingaan se impi verslaan en die oorblywendes het oor die Pongola rivier gevlug. Dingaan het na Swaziland gevlug en daar is hy om die lewe gebring.

Dingaan se mag was nou totaal gebreek. Panda het veertigduisend beeste aan die Voortrekkers geskenk. Op 14 Februarie 1840 in die laer by die Swart Umfolozi het die Voortrekker kommandant die grondgebied van die Umsimvubu rivier tot aan die Swart Umfolozi en van die Drakensberge tot aan die see geannekseer namens die Volksraad van die Republiek Natalia. Panda is benoem tot koning van die Zoeloes in die land wat die Voortrekkers as hul eie beskou het. Om die vredes verbond te bekragtig, is daar twee klippe in die kamp opgerig en hulle was bekend as die Panda klippe. Vandag is hierdie klippe in veilige bewaring op die terrein van die Voortrekkerkerkie.

# BIBLIOGRAFIE


Afrikaanse Gedigte (1876 -1906), Paarl Drukpers Maatskappy Bpk.
Alexander: Narration of a Campaign in Kaffirland (1835)
Barter: Zes maanden in Natal (1853)
Bird, J.: Annals of Natal (1495 -1845)
Bird, J.: The Voortrekkers on Trek (1912)
Barrow J: Travels in Southern Africa (1797)
Burchell: Travels in the Interior of Africa (1822)
Bunbury: Journal of a Residence at the Cape of Good Hope (1848)
Boshoff, S. P. E.: Volk en Taal van Suid Afrika
Bybels: (1) Statebybels (2) De Kleine Print Bijbel (1792)
Bergh Olof: Joernale van die Landtogte van O. Bergh (1682 - 83)
Barnard lady Anne: South Africa a Century Ago (1796 - 1801)
Cachet, F. Lion: De Worstelstrijd der Transvalers (1883)
Cachet. F. Lion: Vijftien Jaar in Zuid Afrika (1860 - 1875)
Chapman: Travels in the Interior of South Africa (1868)
Chase: The Natal Papers (1843)
Celliers, J. F. E.: Gedigte
Cory, G.: The Rise of South Africa
Cloete, H : The Great Boer Trek (1899)
de Lima, J. Suasso: De Taal der Kapenaren (1844)
Dominicus, F. C.: Het Huiselik en Maatschappelik Leven van de Zuid Afrikaner (1919)
du Toit, J. D. (Totius). Digwerke
du Toit. S. J.: Zambesia of Salomo's Goudmijnen Bezocht (1894)
du Toit, S. J.: Suid Afrikaanse Volkspoësie.
Dreyer, A : Die Kaapse Kerk en die Groot Trek
Gerdener, G. B. A.: Sarel Cilliers (1919)
Gerdener, G. B. A.: Die Kerk in die Transgariep

Godee Molsbergen, E. C.: Zuid Afrika in Beeld
Godee Molsbergen, E. C.: Reizen in Zuid Afrika, I en II
Groenewald, C. F.: Rympies en Raaisels (1919)
Genootskap van Regte Afrikaners: Die Geskiedenis van ons Land (1877)
Hellenbroek: Belijdenis des Geloofs
Hesseling, D. C.: Het Afrikaansch
Hofstede: Geschiedenis van den Oranje Vrijstaat (1876)
'n Hollander: Toen en Thans (1898)
Holden: History of the Colony of Natal (1855)
Joubert, H. H.: Verse o'er Piet Retief en Andere Gedigte (1911)
Kestell, J. D.: Zes Voorlezingen (1893)
Kestell, J. D.: Die Voortrekkers
Kolbe, Peter: De Kaap de Goede Hoop (1727)
Keurmede: Woordenboek der Nederlandsche Taal
Latrobe, C. I.: A Journal of a visit to South Africa (1821)
Leipoldt, C. L.: Dingaansdag en ander Gedigte
Lyster, Lynn: Voortrekkers Liederen (Engels) (1912)
le Vaillant F.: Reizen in Zuid Afrika (1870 - 85)
Lichtenstein, H.: Reizen in het Zuidelijk Gedeelte van Afrika (1803 - 1806) (vertaal deur W. Goede)
Lichtenstein, H.: Travels in Southern Africa (1803 -1806)
Lauts, V. G.: De Landverhuizers (1855)
Lodenstein: Uitspanningen (1870)
Malan, J. H.: Die Opkoms van 'n Republiek
Malan, J. H.: Boer en Barbaar
Malherbe, D. F.: Spreekwoorde en Verwante Vorme
Muller, H. P. N.: Oude Tijden in den Oranje Vrijstaat
Moodie, D. C.: History of the Battles etc. in South Africa, Vol. I and 11 (1888)
Moodie, J. W. D.: Ten Years in South Africa, Vol. I and II (1835)
Maeder, G. A.: Uit die Oue en Nuwe Afrikaanse Doos
Notule: Krijgsraad Basoeto oorlog (1865 66)
Nel, W. P.: 'n Bladzij uit de Geschiedenis van de Voortrekkers (1914)
van Niekerk, L : Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging

Olland, F. H.: Bladen uit de Memoires van Petrus B. Borcherds
Preller, G. S.: Voortrekkermense I - VI
Preller, G. S.: Voortrekker Wetgewing
Preller, G. S.: Dagboek van Louis Trichardt
Preller, G. S.: Piet Retief
Preller, G. S.: Andries Pretorius
Pettman, C.: Place Names in the O.F.S.
Pienaar, E. C.: Digters uit Suid Afrika.
Russell: Natal, the Land and its Story (1893)
Rompel-Koopman, L.: In het Land van Piet Retief
Stuart, J. De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek (1854)
Sluyters.: Buiten Eensaemhuys - somer en winter leven (1716)
Steenecamp, Anna: Uit dagen van Strijd (1843)
Schoon. H. F.: Dagboek van Erasmus Smit (1897)
Spoelstra, B.: Uit ons Volkslewe.
Spoelstra, C.: Het Kerkelik en Godsdienstig Leven der Boeren van den Grooten Trek (1915)
Stoett, F. A.: Spreekwoorden
Schonken, F. T.: De Oorsprong der Kaaps Hollandse Volksoverleveringen
van der Post, C. W. H.: Piet Uys
van der Post, C. W. H.: Ignaas Prinsloo
van der Post: C. W. H.: David Malan
van der Walt, A. J.: Noordwaarts
van Duyl, A. C.: Een Afrikaander (1883)
van Alphen, H: Kleine Gedichten voor Kinderen (1821)
von Wielligh, G. R.: Ons Geselstaal
Voortrekker Argiefstukke - Staatsdrukkery, Pretoria (1937)
van Riebeek, J.: Dagverhaal
Voortrekkermuseum Souvenir 1912
Voortrekkerkerk - Katalogus 1912
Voortrekkerkerkje - Opening (Brosjure 1912)
Voortrekkermuseumbrosjures 1935 en 1937

Voigt: Fifty Years of the History of the Republic in South Africa. Vols. I and II (1795 - 1845)
Walker, E. A.: The Great Trek
van Dale: Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal

*Tydskrifte, Koerante. Pamflette ens.*

Afrikaanse Almanak 1877 - 1890
Die Brandwag 1910 - 1922
Die Huisgenoot 1916
De Kondschapper - Natal 1908 - 1911
Elpis 1857 - 79
De Bode, Kerkelik Tijdschrift - Natal 1914 - 1915
De Goode Hoop 1903 - 1928
Ons Tydskrif 1896 - 1900
Die Nuwe Brandwag 1929 1933
Tydskrif vir Wetenskap en Kuns
De Tijd 1862 - 1870
Ons Klyntji 1896 - 1906
The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette 1852 - 70
The Express and Orange Free State Advertiser 1877-1890
Orange Free State Monthly Magazine 1877 - 1880
Ons Moedertaal 1916
Di Afrikaanse Patriot: Eerste Jaargang (1876)
Ned. Z.A. Tijdschrift 1824 - 45
Offisiële Jaarboek van die Unie (1934 35)
Werda 1913 - 14
Die Boerevrou
Die Burger
Die Volkstem
Die Volksblad

Behalwe bostaande is 'n grondige studie gemaak van die inhoud van die Voortrekkermuseum; Pietermaritzburg. Vir baie besonderhede is ek dank verskuldig aan Voortrekkerkinders in Natal en elders.

Aan prof. dr. J. D. Kestell is ek besondere dank verskuldig vir baie besonderhede - sonder sy onmisbare hulp en raad sou heelwat agterweë gebly het.